'n Ondersoek na die invloed van die belewenisse van maatskaplike werkers op die implementering van die statutêre verwyderingsproses

E Basson

23280352

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister* in *Maatskaplike Werk* aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Mev J Avenant

Oktober 2013

Dit begin alles hier ™

NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VERKLARING

Hiermee verklaar ek dat die verhandeling wat vir die graad Magister in maatskaplike werk aan die Noordwes-Universiteit deur my ingedien word, my eie werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit ingedien is nie.

E Basson

05. 10. 2013

Elzanne Basson

Datum

23280352

VERKLARING VAN TAALVERSORGER

Hiermee verklaar ek dat ek die redigering van die verhandeling, *'n Ondersoek na die invloed van die belewenisse van maatskaplike werkers op die implementering van die statutêre verwyderingsproses* deur Elzanne Basson vir die graad Magister in Maatskaplike Werk, behartig het.

Ek is 'n onafhanklike vryskut redigeerder en vertaler.

Mari Grobler

Nagraadse Diploma in Vertaling & Redigering [Universiteit Stellenbosch, 2009]

072 9292 036

Oktober 2013



DANKBETUIGINGS

Alle eer en dank aan my Hemelse Vader wie my tot die maatskaplike werk professie geroep het en sonder wie se genade, liefde en leiding ek tot niks in staat is nie.

Graag wil ek die volgende persone ter harte bedank vir hulle hulp en ondersteuning:

My studieleier, Jana Avenant, vir haar deurlopende belangstelling, ondersteuning en leiding gedurende hierdie studie. My kollegas en bestuurder by Badisa Trio Kraaifontein, wat my die geleentheid gebied het om die studie te onderneem en my deurlopend aangemoedig en ondersteun het. My ouers, Willem en Petro, vir hulle volgehoue bemoediging en ondersteuning. My familie en vriende vir al die belangstelling en woorde van bemoediging. Mari Grobler vir die taal- en tegniese versorging van die verslag. Chantell Venter vir haar bereidwilligheid om as eksterne kodeerder op tree vir die studie. Al die deelnemers aan die studie, wat ten spyte van hulle besige skedules bereid was om deel te neem aan die studie.

OPSOMMING

Statutêre maatskaplike werk is 'n metode van intervensie in maatskaplike werk, wat verskeie emosionele en fisiese eise aan maatskaplike werkers stel. Maatskaplike werkers gee uitvoering aan die implementering van die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005) deur middel van die statutêre verwyderingsproses en is die primêre fasiliteerders van hierdie proses. Die doel van die statutêre verwyderingsproses is om kinders teen mishandeling, verwaarlosing en uitbuiting deur hulle ouers of versorgers te beskerm.

Alhoewel daar reeds navorsing gedoen is oor maatskaplike werkers se belewenisse van die statutêre verwyderingsproses, was hierdie studies tot Amerika en Engeland beperk. Die doel van hierdie navorsing studie was om maatskaplike werkers se belewenisse van die statutêre verwyderingsproses in Suid-Afrika te ondersoek, ten einde te bepaal wat die invloed van hierdie belewenisse op die implementering van die statutêre verwyderingsproses is.

Hierdie navorsingstudie is kwalitatief van aard en het 'n fenomenologiese strategie gevolg ten einde maatskaplike werkers se belewenisse van die statutêre verwyderingsproses te ondersoek. Die navorser het gebruik gemaak van 'n nie-waarskynlikheidsteekproef deur middel van doelgerigte steekproefneming om deelnemers vir die studie te selekteer. Ongestruktureerde onderhoudvoering het met 26 maatskaplike werkers geskied wat direk by die statutêre verwydering van kinders betrokke is. Onderhoude is gevoer tot 'n versadigingspunt in die studie bereik is. Die onderhoude is vir die doeleinde van data-analise getranskribeer, waarna bepaalde temas en subtemas geïdentifiseer is. Die temas en subtemas is hierna aan die hand van bestaande literatuur gekontroleer. Gevolgtrekkings en aanbevelings is na aanleiding hiervan gemaak.

SLEUTELTERME

Maatskaplike werkers

Belewenis

Statutêre maatskaplike werk

Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005)

SUMMARY

Statutory social work is a mode of intervention within social work which poses many emotional and physical challenges to social workers. Social workers execute the implementing of the Children's Act (Act 38 of 2005) through the statutory removal process and they are the primary facilitators of this process. The goal of the statutory removal process is to protect children from abuse, neglect and exploitation by their biological parents or carers.

Although research has been done previously about the experiences of social workers with regards to the statutory removal process, the research was limited to studies in America and England. The goal of this study was to explore the experiences of social workers concerning the statutory removal process in South Africa in order to determine what the influences of these experiences were on the implementation of the statutory removal process.

The research study is a qualitative study and a phenomenological strategy was followed to determine the social workers' experiences of the statutory removal process. The researcher made use of non-probability sampling through purposeful sampling to select participants for the study. Unstructured interviews were conducted with 26 social workers who are directly involved with the statutory removal of children. Interviewing took place until a saturation point was reached in the study. All interviews were transcribed for the purpose of data-analyses, after which themes and sub-themes were identified. The themes and sub-themes were verified against existing literature, after which conclusions and recommendations were made.

KEY TERMS

Social workers

Experience

Statutory social work

Children's Act (Act 38 of 2005)

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: 'N ORIËNTERING VAN DIE NAVORSINGSTUDIE

1.1 INLEIDING 1

1.2 RASIONAAL VAN DIE STUDIE 1

1.3 PROBLEEMSTELLING 4

1.4 NAVORSINGSVRAAG 4

1.5 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE NAVORSINGSTUDIE 5

1.5.1 Doelstelling 5

1.5.2 Doelwitte 5

1.6. NAVORSINGSMETODOLOGIE 5

1.6.1 Navorsingsontwerp, strategie en metodes 5

1.6.2 Steekproefneming 6

1.6.2.1 Populasie 6

1.6.2.2 Steekproefnemingmetodes 7

1.6.2.3 Steekproefgrootte 7

1.6.3 Data-insameling 7

1.6.3.1 Metodes van data-insameling 8

1.6.3.2 Veldnotas 8

1.6.4 Data-analise 9

1.6.5 Vertrouenswaardigheid van die navorsingstudie 10

1.7 ETIESE ASPEKTE 10

1.8 BEGRIPSVERHELDERING 11

1.8.1 Maatskaplike werkers 11

1.8.2 Belewenis 12

1.8.3 Statutêre verwyderingsproses 12

1.8.4 Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005) 13

1.9 HOOFSTUKINDELING 13

1.10 SAMEVATTING 14

HOOFSTUK 2: 'N TEORETIESE PARADIGMA EN LITRATUUROORSIG VAN STATUTÊRE MAATSKAPLIKE WERK EN DIE STATUTÊRE VERWYDERINGSPROSES

2.1	INLEIDING	16
2.2	ONTWIKKELINGSGERIGTE BENADERING TOT MAATSKAPLIKE WERK	16
2.3	DIE EKOLOGIESE SISTEEMPERSPEKTIEF IN MAATSKAPLIKE WERK	19
2.4	DIE VELDTEORIE BINNE DIE GESTALT TERAPEUTIESE BENADERING	22
2.5	DIE STATUTERE VERWYDERINGSPROSES BINNE MAATSKAPLIKE WERK	25
2.5.1	Die verwydering van kinders wat sorg en beskerming benodig	29
2.5.2	Verloop van die kinderhofproses	31
2.5.3	Die plasing van kinders na afloop van die kinderhofondersoek	31
2.6	SAMEVATTING	33

HOOFSTUK 3: NAVORSINGSMETODOLOGIE

3.1 INLEIDING 35

3.2 NAVORSINGSPROSEDURES EN WERKWYSE 35

3.2.1 Analisering van die probleem en beplanning van die navorsing 37

3.2.2 Literatuurstudie 40

3.2.3 Navorsingsontwerp 41

3.2.4 Omskrywing van steekproefneming 42

3.2.4.1 Universum en Populasie 42

3.2.4.2 Metode van steekproefneming 43

3.2.4.3 Steekproefgrootte 43

3.2.5 Biografiese data van deelnemers aan die studie 44

3.2.6 Etiese aspekte 48

3.2.6.1 Vrywillige deelname aan en ontrekking van die studie 48

3.2.6.2 Ingeligte toestemming 48

3.2.6.3 Vertroulikheid en anonimiteit 49

3.2.6.4 Potensiële risiko vir deelnemers 49

3.2.6.5 Bevoegdheid van navorser 50

3.2.7 Metode van data-insameling 50

3.2.8 Data-analise 51

3.3 VERTROUENSWAARDIGHEID VAN DIE STUDIE 52

3.3.1 Geloofwaardigheid 52

3.3.2 Oordraagbaarheid 53

3.3.3 Betroubaarheid 53

3.3.4 Bevestigbaarheid 53

3.4 SAMEVATTING 54

HOOFSTUK 4: BESPREKING VAN EMPIRIESE DATA: DIE INVLOED VAN DIE BELEWENISSE VAN MAATSKAPLIKE WERKERS OP DIE IMPLEMENTERING VAN DIE STATUTÊRE VERWYDERINGSPROSES

4.1 INLEIDING 55

4.2 BEVINDINGE VAN DIE EMPIRIESE STUDIE 55

4.3 TEMA 1: DIE MAATSKAPLIKE WERKERS SE BELEWENIS VAN DIE STATUTÊRE VERWYDERING VAN KINDERS 57

4.4 TEMA 2: DIE MAATSKAPLIKE WERKERS SE BELEWENIS VAN DIE KINDERWET 64

4.5 TEMA 3: DIE MAATSKAPLIKE WERKERS SE BELEWENIS VAN KINDERHOFONDERSOEKE 67

4.6 TEMA 4: DIE MAATSKAPLIKE WERKERS SE BELEWENIS VAN BESKIKBARE HULPBRONNE TYDENS DIE STATUTÊRE VERWYDERINGSPROSES 79

4.7 TEMA 5: DIE MAATSKAPLIKE WERKERS SE BELEWENIS VAN SUPERVISIE TYDENS DIE STATUTÊRE VERWYDERINGSPROSES 83

4.8 SAMEVATTING 87

HOOFSTUK 5: GEVOLGTEKKINGS EN AANBEVELINGS VAN DIE NAVORSINGSTUDIE

5.1 INLEIDING 88

5.2 BEREIKING VAN DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE 88

5.3 OORSIG VAN DIE NAVORSINGSPROSES 89

5.4 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 90

5.4.1 Die maatskaplike werkers se belewenis van die statutêre verwydering van kinders 91

5.4.1.1 Aanbevelings 92

5.4.2 Die maatskaplike werkers se belewenis van die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005) 93

5.4.2.1 Aanbevelings 94

5.4.3 Die maatskaplike werkers se belewenis van kinderhofondersoeke 94

5.4.3.1 Aanbevelings 95

5.4.4 Die maatskaplike werkers se belewenis van beskikbare Hulpbronne tydens die statutêre verwyderingsproses 96

5.4.4.1 Aanbevelings 96

5.4.5 Die maatskaplike werkers se belewenis van supervisie tydens die statutêre verwyderingsproses 96

5.4.5.1 Aanbevelings 97

5.5 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE 97

5.6 BYDRAES VAN DIE STUDIE 97

5.7 SAMEVATTING 98

BRONNELYS 99

LYS VAN BYLAES

Bylae A: Toestemming van maatskaplike werkorganisasies 111

Bylae B: Inligtingstuk vir deelnemers aan die studie 114

Bylae C: Voorbeeld van toestemmingsvorm vir deelnemers 115

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1: Fokus areas in die veldteorie 23

Tabel 2.5.1: Omstandighede en situasies waar kinders moontlik sorg en beskerming kan benodig 28

Tabel 3.1 Fases en stappe van die kwalitatiewe navorsingsproses 36

Tabel 3.2. Biografiese data van deelnemers aan die studie 44

Tabel 4.1: Beskrywing van temas en subtemas van navorsing-studie 56

Tabel 4.3.1: Subtema 1: Die maatskaplike werkers se belewenis van die statutêre verwydering van kinders 58

Tabel 4.3.2: Subtema 2: Die maatskaplike werkers se belewenis van persoonlike veiligheid tydens die statutêre verwydering van kinders 61

Tabel 4.4.1: Implementering en interpretering van die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005) 64

Tabel 4.5.1: Tydperk vir voltooiing van die kinderhofondersoeke 67

Tabel 4.5.2: Hoë werkslading tydens kinderhofondersoeke 70

Tabel 4.5.3: Intervensie met biologiese ouers tydens kinderhofondersoeke 73

Tabel 4.5.4: Skryf van kinderhofverslae 75

Tabel 4.6.1: Die statutêre maatskaplike werkers se belewenis van kinderhofverrigtinge 77

Tabel 4.7.1 Die statutêre maatskaplike werkers se belewenis van beskikbare hulpbronne tydens die

statutêre verwyderingsproses 79

Tabel 4.7.1: Die maatskaplike werkers se belewenis van supervisie tydens die statutêre verwyderingsproses 83

HOOFSTUK 1

'N ORIËNTERING VAN DIE NAVORSINGSTUDIE

1.1 INLEIDING

Die navorsingstudie fokus op die belewenisse van maatskaplike werkers ten opsigte van die statutêre verwyderingsproses en hoe hierdie belewenisse die implementering daarvan beïnvloed. Vir die doel van die studie verwys die woord maatskaplike werkers, slegs na maatskaplike werkers wat by die statutêre verwyderingsproses betrokke is.

Maatskaplike werkers in Suid-Afrika word dikwels met omstandighede soos hoë werksladings en beperkte hulpbronne gekonfronteer. Volgens Beckett (2007:201) kan hierdie tipe werksomstandighede 'n invloed op die response en besluite hê wat deur maatskaplike werkers geneem word wanneer sake van kindermishandeling ondersoek word. Maatskaplike werkers in die veld van statutêre verwydering staar ook baie ander uitdagings in die gesig, soos byvoorbeeld 'n tekort aan hulpbronne vir die plasing van kinders in alternatiewe sorg, onvoldoende supervisie, beperkte opleidingsgeleenthede en beleef hulle gevolglik dikwels hulle beroepe as buitengewoon uitputtend (Chahal & Coleman, 2003:178-179; Richter, *et al.*, 2004:453).

Indien maatskaplike werkers nie ondersteuning ontvang ten opsigte van die emosionele eise wat tydens die statutêre verwyderingsproses aan hulle gestel word nie, kan dit tot 'n afname in die gehalte van werk lei, die vermyding om bewerings van mishandeling of beweerde mishandeling te ondersoek, asook tot weerstandige maatskaplike werk praktyke (Waters, 1992:33). Hierdie weerstandige praktyke kan kinders en families faal, eerder as beskerm (Chahal & Coleman, 2003:180).

1.2 RASIONAAL VAN DIE STUDIE

Volgens Maree en Van der Westhuizen (2009:14) het die rasionaal van 'n navorsingstudie ten doel om aan te dui waarom die navorser belangstelling in 'n bepaalde onderwerp toon. Die rasionaal omskryf ook waarom die navorser die studie as noodsaaklik ag (Bui, 2009:86). Statutêre maatskaplike werk is 'n

metode van intervensie wat poog om die funksionering van individue, families en gemeenskappe te verbeter deur die toepassing van administratiewe prosedures wat voorgeskryf word deur 'n geskrewe wet (New Dictionary of Social Work, 1995:62). Statutêre maatskaplike werk is 'n metode van intervensie vir kinder- en familiewelsyndienste in Suid-Afrika (Loffell in Dawes, *et al.*, 2007:297). Maatskaplike werkers in die veld van statutêre werk is die primêre fasiliteerders van die statutêre verwyderingsproses en verleen aan die hof bystand in die proses van statutêre kinderverwydering (De Villiers, 2008:18).

Die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005:104-110) voorsien aan maatskaplike werkers riglyne vir die statutêre verwydering van kinders wanneer dit in die beste belang van die kinders se veiligheid en welstand is. 'n Kinderhofondersoek vind plaas na afloop van die statutêre verwydering van die kind of kinders. Gedurende hierdie fase van verwydering is dit die taak van maatskaplike werkers om 'n deeglike ondersoek na die beweringe van mishandeling of verwaarlosing wat ontvang is, te doen. Na afloop van die kinderhofondersoek moet maatskaplike werkers die versamelde inligting aan die Voorsittende Beampte by die kinderhof voorlê ten einde die persoon te oortuig van die belangrikheid van die verwydering van die kinders vanuit die omstandighede waar hulle mishandel of verwaarloos is (De Villiers, 2008:18).

Dienslewering en besluitneming vorm dus 'n onvermydelike deel van maatskaplike werkers se veld van kundigheid, wat direk aan kinders se welstand en welsyn in hulle omgewing gekoppel kan word. Maatskaplike werkers word ten opsigte van dienslewering aan kliënte deur die Veldteorie in die Gestalt terapeutiese benadering (Yontef, 1993), die Ekologiese Sisteemperspektief (Bronfenbrenner, 1979) en die Ontwikkelingsgerigte Benadering in maatskaplike werk ondersteun om kinders en gesinne se funksionering te verstaan (Gray,1998).

Maatskaplike werkers is tydens die statutêre verwyderingsproses deel van die kinders se omgewing en moet gevolglik bewus wees van hulle invloed op die kinders se lewe. Maatskaplike ontwikkeling fokus veral op die gemeenskap as 'n geheel en prioriteit word aan die lewering van maatskaplike dienste aan die mees kwesbaarste individue verleen. Maatskaplike ontwikkeling sluit dus aan by

die Gestaltterapeutiese benadering se neiging tot holisme, wat aanvoer dat mense inherent selfregulerend is, en dat persone en hulle behoeftes nie afsonderlik van hul omgewing verstaan kan word nie (Gorsini & Wedding, 2005:300; Gray, 1997:212). Die Gestaltterapeutiese benadering, veral meer spesifiek die Veldteorie, die Ekologiese sisteemperspektief en die Ontwikkelingsgerigte benadering in maatskaplike werk, vorm die paradigma vir die studie.

Kindermishandeling kan gevoelens van hartseer, woede en magteloosheid in maatskaplike werkers opwek en dit is belangrik dat hulle die emosionele invloed daarvan op hulleself sal herken. Volgens Butler en Roberts (1997:139) kan maatskaplike werkers se dienslewering en besluitneming beïnvloed word deur die ontkenning van hierdie gevoelens en kan dit moontlik inmeng met die werk wat hulle verrig en hulle oordeelsvermoë kan ook daaronder lei (Howe, 2008:180-181; Knott & Scragg, 2007:37). Maatskaplike werkers kan dus dikwels ontmagtig voel ten opsigte van vaardighede en beperkte besluitneming (Trotter, 2004:10).

Uit die navorser se eie ervaring as maatskaplike werker, is daar waargeneem dat maatskaplike werkers soms moedeloos of ontmagtig voel ten opsigte van die implementering van die statutêre verwyderingsproses, vanweë faktore soos hoë werksladings en beperkte hulpbronne. Maatskaplike werkers se belewing van hierdie faktore kan moontlik daartoe lei dat hulle die implementering van die verwyderingsproses vermy of nie 'n deeglike ondersoek na die beweringe wat ontvang is doen nie, ten koste van die kinders wat teen die mishandeling of verwaarlosing beskerm moet word.

Alhoewel daar verskeie studies beskikbaar is wat die belewenisse van maatskaplike werkers rakende die statutêre verwyderingsproses beskryf, is daar beperkte studies binne die Suid-Afrikaanse konteks gedoen wat aandui watter invloed maatskaplike werkers se belewenisse op die implementering van die proses het. Beskikbare studies is meestal beperk tot Amerika en Engeland (Chahal & Coleman, 2003; Richter, *et al.*, 2004; Trotter, 2004). Die navorsingstudie maak dus 'n belangrike bydrae tot die veld van statutêre maatskaplike werk in Suid Afrika deur vas te stel wat die invloed van

maatskaplike werkers se belewenisse van die verwyderingsproses op die implementering van die proses, is.

1.3 PROBLEEMSTELLING

Volgens Babbie en Mouton (2001:73) begin alle navorsing met die identifisering van 'n goed geformuleerde navorsingsprobleem. Die navorser moet tydens die probleemformulering die fokus van die studie afbaken en die spesifieke probleem wat nagevors gaan word, duidelik omskryf (Fouché & Delport, 2011:108). Die navorsingsprobleem vir die studie kan deur middel van die verduideliking van die rasionaal soos volg omskryf word:

In die Suid-Afrikaanse welsynkonteks is daar beperkte kennis oor maatskaplike werkers se belewenisse van die statutêre verwyderingsproses en die moontlike invloed van hierdie belewenisse op die implementering van die verwyderingsproses beskikbaar. Die navorsingsprobleem is dus dat dit onbekend is hoé maatskaplike werkers in Suid-Afrika die proses van statutêre verwydering beleef en hoe hulle belewenisse die implementering van hierdie proses beïnvloed. Indien die invloed van maatskaplike werkers se belewenisse op die implementering van die verwyderingsproses bepaal word, kan maatskaplike werk organisasies moontlike ondersteuningsprogramme vir maatskaplike werkers daarvolgens beplan om sodoende die effektiewe implementering van die verwyderingsproses te verseker.

1.4 NAVORINGSVRAAG

Alle navorsingstudies vereis 'n vraag waardeur die studie gelei gaan word en word deur die geïdentifiseerde navorsingsprobleem gevorm (Corbin & Strauss, 2008:24). Volgens Fouché en De Vos (2011:90) bepaal die navorsingvraag grootliks die wyse waarop die navorser die res van die navorsingsproses uitvoer en bied dit leiding aan die navorser oor die keuse van die navorsingsmetodologie, metode van data-analisering en gevolgtrekkings.

Die navorsingsvraag vir die studie word soos volg omskryf:

Watter invloed het die belewenisse van maatskaplike werkers op die implementering van die statutêre verwyderingsproses?

1.5 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE NAVORSINGSTUDIE

Volgens Fouché en De Vos (2011:94) verwys die doelstelling na: " ... the broader, more abstract conception of something which you plan to do or achieve". Doelwitte verwys na die stappe wat die navorser binne 'n bepaalde tydraamwerk volg ten einde die doelstelling te bereik (Fouché & De Vos, 2011:94).

Die volgende doelstelling en doelwitte is vir die studie geïdentifiseer:

1.5.1 Doelstelling

Die doelstelling van die studie is om maatskaplike werkers se belewenisse van die statutêre verwyderingsproses binne die Suid-Afrikaanse konteks te verken en te beskryf ten einde te bepaal wat die invloed van hierdie belewenisse op die implementering van die statutêre verwyderingsproses is.

1.5.2 Doelwitte

- Die belewenisse van maatskaplike werkers rakende die statutêre verwyderingsproses te verken en beskryf.
- Die invloed wat die belewenisse van maatskaplike werkers op die implementering van die statutêre verwyderingsproses te verken en te beskryf.

1.6 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die navorsingsmetodologie wat in hierdie studie gevolg is, sal vervolgens bespreek word. Daar sal eers 'n oorsig van die navorsingsontwerp en strategie wat tydens die studie benut is, gegee word waarna die steekproefnemingsmetode en die werkswyse wat gevolg is om data in te samel en te analiseer kortliks bespreek sal word. Die navorsingsmetodologie sal breedvoerig in Hoofstuk 3 bespreek word.

1.6.1 Navorsingsontwerp, strategie en metodes

Volgens Maree en Van der Westhuizen (2009:21) kan navorsers 'n kwalitatiewe of kwantitatiewe benadering of 'n gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe

benadering tot navorsing tydens navorsingstudies benut. Kwalitatiewe navorsing is natuurlik holisties en induktief van aard en poog om verskynsels in 'n natuurlike omgewing as 'n geheel te bestudeer (Durrheim, 2002:43). Die kwalitatiewe benadering is veral geskik om persone se belewenisse van hulle omgewings en die betekenis wat hulle aan hierdie belewenisse heg, te bestudeer (Royse, 2008:271).

Die navorser het 'n kwalitatiewe navorsingstrategie geselekteer, aangesien die navorser 'n holistiese beeld van maatskaplike werkers se belewenisse van die statutêre verwyderingsproses wil ontwikkel, om sodoende die invloed van hierdie belewenisse op die implementering van die verwyderingsproses te ondersoek. Volgens Creswell (2009:175) fokus navorsers tydens die kwalitatiewe navorsingsproses daarop om die betekenis wat persone aan bepaalde vraagstukke heg, te bepaal en is navorsers die instrument waarmee data ingesamel word (Creswell, 2009:175).

Vir die doeleindes van die studie het die navorser 'n fenomenologiese navorsingsontwerp gevolg om die belewenisse van maatskaplike werkers rakende die statutêre verwyderingsproses te ondersoek en te beskryf. Volgens Maree en Van der Westhuizen (2009:25) fokus 'n fenomenologiese studie op die ervarings van deelnemers en beskryf dit die daaglikse belewenisse van deelnemers (Creswell, 2007:57). Alhoewel daar verskeie ander navorsingsontwerpe bestaan, was die fenomenologiese navorsingsontwerp die mees geskikste vir hierdie studie, aangesien daar deur middel van die fenomenologiese navorsingsontwerp ondersoek ingestel kon word na maatskaplike werkers se belewenisse en ervaringe van die statutêre verwyderingsproses.

1.6.2 Steekproefneming

Die populasie waaruit die steekproef vir hierdie studie geneem is, asook die metode en grootte van die steekproef, sal in hierdie gedeelte oorsigtelik bespreek word.

1.6.2.1 Populasie

Die term, populasie, is 'n kollektiewe term wat die hoeveelheid en verskynsel wat bestudeer word, beskryf (Cargan, 2007:236). Die populasie wat die studie afbaken (Babbie, 2010:1999), bestaan uit geregistreerde maatskaplike werkers binne die geografiese area van die Kaapse Skiereiland en Boland. Die maatskaplike werkers is werksaam by die Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging (ACVV), Badisa, Kinder- en Gesinsorgvereniging en die Departement Maatskaplike Ontwikkeling en is verantwoordelik vir die statutêre verwydering van kinders.

1.6.2.2 Steekproefnemingmetodes

'n Steekproef verwys na die persone, gebeure of gedrag, wat navorsers tydens navorsingstudies wil bestudeer (Durrheim, 2002:44) en behels die proses waardeur 'n aantal individuele verskynsels van 'n groter populasie geselekteer word (Adler & Clark, 2011:100). Doelgerigte steekproefneming vanuit 'n nie-waarskynlikheidseleksie (Alston & Bowles, 2003:89) is benut vir die selektering van maatskaplike werkers as steekproef vanuit die Departement Maatskaplike Ontwikkeling en nie-regeringswelsynorganisasies.

'n Nie-waarskynlike steekproefneming het die navorser toegelaat om die steekproef te selekteer na aanleiding van die aard van die navorsingsprobleem of verskynsel wat bestudeer is (Marlow & Boone, 2011:140). Volgens Babbie en Mouton (2001:166) is dit toepaslik vir navorsers om self die steekproef te selekteer op grond van die navorsers se kennis ten opsigte van die populasie, populasie elemente en die aard van die navorsingsdoelwitte. Die navorser het maatskaplike werkers wat direk betrokke is by die statutêre verwydering van kinders, as steekproef vir die studie geselekteer.

1.6.2.3 Steekproefgrootte

Die steekproefgrootte (Alston & Bowles, 2003:90-92) is deur die hoeveelheid beskikbare maatskaplike werkers in die Kaapse Skiereiland bepaal wat vir die statutêre verwydering van kinders verantwoordelik is. Die navorser het doelgerigte steekproefneming gebruik, aangesien die grootte van die populasie

in die Kaapse Skiereiland onbekend was. Data is ingesamel en het voortgeduur tot versadiging in die studie bereik is (Corbin & Strauss, 2008:148). Volgens Pitney en Parker (2009:44) bereik navorsers versadiging in 'n studie wanneer die navorsers nie enige verdere nuwe inligting bekom nie of herhaaldelik dieselfde inligting ontvang.

1.6.3 Data-insameling

In kwalitatiewe navorsing is daar verskillende metodes van data-insameling, soos byvoorbeeld onderhoudvoering, waarneming en die benutting van persoonlike dokumente en veldnotas wat aangewend kan word om die navorsingsvraag te beantwoord (Babbie & Mouton, 2001:310; Leedy & Ormrod 2010:145). Die metodes van data-insameling wat tydens die studie benut is, sal vervolgens oorsigtelik bespreek word.

1.6.3.1 Metodes van data-insameling

Data-insameling het deur middel van ongestruktureerde onderhoudvoering geskied. Onderhoudvoering in kwalitatiewe navorsing word as die algemeenste wyse van data-insameling beskou en word as 'n sosiale verhouding wat ontwerp is vir die uitruil van inligting tussen die deelnemers en die navorser beskryf (Greeff, 2011:342). Deur die volgende vrae aan die deelnemers te stel, naamlik "Kan jy my vertel hoe beleef jy die statutêre verwyderingsproses?" en "Kan jy my vertel hoe dink jy beïnvloed jou belewenis van die statutêre verwyderingsproses, die implementering van die proses?", het deelnemers die geleentheid gekry om hulle gevoelens, opinies, persepsies en ervarings van die afgebakende probleem binne die ongestruktureerde onderhoud te deel (Alston & Bowles, 2003:116).

Onderhoudvoering het by die organisasie waar die deelnemers werksaam is plaasgevind en elke onderhoud het ongeveer een uur geduur. Alle onderhoude is deur die navorser op 'n digitale bandopnemer opgeneem met toestemming en die navorser het ook veldnotas gemaak.

1.6.3.2 Veldnotas

Veldnotas is 'n geskrewe weergawe van wat navorsers tydens onderhoudvoering observeer en beleef (Greeff, 2011:359). Die navorser het gedurende

onderhoudvoering met die deelnemers veldnotas gemaak van wat die navorser beleef het ten opsigte van die deelnemers.

1.6.4 Data-analise

Data-analisering is die proses waardeur orde, struktuur en betekenis aan die ingesamelde data gegee word en behels die vermindering van groot hoeveelhede data wat ontleed moet word, die identifisering van belangrike temas en die konseptualisering van 'n raamwerk waardeur die essensie van die data gekommunikeer word (Schurink, *et al.*, 2011:397). Volgens Patton (2002:432) word ingesamelde data tydens kwalitatiewe data-analisering verwerk tot die bevindinge van die studie.

Die navorser het gedurende die studie van Creswell (2009:185-190) se stappe vir data-ontleding gebruik gemaak. Hierdie model van stappe word as interaktief beskou en help die navorser om sin te maak van die ingesamelde inligting (Creswell, 2009:185). Die stappe wat deur die navorser gevolg is sal ook verder bespreek word in hoofstuk 3 en is soos volg:

Stap 1: Die organisering en voorbereiding van data vir die doel van ontleding

Stap 2: Die lees van data ten einde 'n algemene mening oor die data te bekom

Stap 3: Die analisering van data deur die proses van kodering

Stap 4: Die identifisering van temas en kategorieë

Stap 5: Die beskrywing van temas en subtemas

Stap 6: Die interpretering van data en die weergee van die lesse wat tydens die studie geleer is.

Die navorser het deur middel van bogenoemde stappe die data ontleed en georganiseer in temas, sowel as subtemas. Die geïdentifiseerde temas en subtemas is aan die hand van die paradigmatiese perspektief met literatuur gekontroleer.

1.6.5 Vertrouenswaardigheid van die navorsingstudie

Kwalitatiewe vertrouenswaardigheid behels dat navorsers die akkuraatheid van die bevindinge van studies nagaan deur die toepassing van bepaalde vertrouenswaardigheidprosedures. Die navorser het tydens die studie van Lincon en Cuba (in Schurink, *et al.*, 2011:419-421) se kriteria gebruik gemaak om vertrouenswaardigheid van data tydens die studie te verseker, naamlik geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, betroubaarheid en bevestigbaarheid. Die kriteria vir vertrouenswaardigheid sal breedvoerig in Hoofstuk 3 bespreek word.

1.7 ETIESE ASPEKTE

Die etiese aspekte wat tydens die navorsingstudie gevolg is, sal vervolgens oorsigtelik bespreek word. Die etiese aspekte sal breedvoerig in Hoofstuk 3 bespreek word.

Die navorser het met die aanvang van die studie toestemming by die bestuurders van die onderskeie organisasies, asook by die Departement van Maatskaplike ontwikkeling verkry, dat maatskaplike werkers wat daar werksaam is, mag deelneem aan die studie. Deelname aan die navorsingstudie het vrywillig geskied en met die aanvang van die studie is die nodige skriftelike toestemming van die betrokke deelnemers verkry vir deelname tot die studie. Volgens Babbie (2007:64) moet deelnemers nie geforseer word om deel te neem nie en moet deelname vrywillig geskied. Yegidis en Weinbach (2009:37) noem dat toestemming tot die studie vereis dat daar 'n geskrewe ooreenkoms tot deelname is.

Vertroulikheid in die navorsingstudie is gehandhaaf deur nié deelnemers se inligting tydens of na afloop van die studie bekend te maak nie. Volgens Alston en Bowles (2003:21) beteken vertroulikheid dat die inligting wat aan die navorser deur die deelnemers gegee word, nie aan ander bekend gemaak sal word nie, behalwe wanneer die bevindinge van die studie in die navorsingsverslag bekend gemaak word. Die inligting mag ook nie vir enige ander doeleindes as vir die studie benut word nie. Anonimiteit is in die studie gehandhaaf deur nie enige persoonlike inligting van deelnemers bekend te maak nie. Die navorser het van kodes gebruik gemaak om deelnemers van mekaar te onderskei.

Data is elektronies bewaar en slegs die navorser en haar supervisor het toegang tot die data. Die data wat op die digitale bandopnemer opgeneem is, word veilig by die Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies bewaar. Die navorser het toegang tot hierdie opnames en sal hierdie opnames nie voor 'n periode van vyf jaar vernietig nie.

1.8 BEGRIPSVERHELDERING

Die volgende begrippe word deurlopend in die studie gebruik en dit is dus noodsaaklik dat hierdie begrippe omskryf word sodat 'n duidelike begrip daaroor verkry kan word.

1.8.1 Maatskaplike werkers

Maatskaplike werkers verwys na gekwalifiseerde persone wat oor 'n graad in maatskaplike werk beskik en by 'n professionele raad vir maatskaplike werkers (Wet op Maatskaplike en Geassosieerde Werkers, Wet 110 of 1978) geregistreer is. Maatskaplike werk behels die lewering van 'n professionele diens deur 'n maatskaplike werker, wat gerig is op die bevordering van die maatskaplike funksionering van mense (New Dictionary of Social Work, 1995:40).

Die maatskaplike werk professie bevorder maatskaplike verandering, probleemoplossing in menslike verhoudings en die bemagtiging van persone ten einde hul welwees te bevorder (Dominelli, 2009:10). Volgens die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe (2012), word die omvang van die praktyk waarvolgens maatskaplike werkers in Suid-Afrika dienste lewer asvolg beskryf :

Gevallewerk:

Die metode in maatskaplike werk, behels dat die maatskaplike werker direk met individue en gesinne werk. Dit behels dat die maatskaplike werker die kliënt uitbring by geskikte hulpbronne in die gemeenskap.

Groepwerk:

Hierdie metode behels dat 'n klein groep mense met 'n gedeelde probleem of belangstelling, gereeld bymekaar kom, om aan 'n gesamentlike doel of doelstellings te werk.

Gemeenskapswerk:

Die metode behels dat maatskaplike werkers verskillende benaderings en strategieë in gemeenskapswerk aanwend om die gemeenskap te organiseer en te ontwikkel.

Maatskaplike werk bestuur:

Hierdie metode in maatskaplike werk word aangewend om die organisatoriese doelstellings en doelwitte van die organisasie te bereik, om sodoende die welwees van personeel in die organisasie te verseker.

Maatskaplike navorsing:

Die metode behels dat daar 'n wetenskaplike ondersoek na 'n maatskaplike probleem gedoen word ten einde 'n bydrae tot die kennisbasis van maatskaplike werk te maak (Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe).

1.8.2 Belewenis

Belewenis verwys na 'n gebeurtenis wat 'n persoon beleef of om iets te ondervind (Luther, 2009:54). Belewenis in die konteks van die studie verwys spesifiek na maatskaplike werkers se gevoelens en ervaring van die statutêre verwyderingsproses. Belewenis in die studie is nie gemoeid met maatskaplike werkers se opinie van die statutêre verwyderingsproses nie, maar fokus op hul emosionele belewenis van die statutêre verwydering van kinders.

1.8.3 Statutêre verwyderingsproses

Die statutêre verwyderingsproses verwys na die proses wat deur maatskaplike werkers gevolg word wanneer kinders sorg en beskerming benodig (Kinderwet, nr. 38 van 2005:150-160) Slegs maatskaplike werkers werksaam by kinderbeskermingsorganisasies kan uitvoering aan die statutêre verwyderingsproses gee deur middel van die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005). Die statutêre verwyderingsproses vereis dat maatskaplike werkers oor praktiese ervaring beskik om die proses uit te voer.

1.8.4 Kinderwet (Kinderwet, Wet 38 van 2005)

Die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005), bekragtig die uitvoering van die regte van kinders, soos omvat in die Grondwet van Suid-Afrika. Die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005) maak vir die volgende voorsiening rakende die sorg en beskerming van kinders:

- Die voorsiening van riglyne ten opsigte van die sorg en beskerming van kinders;
- Die omskrywing van ouerlike regte en verantwoordelikhede;
- Die voorsiening van kinderhowe;
- Die voorsiening van alternatiewe sorg vir kinders;
- Die voorsiening van pleegsorg;
- Die voorsiening van kinder- en jeugsorgsentrums (Kinderwet, nr. 38 van 2005:1).

Maatskaplike werkers se intervensie met kinders en families word deur die Kinderwet bepaal en dit is dus nodig vir die studie dat daar spesifiek na die Kinderwet verwys word.

1.9 HOOFSTUKINDELING

Die indeling van die verskeie hoofstukke in die navorsingsverslag, kan soos volg uiteengesit word:

Hoofstuk 1: 'n Oriëntering van die navorsingstudie

Hierdie hoofstuk omskryf die inleiding tot die navorsingstudie en bied 'n kort oorsig oor die rasionaal en probleemformulering van die navorsingstudie, die navorsingsvraag, doelstellings en die doelwitte van die studie. Die hoofstuk bevat ook 'n begripsverheldering en bespreek die navorsingsontwerp en metodes kortliks, asook die navorsingsprosedures en werkwyse wat tydens die studie gevolg is. Etiese aspekte wat tydens die studie oorweeg is, word ook kortliks bespreek.

Hoofstuk 2: 'n Teoretiese paradigma en literatuuroorsig van statutêre maatskaplike werk en die statutêre verwyderingsproses

Die hoofstuk omskryf die teoretiese paradigma van die navorsingstudie. Die Ontwikkelingsgerigte benadering, die Ekologiese sisteemperspektief in maatskaplike werk, asook die Veldteorie binne die Gestaltterapeutiese benadering word bespreek. Die taak van die maatskaplike werker tydens die statutêre verwyderingsproses word breedvoerig bespreek.

Hoofstuk 3: Navorsingsmetodologie

In hierdie hoofstuk word die navorsingmetodologie omskryf. Die navorser beskryf die navorsingsontwerp van die studie, die navorsingsprosedures en werkswyses, asook die metode van data-insameling en data-analise.

Hoofstuk 4: Bespreking van empiriese data: Die invloed van die belewenisse van maatskaplike werkers op die implementering van die statutêre verwyderingsproses

Hierdie hoofstuk omskryf die data wat tydens die studie ingesamel is. Die navorser identifiseer bepaalde temas en subtemas binne die hoofstuk en kontroleer dit aan die hand van bestaande literatuur.

Hoofstuk 5: Gevolgtrekkings en aanbevelings van navorsingstudie

In hierdie hoofstuk word die gevolgtrekkings en aanbevelings van die navorsingstudie bespreek.

1.10 SAMEVATTING

Die statutêre verwyderingsproses het ten doel om kinders deur middel van die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005) teen mishandeling en verwaarlosing te beskerm. Die omvang van statutêre maatskaplike werk is van só 'n aard dat daar daagliks emosionele eise aan maatskaplike werkers gestel word. Deur die bestudering van maatskaplike werkers se belewenisse van die statutêre verwyderingsproses kan die moontlike invloed wat hierdie belewenisse op die implementering van hierdie proses bepaal word. Die studie poog om hierdeur 'n

waardevolle bydra tot die veld van statutêre maatskaplike werk in Suid Afrika te lewer.

In die volgende hoofstuk sal die teoretiese paradigma van die navorsingstudie breedvoerig bespreek word aan die hand van die Ontwikkelingsgerigte benadering, die Ekologiese sisteemperspektief in maatskaplike werk, asook die Veldteorie binne die Gestaltterapeutiese benadering.

HOOFSTUK 2

LITERATUURSTUDIE

2.1 INLEIDING

In Hoofstuk een is 'n oorsig van die rasionaal, probleemformulering, navorsingsvraag, doelstelling, doelwitte, die navorsingsmetodologie en die etiese aspekte waaraan aandag geskenk is in die studie oorsigtelik bespreek. 'n Literatuurstudie van die verwyderingsproses en die taak van maatskaplike werkers tydens die verwyderingsproses word aan die hand van die teoretiese raamwerk bespreek in hierdie hoofstuk. Die doel van die statutêre verwyderingsproses, die verloop van kinderhofondersoeke en die bepaalde taak wat maatskaplike werkers tydens die statutêre verwyderingsproses vervul, word ook in hierdie hoofstuk bespreek.

Volgens Cargan (2007:29) behoort navorsers 'n teoretiese raamwerk vir studies te ontwikkel wat uit teorieë, veranderlikes en konsepte bestaan en wat nodig is vir die bereiking van die navorsingdoelstelling. In hierdie hoofstuk word 'n teoretiese raamwerk bespreek wat uit die Ontwikkelingsgerigte benadering, die Ekologiese sisteemperspektief in maatskaplike werk, asook die Veldteorie binne die Gestaltterapeutiese benadering bestaan.

2.2 ONTWIKKELINGSGERIGTE BENADERING TOT MAATSKAPLIKE WERK

In Suid-Afrika is 'n ontwikkelingsgerigte benadering as die maatskaplike welsynsisteem aangeneem. 'n Maatskaplike welsynsisteem verwys na 'n oorhoofse sisteem wat deur 'n regering in plek gestel word om die maatskaplike welsyn van sy mense te beskerm deur die lewering van verskeie intervensieprogramme soos behuising, gesondheid, opvoeding, maatskaplike sekuriteit en maatskaplike dienste (Dutschke, 2007:29). Vir die doel van die studie is dit dus nodig om op die ontwikkelingsgerigte benadering tot maatskaplike werk te fokus, aangesien dit die verpligte benadering is wat maatskaplike werkers in Suid-Afrika volg.

Die beleidmakers van die Suid-Afrikaanse welsynsbeleid het beide eerste en derde wêreld lande genader rakende die hersamestelling van die welsynsisteem

na dié van 'n maatskaplike ontwikkelingsperspektief. Die demokratiese verkose regering het gedurende 1997 'n nasionale beleid, naamlik die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn aangeneem (Patel, 2003:1). Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) omskryf die beleid, beginsels, riglyne, aanbevelings en programme vir ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk in Suid-Afrika.

Alhoewel daar oor baie jare aandag gegee is aan die idee van ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk, is daar nog nie 'n aanvaarde definisie vir ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk wêreldwyd opgeneem nie. Daar is eerder bepaalde algemene temas vir ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk geïdentifiseer wat 'n grondslag vir die konseptuele perspektief op ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk voorsien. Hierdie temas sluit die fasilitering van verandering, die benutting van kliënte se sterkpunte, bemagtiging, die verhoging van kliëntkapasiteit, kliëntdeelname en verbinding tot gelykheid en sosiale geregtigheid in (Midgley & Conley, 2010:13).

Ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsyn verwys na 'n welsynsisteem wat op die filosofie en beleid van maatskaplike ontwikkeling gegrond is (Gray, 1998:58). Maatskaplike ontwikkeling kan as 'n proses van beplande maatskaplike verandering omskryf word wat ontwerp is om die welsyn van die bevolking as 'n geheel te bevorder in samewerking met die dinamiese proses van ekonomiese ontwikkeling (Midgley, 1995:25).

Maatskaplike ontwikkeling ondersteun die ontwikkeling en uitbreiding van maatskaplike welsynsprogramme. Die perspektief handhaaf die uitgangspunt dat die ontwikkeling van bepaalde welsynsprogramme tot 'n positiewe impak op die ekonomie van 'n land sal lei (Zastrow, 2005:13). Welsynsprogramme word nie afsonderlik van ekonomiese ontwikkeling beskou nie en word as integraal tot die politieke stabiliteit, ekonomiese en maatskaplike welwees van 'n samelewing geag (Patel, 2003:1). Ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk poog om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling in balans met mekaar te bring (Dutschke, 2007:29).

Maatskaplike ontwikkeling is 'n makro beleidsperspektief wat breë eklektiese en pragmatiese voorskrifte voorsien om rekonstruksie en ontwikkelingsbeginsels te

omskryf in meetbare ontwikkelingsprogramme, soos programme vir maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling en armoedeverligting (Gray, 1997:45). Maatskaplike ontwikkeling is dus 'n strategie om menslike welsyn te bevorder, armoede te beveg en gemoeid is met volhoubaarheid (Gray, 2002:7).

Die beginsels van die ontwikkelingsmodel omskryf die maatskaplike werk professie se verbintenis om armoede te verlig. Hierdie beginsels bevorder 'n persoon gesentreerde filosofie waarin toegang tot welsynsdienste vir persone as 'n basiese reg beskou word. Laasgenoemde sluit aan by die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996:11) wat noem dat elke kind die reg het tot maatskaplike dienste. Ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk het dus ten doel om maatskaplike probleme te voorkom. Dit verseker verder die gelyke verdeling van hulpbronne en verminder ongelykhede in dienslewering en is dus afhanklik van die aktiewe deelname van gemeenskappe op alle vlakke, naamlik die mikro-, meso- en makrovlak van dienslewering (Gray, 1996:10).

Volgens die finansieringsbeleid (1999:12-13) vir ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienste kan daar tussen die volgende vier vlakke van dienslewering onderskei word:

Voorkoming – hierdie diens behels enige strategieë en programme wat op die versterking en bou van kapasiteit en selfstandigheid van families, gemeenskappe, kinders, die jeug, vroue en ouer persone gerig is.

Vroeë intervensie – hierdie diens teiken kwesbare kinders, families en gemeenskappe en poog om deur middel van ontwikkelings- en terapeutiese programme enige statutêre intervensie te verhoed.

Statutêre proses – op hierdie vlak het die gesin by die hofverrigtinge betrokke geraak en bly hulle in die statutêre proses totdat die hofverrigtinge gefinaliseer is. Die statutêre proses het spesifiek betrekking op die studie, aangesien die navorser maatskaplike werkers se belewenis van die proses wil ondersoek ten einde die moontlike invloed hiervan op die implementering van die proses te bepaal.

Kontinuum van sorg en ontwikkelingsgerigte dienste – hierdie diens fokus op kinders wat in alternatiewe sorg binne die gemeenskap geplaas is, soos in pleegsorg of binne 'n residensiële opset, soos 'n kinderhuis.

Die benutting van ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk bevestig die professie se verbintenis tot armoede verligting en maatskaplike insluiting en beklemtoon die skakel tussen maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling (Gray, 2002:13). Die ontwikkelingsgerigte benadering vereis dat ontwikkelingsdienste holisties aan kwesbare persone, kinders en gesinne gelewer word. Die benadering vereis dus dat daar ook op 'n statutêre vlak dienste gelewer word ten einde kinders teen mishandeling en verwaarlosing te beskerm. Dit is dus belangrik dat die invloed van maatskaplike werkers se belewenisse van die statutêre verwyderingsproses ondersoek word, sodat die invloed van hierdie belewenisse op die implementering van die proses bepaal kan word ten einde te verseker dat doeltreffende ontwikkelingsdienste aan gesinne en kinders gelewer word en daar sodoende uitvoering gegee word aan die maatskaplike beleid (Witskrif) in Suid-Afrika.

Ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk sluit aan by die Ekologiese sisteemperspektief se beskouing van holistiese intervensie met individue, gesinne, groepe en gemeenskappe op die mikro-, meso- en makrovlak. Die Ekologiese sisteemperspektief sal vervolgens bespreek word.

2.3 DIE EKOLOGIESE SISTEEMPERSPEKTIEF IN MAATSKAPLIKE WERK

Die Ekologiese sisteemperspektief word meestal deur maatskaplike werkers in Suid-Afrika gebruik om die interaksie tussen die kliëntsisteem en hulle omgewing te verstaan en moontlike intervensies te identifiseer. Dit is dus nodig vir die doel van die studie om die Ekologiese sisteemperspektief te bespreek, aangesien die wyse waarop maatskaplike werkers die interaksie tussen kliënt en omgewingsisteme beskou, moontlik 'n invloed kan hê op hulle belewenis van die statutêre verwyderingsproses en die moontlike maatskaplike intervensie wat geïmplementeer moet word.

Alle sisteme bestaan binne die konteks van 'n ekosisteem. 'n Ekosisteem bestaan uit 'n reeks onderlinge, interafhanklike en interaktiewe sisteme wat mekaar

wedersyds beïnvloed. Deur belangrike omgewingsinvloede te identifiseer kan die mens as sisteem se gedrag verduidelik word en kan moontlike doelwitte vir intervensie uitgewys word (Miley, O'Melia & Du Bois, 2007:49). Volgens Bronfenbrenner in McWhiter (2007:17) vind individuele menslike ontwikkeling binne die volgende veelvuldige ekologiese sisteme plaas:

Mikrosisteme verwys na die persone met wie die kinders direk in kontak is, byvoorbeeld die kinders se familie;

Mesosisteme verwys na die onderlinge verhoudings tussen die verskillende mikro sisteme, byvoorbeeld die verhouding tussen kinders se ouers en hulle onderwysers;

Ekosisteme verwys na die onderlinge verhoudings tussen een of meer sisteme, wat die persone nie direk beïnvloed nie, byvoorbeeld publieke beleid;

Makrosisteme verwys na kulturele waardes, geloofsoortuigings, gemeenskapstrukture, geslagsrolle, rasseverhoudings en nasionale en internasionale hulpbronne.

Verandering in een deel van die ekosisteem sal 'n invloed op ander dele van die ekosisteem te weeg bring. Wanneer daar 'n wanbalans in die interaksie tussen die persoon en die omgewing voorkom, ontwikkel daar ongelykhede tussen die behoeftes van die persoon en die omgewing en die beskikbare hulpbronne om in hierdie behoeftes te voorsien. Die wanbalans in kliënte word dus die fokus van maatskaplike werkers se intervensie (Yanca & Johnson, 2009 37).

Die Ekologiese sisteemperspektief is 'n wyse om persone en die omgewing in hulle wedersydse realiteit te beskou en die kompleksiteit daarvan te begryp. Persone kan glad nie buite hulle sosiale konteks verstaan word nie (Mattaini, *et al.*, 2002:4-5). Die Ekologiese sisteembenadering kombineer die behandeling en verandering van persone deur die disfunksionele interaksies tussen persone en hulle fisiese en sosiale omgewings te konseptualiseer en te beklemtoon. Die samelewing beskou persone in terme van hulle ontwikkeling en aanpassing met elemente in hul omgewings (Zastrow, 2005:55).

Die Ekologiese sisteemperspektief omskryf menslike sisteemfunksionering soos volg:

- Dit voorsien 'n dinamiese beskouing van mense as sisteme in interaksie binne konteks;
- Dit beklemtoon die belangrikheid van menslike sisteemtransaksies;
- Dit volg hoe menslike gedrag en interaksie met tyd ontwikkeling tot interne en eksterne faktore;
- Dit verduidelik huidige gedrag as 'n aanpassing van die mens in die situasie;
- Dit konseptualiseer alle interaksie as aanpasbaar en logies binne konteks en bied verskeie opsies vir verandering binne mense, hulle sosiale groepe en in hulle sosiale en fisiese omgewings.

Die interaksie tussen enige bepaalde sisteem en sy omgewing is 'n dinamiese wedersydse wisseling van eise en hulpbronne. Persone beïnvloed hulle omgewings en word weer op hulle beurt deur hul sosiale en fisiese omgewings beïnvloed (Miley; O'Melia & Du Bois, 2001:33). Daar bestaan dus voortdurend 'n wederkerige wisselwerking tussen persone en hulle omgewings. Die Ekologiese sisteemperspektief voorsien 'n manier om menslike diversiteit en die verhouding tussen persone en hulle omgewings te begryp (Miley; O'Melia & Du Bois, 2007:47). Maatskaplike werkers is tydens die statutêre verwyderingsproses deel van die kliënte se omgewing en daar bestaan dus 'n wedersydse wisselwerking tussen die maatskaplike werkers en die kliënte wanneer maatskaplike werkers tydens die verwyderingsproses deelword van kliënte se omgewing. Hierdie wedersydse wisselwerking kan moontlik 'n invloed op die belewenisse van die maatskaplike werkers tydens die verwyderingsproses hê.

Die Ekologiese sisteemperspektief voorsien 'n wyse vir statutêre maatskaplike werkers om inligting te organiseer en bied leiding aan hulle in die vestiging van effektiewe verhoudings met kliënte, die assessering van kliënte se funksionering en die implementering van aktiwiteite wat op verandering gerig is (Miley; O'Melia & Du Bois, 2007:50). Die Ekologiese sisteemperspektief voorsien 'n raamwerk vir maatskaplike werkers om kliënte binne die konteks van hulle omgewing te assesseer. Die benadering vereis dus dat maatskaplike werkers 'n duidelike begrip vir kinders en hulle situasies tydens die verwyderingsproses ontwikkel en

sisteme identifiseer wat 'n invloed het op kinders se lewe. Sisteme wat normaalweg deel vorm van kinders se omgewing sluit die gesin, skool, portuurgroep en woonbuurt in. Deur hierdie faktore in ag te neem is maatskaplike werkers in staat om alle sisteme in gesinne waar intervensie moontlik benodig word, te identifiseer (Segal, *et al.*, 2007:152).

Die Ekologiese sisteemperspektief het verder ten doel om maatskaplike werkers in staat te stel om tydens assessering, kompleksiteit in gesinne se funksionering te identifiseer (Healy, 2005:137). Vanuit die Ekologiese sisteemperspektief is dit die taak van maatskaplike werkers om maatskaplike werk intervensies wat die groei, ontwikkeling en die aanpassingvermoëns van kliëntsisteme kan verhoog, te implementeer en om moontlike omgewingstruikelblokke te verwyder wat die effektiewe funksionering van kliëntsisteme verhoed (Sheafor & Horejsi, 2010:91).

Die Veldteorie binne die Gestaltterapeutiese benadering sluit aan by die ekologiese sisteemperspektief, deurdat dit persone en hulle omgewings as 'n entiteit beskou. Vir die doel van die studie sal die Veldteorie vervolgens bespreek word.

2.4 DIE VELDTEORIE BINNE DIE GESTALTTERAPEUTIESE BENADERING

Die Gestaltterapeutiese benadering is ontwikkel deur Frederick "Fritz" Perls en sy medewerkers, Laura Perls en Paul Goodman. Hulle het verskeie kulturele en intellektuele neigings van die 1940's en 1950's saamgevoeg om 'n nuwe gestalt te vorm. 'n Gestalt wat 'n gevorderde kliniese en teoretiese alternatief tot die twee hoofteorieë van daardie tydperk gebied het, naamlik, gedragswetenskap en psigoanalise (Gorsini & Wedding, 2005:299). Gestalt is 'n Duitse term met geen ekwivalent in Engels nie. Dit word as "whole, configuration, integration, a unique patterning" beskryf (Smith, 1997:3).

Een van die primêre doelstellings van die Gestaltterapeutiese benadering is die ontwikkeling van groei en persoonlike integrasie deur individue se bewustheid te verhoog. Ander doelstellings van die Gestaltterapeutiese benadering sluit in om individue te help om selfonderhoudend te wees deur hulle te leer om staat te maak op hulleself, eerder as op ander persone. Individue se selfbewustheid word

gevolglik verhoog en hulle beweeg na selfverwesenliking (Sharf, 2004:248, soos aangehaal deur Perls, 1969:26).

Die Veldteorie vorm 'n grondliggende filosofiese grondslag van die Gestaltterapeutiese benadering (Bronwell, 2008:228). In die Gestaltterapeutiese benadering staan die persoon-omgewing entiteit as die veld bekend. Die veld bestaan uit al die komplekse fenomene van individue en hulle omgewings (Mackewn, 1997:48). Persone kan nie hulleself of ander persone in isolasie van mekaar verstaan nie, maar slegs as 'n interaktiewe geheel binne die komplekse ekologiese en kulturele sisteme van hulle omgewings (Mackewn,1997:50). Die veld verleen erkenning daaraan dat kliënte 'n omgewing, kultuur, geskiedenis, vriende en verhoudings het wat in ag geneem moet word tydens dienslewering aan kliëntsisteme (Robine, 2008:116). Die term, veld, kan ook gebruik word om na die verskillende omgewingtoestande en invloede te verwys wat persone se bestaan konseptualiseer (Parlett & Lee, in Woldt & Toman, 2005:42). Maatskaplike werkers behoort tydens die verwyderingsproses bewus te wees van hierdie omgewingstoestande en invloede in kliënte se veld, aangesien hulle belewenis van hierdie omgewingstoestande 'n invloed op die implementering van die proses kan hê.

In **Tabel 2.1** word die fokusareas in die Veldteorie grafies voorgestel.

Tabel 2.1: Fokusareas in Veldteorie

Fokusarea:	Beskrywing:
Die eksperiënsiële veld	Die eksperiënsiële veld word as die veld van persone se bewustheid beskou. Dit verwys na die wyse waarop persone ervarings organiseer, hulle fenomenologiese veld of realiteit, wat uniek is tot dié persone.
Die verhoudingsveld	Die verhoudingsveld verwys na die wedersydse beïnvloeding tussen

	terapeute en kliënte.
Die groter veld	Die groter veld verwys na die groter konteks waarin persone bestaan en sluit persone se kulturele, historiese, politieke en spirituele invloede in. Die veld vorm dus die basis vir die ontstaan van elke ervaring of figuur van persone.

Bron: Aangepas uit Joyce en Sills (2010:28).

Binne die Veldteorie organiseer persone hulle ervarings in die veld binne die hier en nou en dit is deurlopend onderhewig aan veranderinge van toestande in die veld (Gorsini & Wedding, 2005:300). Die hier en nou verwys na die totale omgewingsveld van persone op enige gegewe oomblik en sluit byvoorbeeld persone se fantasieë, planne vir die toekoms, asook herinneringe en ervaringe in die verlede in wat in die hier en nou herleef word (Clarkson, 1989:24). In die Veldteorie poog kliënte voortdurend om die veld te organiseer in terme van hulle huidige behoeftes, asook in terme van behoeftes uit hulle verlede wat binne die Gestaltterapeutiese benadering, na "unfinished business" verwys word (Joyce & Sills, 2001:25).

Die Veldteorie is 'n holistiese benadering, wat help om persone in hulle totale konteks te verstaan (Parlett, 1991:2). Laasgenoemde sluit aan by die Ekologiese sisteemperspektief, deurdat persone nie afsonderlik van hulle omgewing verstaan kan word nie. Die Veldteorie ondersteun maatskaplike werkers om holisties na die kliëntsisteem tydens die verwyderingsproses te kyk en bewus te wees van invloede in die omgewingsveld van die kliëntsisteem, aangesien dit 'n invloed kan hê op maatskaplike werkers se belewenis van die statutêre verwyderingsproses.

2.5 DIE STATUTÊRE VERWYDERINGSPROSES BINNE MAATSKAPLIKE WERK

Vir die doel van hierdie studie is dit belangrik om die statutêre verwyderingsproses in maatskaplike werk en die wetlike aspekte rakende die statutêre proses te verduidelik om 'n beter begrip vir die omvang van maatskaplike werkers se taak tydens hierdie proses te ontwikkel. Hierdeur sal die konteks van hierdie studie spesifiek verstaan word, aangesien die fokus van die studie slegs betrekking het op die invloed van die belewenisse van maatskaplike werkers op die implementering van die statutêre verwyderingsproses.

Suid-Afrika het sedert die demokratiese verkiesing in 1994 gepoog om die meeste ou wetgewing te hervorm, insluitende die vorige Kinderwet, Wet 74 van 1983. Hierdie wet is deur die apartheidsregering geskryf, voor Suid-Afrika 'n konstitusionele demokrasie geword het. Behalwe vir die konstitusionele noodsaaklikheid om 'n nuwe wet saam te stel, het die komplekse maatskaplike uitdagings soos armoede, maatskaplike verdeling, 'n kultuur van geweld, 'n hoë werkloosheidsyfer en die MIV en/of Vigs pandemie waarmee kinders en gesinne gekonfronteer word, vereis dat die regering 'n nuwe benadering vir die hantering van hierdie maatskaplike kwessies identifiseer. Die 1997 Witskrif vir Maatskaplike Welsyn het hierdie uitdagings erken en 'n ontwikkelingsgerigte benadering tot maatskaplike dienste aangemoedig, om hierdie oorsake ten opsigte van die kwesbaarheid van kinders aan te spreek (Proudlock & Jamieson, 2007:38).

Gedurende April 2010 is die huidige Kinderwet, (Kinderwet, nr. 38 van 2005) geïmplementeer en maatskaplike werkers handel volgens hierdie wet. Die Kinderwet voorsien 'n wye reeks maatskaplike werk dienste wat primêr daarop gerig is om families en gemeenskappe te versterk en te ondersteun sodat kinders versorg en beskerm kan word. Wanneer families onwillig en nie in staat is om vir hulle kinders te sorg nie, maak die wet voorsiening daarvoor dat kinders in alternatiewe sorg geplaas kan word (Proudlock & Jamieson, 2007:35).

Maatskaplike werkers werksaam by kinderbeskermingsorganisasies moet streng volgens die regulasies en bepalings, soos omskryf in die Kinderwet (Kinderwet,

nr. 38 van 2005) van Suid-Afrika, handel. Diens wat deur die Kinderwet gereguleer word sluit die volgende in: kinderbeskermingsdiens aan kinders wat blootgestel word aan mishandeling, verwaarlosing, verlating of uitbuiting, pleegsorgdienste, aanneming en die plasing van kinders in kinder- en jeugsorgsentrums.

Die wet sluit ook vir die eerste keer die volgende diens in: gedeeltelike sorg, soos kleuterskole, vroeë kinderontwikkelingsprogramme, primêre voorkoming en vroeë intervensieprogramme asook ondersteuningsprogramme vir kinders wat die primêre versorgers van wonings is en instapsentrums vir die lewering van basiese diens (Proudlock & Jamieson, 2007:36).

Die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005) het ten doel om die voortbestaan en versterking van families te bevorder en uitvoering aan die volgende konstitusionele regte van kinders te gee:

- Gesinsorg, ouerlike sorg of geskikte alternatiewe sorg, wanneer kinders uit die familie-omgewing verwyder word;
- Die lewering van maatskaplike dienste;
- Beskerming van kinders teen verwaarlosing, mishandeling of vernedering;
- Plasing in die beste belang van kinders,
- Om uitwerking te gee aan Suid-Afrika se verpligtinge rakende die welwees van kinders in terme van internasionale standaarde;
- Om voorsiening te maak vir strukture, diens en wyses vir die bevordering en monitering van die fisiese, psigologiese, intellektuele, emosionele en maatskaplike ontwikkeling van kinders;
- Om gemeenskapstrukture te ontwikkel en te versterk wat bystand kan verleen aan die versorging en beskerming van kinders;
- om kinders te beskerm teen diskriminasie, uitbuiting en enige ander fisiese, emosionele en morele gevare of risiko's;
- Om sorg en beskerming aan kinders te voorsien wat sorg en beskerming benodig;
- om die spesiale behoeftes wat kinders met gestremdhede moontlik mag hê, te erken en om in die algemeen die beskerming, ontwikkeling en welwees van kinders te bevorder (Kinderwet, nr. 38 van 2005:33-34).

Die doel van die Kinderbeskermingsdienste is om die risiko's waaraan kinders se veiligheid en welwees blootgestel word, te verminder en moontlike verdere risiko's van verwaarlosing en mishandeling te voorkom. Dit het verder ten doel om toepaslike ouerlike funksionering, waar moontlik, te herstel. Wanneer dit egter voorkom asof kinders nie voldoende beskerming ontvang nie, word stappe geneem om kinders uit hulle ouers se sorg te verwyder en in alternatiewe sorg te plaas waar hulle wel die nodige versorging sal ontvang (Downs *et al.*, 2004:226).

Kinders word meestal uit hulle ouerhuise verwyder as gevolg van erge mishandeling. Spesifieke redes wat hierdie tipe drastiese optrede vereis, word in die volgende vier kategorieë verdeel:

Fisiese mishandeling: dit sluit enige beserings in wat lei tot merke, kneusplekke, bytmerke, brandwonde, kopbeserings, inwendige beserings en frakture;

Seksuele mishandeling: hierdie tipe van mishandeling sluit seksuele aanranding soos verkragting, bloedskande, sodomie, seksuele penetrasie en seksuele uitbuiting van kinders in;

Verwaarlosing: Kenmerkend is die mislukking om aan kinders se basiese behoeftes te voorsien. Verwaarlosing kan fisiek, opvoedkundig of emosioneel van aard wees;

Emosionele mishandeling: dit sluit aksies deur kinders se ouers of versorgers in wat ernstige gedrag-, kognitiewe, emosionele of geestelike versteurings kan veroorsaak. Dit veroorsaak angstigheid, depressie, ontrekking of aggressiewe gedrag teenoor kinders self en ander partye wat die gevolg is van ouers, versorgers of voogde se optrede (Talley, 2005:26-27).

In **Tabel 2.5.1** word bepaalde omstandighede en situasies beskryf waartydens kinders moontlik sorg en beskerming kan benodig.

Tabel 2.5.1: Omstandighede en situasies waar kinders moontlik sorg en beskerming kan benodig

Omstandighede en situasies waar kinders moontlik sorg en beskerming kan benodig:
Wanneer kinders verlaat of wees gelaat word en sonder enige sigbare bestaansmiddele is.
Wanneer kinders gedrag openbaar wat nie deur hulle ouers of versorgers hanteer kan word nie.
Wanneer kinders leef of werk op straat of bedel vir 'n bestaan.
Wanneer kinders afhanklik is van dwelmmiddels en sonder die nodige ondersteuning is om behandeling te ontvang vir hierdie toestand.
Wanneer kinders in omstandighede woon waar hulle blootgestel kan word aan uitbuiting.
Wanneer kinders in omstandighede woon waar hulle blootgestel word aan situasies wat hulle fisiese, geestelike of emosionele welstand ernstig kan benadeel.
Wanneer kinders in gevaar mag wees indien hulle teruggeplaas sou word in die sorg van hulle ouers, voogde of versorgers aangesien daar rede is om te glo dat hierdie kinders blootgestel kan word aan omstandighede wat hulle fisiese, geestelike of emosionele welstand ernstig kan benadeel.
Wanneer kinders in 'n toestand van fisiese of geestelike verwaarlosing is.
Wanneer kinders mishandel, doelbewus verwaarloos of verneder word deur ouers, versorgers of persone wat ouerlike regte en verantwoordelikhede het of gesinslede of persone wat toesig het oor die kinders.

Wanneer kinders slagoffers van kinderarbeid is.
Wanneer kinders die primêre versorgers van hulle huishouding is.

Bron aangepas uit Artikel 150(1) en (2) van die Kinderwet (Kinderwet, nr. 30 van 2005:142-143)

Bogenoemde omstandighede vereis dat maatskaplike werkers onmiddellik moet toetree tot die verwyderingsproses. Maatskaplike werkers se belewenisse van die omstandighede wat die verwydering van kinders uit die sorg van hulle ouers of versorgers vereis, kan gevolglik 'n invloed hê op die wyse waarop hierdie proses geïmplementeer word. Hierdie verwyderingsproses sal vervolgens bespreek word.

2.5.1 Die verwydering van kinders wat sorg en beskerming benodig

Sommige situasies, soos bespreek in tabel 2.5, vereis dat kinders vir hulle eie beskerming van hul families verwyder moet word. Hierdie tipe besluitneming vereis dat maatskaplike werkers 'n deeglike assessering moet doen van die betrokke kinders se omstandighede (Trotter, 2004:23). Volgens Crosson-Tower (1999:223) begin die proses van assessering die oomblik wat maatskaplike werkers 'n saak aanvaar. Besprekings met persone wat die saak gerapporteer het, die lees van ou en nuwe verslae en kontakte met persone soos onderwysers, bure, terapeute en ander persone betrokke by die gesin is baie belangrik. Die eerste onderhoud met kliënte moet inligting voorsien wat deurslaggewend is tot die saak. Aanvanklik moet maatskaplike werkers die volgende vier vrae kan beantwoord:

- Word die kinders aan die risiko van mishandeling en verwaarlosing blootgestel en in watter mate?
- Wat veroorsaak die probleem in die gesin?
- Is daar 'n diens beskikbaar wat aan die gesin gebied kan word om die probleem te verlig?
- Is die huis 'n veilige omgewing vir die kinders of moet die kinders in alternatiewe sorg geplaas word?

Wanneer 'n aanmelding ontvang word dat kinders seer gemaak word of die gevaar loop om beseer of verwaarloos te word, is die verwagting van organisasies wat 'n kinderbeskermingsdiens lewer om toepaslik tot die situasie toe te tree en 'n ondersoek te doen (Dale, *et al.*, 2005:10-11). Wanneer maatskaplike werkers die besluit neem om kinders te verwyder, moet die maatskaplike werkers die kinders op die verwydering voorberei en dit sluit onder andere in om die kinders vooraf te neem vir besoeke aan die pleeghuis of instelling, verduidelikings aan die kinders te voorsien oor die redes vir die plasing en die oordra van die kinders se voor- en afkeure aan die pleegouers of instelling. Die realiteit is egter dat die meeste van hierdie plasings in alternatiewe sorg gewoonlik noodplasings is (Crosson-Tower, 1999:246).

Artikel 152 van die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005) bepaal dat maatskaplike werkers of polisiebeamptes sonder 'n hofbevel kinders onmiddellik mag verwyder en na 'n plek van veilige bewaring mag neem, indien die maatskaplike werkers rede het om te glo dat die kinders dringende sorg en beskerming benodig. Indien die maatskaplike werkers nie dadelik sou optree nie, kan die welwees en veiligheid van die kinders ernstig benadeel word. Die verwydering van kinders uit hulle familie-omgewing is dus in sommige gevalle of omstandighede die enigste aangewese wyse om hulle welwees en veiligheid te verseker.

Ná afloop van 'n noodverwydering en plasing van kinders in 'n plek van veilige bewaring, moet die maatskaplike werkers die ouers, voogde of versorgers van die kinders in kennis stel van die verwydering van die kinders, indien die ouers nie tydens die verwydering teenwoordig was nie. Die maatskaplike werkers moet die volgende hofdag die klerk van die Kinderhof in kennis stel van die verwydering van die betrokke kinders en moet gevolglik ook die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in kennis stel van die betrokke saak. Hierna volg die kinderhofproses en ondersoek.

2.5.2 Verloop van die kinderhofproses

Die Kinderhof moet uiteindelik 'n besluit neem rondom die vraag of die kinders wel sorg en beskerming benodig. Alvorens kinders voor die Kinderhof gebring word, het maatskaplike werkers 90 dae beskikbaar om die saak volledig te ondersoek en 'n verslag volgens die voorgeskrewe raamwerk te voltooi en aan die Kinderhof voor te lê (Artikel 155 van die Kinderwet, nr. 38 van 2005:149). Dit is dus die taak van maatskaplike werkers om verslag te doen aan die Kinderhof oor of kinders wel sorg en beskerming benodig.

Die kinderhofverslag moet aandui watter mate van ondersteuning vir die families aanbeveel word ten opsigte van die moontlike inskakeling van die gesinne by berading, mediasie, 'n voorkoming- en vroeë intervensiediens, 'n gesinsherenigingsdiens, rehabilitering van die gesin, gedragsmodifikasie, probleemoplossing en die verwysing van 'n diens na geskikte persone of organisasies (Artikel 155 van die Kinderwet, nr. 38 van 2005:149).

Die kinderhofverslag moet 'n volledige assessering van die betrokke kinders se ontwikkelings- en terapeutiese behoeftes bevat en moet ook aandui watter pogings aangewend of beplan word om die gesinne se voortbestaan te verseker. Die verslag moet ook 'n volledige gedokumenteerde permanensieplan vir die kinders bevat. Hierdie plan moet die ouderdom en ontwikkelingsbehoeftes van die kinders, wat ten doel het om stabiliteit in die kinders se lewe te bewerkstellig, uiteensit (Artikel 157 van die Kinderwet, nr. 38 van 2005:149). Die kinderhofverslag moet ook 'n aanbeveling bevat rakende die plasing van die kinders ná afloop van die kinderhofondersoek.

2.5.3 Die plasing van kinders ná afloop van die kinderhofondersoek

Indien maatskaplike werkers, ná afloop van 'n kinderhofondersoek bevind dat die kinders wel sorg en beskerming benodig, moet die betrokke kinders voor die Kinderhof gebring word. Die voorsittende beampte van die Kinderhof moet dan ingevolge die Kinderwet 'n bevel maak rakende die plasing van die kinders (Artikel 155 van die Kinderwet, nr. 38 van 2005:149). Ingevolge die Kinderwet (Artikel 156 van die Kinderwet, nr. 38 van 2005) kan die Kinderhof die volgende aanbevelings rakende die plasing van kinders maak:

- Dat persone onder wie se toesig kinders is, beheer oor die kinders kan behou, indien die hof beslis dat die persone geskik is met betrekking tot die veiligheid en welwees van die kinders.
- Dat kinders terugkeer na die persone in wie se sorg hulle was voor hul plasing in tydelike veilige bewaring, indien die hof beslis die persone is geskik om in die veiligheid en welwees van die kinders te voorsien.
- Dat persone onder wie se toesig kinders was, die nodige reëlings sal tref vir die plasing van die kinders in 'n gedeelde sorgfasiliteit op die persone se eie onkoste, indien die hof bevind dat die kinders sorg en beskerming benodig, omdat die persone in wie se sorg die kinders was, nie voldoende tyd vir die versorging van die kinders gehad het nie.
- Dat kinders in pleegsorg by gepaste pleegouers geplaas word.
- Dat kinders in pleegsorg geplaas word by 'n groep persone of organisasies wat 'n pleegsorgskema bedryf.
- Dat kinders in tydelike veilige bewaring geplaas word, hangende 'n aansoek vir die finalisering van die aanneming van die kinders.
- Dat die gedeelde sorg van kinders deur verskillende persone of sentrums verantwoordelikheid aanvaar vir die versorging van die kinders op verskillende tye.
- Dat kinders in kinder- en jeugsorgsentrums geplaas word wat toepaslike programme aanbied om in die behoeftes van die kinders te voorsien.
- Dat indien kinders die hoof van huishoudings is, hulle mag aanbly in die huishoudings.
- Dat kinders geplaas kan word in fasiliteite wat deur die staat aangewys word, indien die kinders gestremd is of aan 'n kroniese siekte lei en dit in die beste belang van die kinders is om in sulke tipe fasiliteite geplaas te word.
- Dat kinders in kinder- en jeugsorgsentrums geplaas word, indien hulle gedrag openbaar wat nie deur hul ouers hanteer kan word nie of wanneer die betrokke kinders kriminele gedrag openbaar.
- Dat kinders die geskikte behandeling op staatsonkoste sal ontvang, indien die hof beslis die kinders het mediese, sielkundige of enige ander behandeling benodig.

- Dat kinders toegelaat word as binne- of buite-pasiënte by geskikte fasiliteite, indien die hof beslis dat die kinders behandeling benodig vir die verslawing aan afhanklikheidsmiddels.
- Dat 'n beskermingsbevel uitgereik word om persone te verbied om kinders te mishandel, verwaarloos of te verneder of om enige kontak met die kinders te hê, indien die hof bevind dat die kinders mishandel, verwaarloos en verneder is deur die betrokke persone.
- Dat indien die verhouding tussen kinders en persone tot nadeel van die kinders se veiligheid of welwees is, die kinders in tydelike veilige bewaring geplaas kan word.

Die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005) vereis ingevolge Artikel 156, dat daar ook ná afloop van die plasing van kinders in alternatiewe sorg, 'n toesigdiens deur maatskaplike werkers gelewer word en die wet vereis ook dat 'n gesinsherenigingsdiens aan die kinders en hulle ouers gelewer word. Dit is nodig vir die doeleindes van die navorsingstudie dat maatskaplike werkers se belewenisse van die verwydering van kinders, die uitvoering van die kinderhofondersoek en die plasing van kinders ná afloop van die kinderhofondersoek bepaal word, sodat daar vasgestel kan word wat die moontlike invloed van hierdie belewenisse op die implementering van die verwyderingsproses is.

2.6 SAMEVATTING

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn vereis dat maatskaplike werkers in Suid-Afrika 'n ontwikkelingsgerigte benadering tot die diens van maatskaplike welsyn volg. Maatskaplike dienslewering fokus dus op armoedeverligting, maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling sodat die welsyn van persone in geheel bevorder kan word.

Die Ekologiese sisteemperspektief in maatskaplike werk en die Veldteorie in die Gestalterapeutiese benadering handhaaf beide die beskouing dat persone nie afsonderlik van hulle omgewing verstaan kan word nie. Maatskaplike werkers moet dus tydens dienslewering aan kinders en gesinne die omgewingsinvloede

wat 'n rol speel in die gesinne se funksionering bepaal, sodat die mees toepaslike intervensie wat in die gesinne se behoeftes voorsien, vasgestel kan word.

Maatskaplike werkers werksaam by kinderbeskermingsorganisasies is verantwoordelik vir die lewering van 'n kinderbeskermingsdiens aan kwesbare gesinne waar kinders moontlik sorg en beskerming benodig. Die Kinderwet voorsien regulasies en bepalings waarvolgens maatskaplike werkers moet handel wanneer kinders uit die sorg van hulle ouers of versorgers verwyder moet word. Dit is die verantwoordelikheid van maatskaplike werkers om 'n kinderhofondersoek te voltooi wanneer kinders uit die sorg van hulle ouers of versorgers verwyder word en die bevindinge moet in die vorm van 'n kinderhofverslag aan die Kinderhof bekend gemaak word. Die hof moet dan ingevolge die Kinderwet 'n besluit maak rakende die plasing van die kinders.

In die volgende hoofstuk sal die navorsingsmetodologie wat deur die navorser tydens die studie gevolg is, bespreek word.

HOOFSTUK 3

NAVORSINGSMETODOLOGIE

3.1 INLEIDING

Die fokus van die studie was om maatskaplike werkers se belewenisse van die statutêre verwyderingsproses binne die Suid-Afrikaanse konteks te ondersoek, ten einde die invloed van hierdie belewenisse op die implementering van die statutêre verwyderingsproses te bepaal. Hoofstuk 3 sluit 'n bespreking van die navorsingsmetodologie en proses in wat tydens die studie gevolg is. Die kwalitatiewe aard van die studie word verduidelik deur na die keuse van die navorsingstrategie en ontwerp te verwys. Die metode van data-insameling en data-analisering word ook omvattend bespreek. Laastens, word die etiese aspekte wat tydens die studie gehandhaaf is, deeglik bespreek.

3.2 NAVORSINGSPROSEDURES EN WERKWYSE

Navorsing is 'n sistematiese proses van wetenskaplike ondersoek, waartydens bepaalde standaardstappe gevolg word sodat navorsers se begrip van die wêreld rondom hulle verhoog kan word (Fouché & Delport, 2011:61). 'n Navorsingstudie begin met die identifisering van 'n navorsingsprobleem wat deur die studie opgelos moet word (Durrheim, 2002:30). Dit is onbekend aan die navorser hoe maatskaplike werkers die proses van statutêre verwydering beleef en hoe hulle belewenisse die implementering van die verwyderingsproses in Suid-Afrika beïnvloed. Die navorser het dus gepoog om die navorsingsprobleem tydens die studie te verken en te beskryf. Die navorsingproses impliseer verder dat 'n doelstelling, 'n reeks aksies en doelwitte vir die studie geïdentifiseer word. Die doelstelling gee rigting aan die navorsingsproses en vereis dat die reeks aksies in stappe georganiseer moet word, sodat die doelwitte bereik kan word (Brink, *et al,*. 2012:3).

Die navorser het van 'n kwalitatiewe navorsingsproses gebruik gemaak om die belewenisse van maatskaplike werkers rakende die statutêre verwyderingsproses te ondersoek en die invloed daarvan op die implementering van die proses te bepaal. Volgens Bless *et al.* (2006:44) is een van die doelwitte

van kwalitatiewe navorsing om persone se belewenisse van hulle wêreld deur middel van gesprekvoering, woorde en taal te dokumenteer. Gedurende die kwalitatiewe navorsingsproses fokus navorsers daarop om die betekenis wat deelnemers aan die navorsingsprobleem heg, te bepaal (Creswell, 2007:38). Die kwalitatiewe navorsingsproses word nie as 'n liniêre proses beskou nie en vordering in dié proses vind eerder binne 'n spiraal plaas (Berg, 2007:24).

Die navorser het tydens die studie meestal van Fouché en Delport (2011:70) se navorsingsmodel gebruik gemaak. Hierdie navorsingsmodel bestaan uit vyf fases met bepaalde stappe wat deur die navorser tydens die navorsingsproses gevolg is.

In **Tabel 3.1** word die fases en stappe van die kwalitatiewe navorsingsproses voorgestel.

Tabel 3.1: Fases en stappe van die kwalitatiewe navorsingsproses

Kwalitatiewe navorsingproses
Fase 1: Die selektering van die navorsingsonderwerp
Stap 1: Identifiseer 'n navorsingsvraag
Fase 2: Formele formulerings
Stap 2: Assesseer die toepaslikheid van die navorsingsbenadering
Stap 3: Formuleer die navorsingsprobleem, vraag, doelstellings en doelwitte
Stap 4: Stel die navorsingsprotokol saam
Stap 5: Neem die etiese implikasies van die studie in ag
Fase 3: Beplanning van die navorsing
Stap 6: Selekteer 'n paradigma en gee oorweging aan die plek van 'n literatuurstudie in die navorsingstudie
Stap 7: Selekteer 'n navorsingsontwerp of strategie

Stap 8: Selekteer die metode van data-insameling en -analisering
Stap 9: Gee aandag aan die ontwikkeling van 'n steekproef
Fase 4: Implementering van beplanning van die navorsing
Stap 10: Oorweeg die toepaslikheid van elemente van die loodsstudie
Stap 11: Implementeer die navorsingsontwerp, samel die data in en onderneem die litratuurstudie
Fase 5: Data-analisering, interpretasie en aanbieding
Stap 12: Verwerk en analiseer data en verifieer die resultate
Stap 13: Beplan narratiewe en skryf die navorsingsverslag

Bron: Aangepas uit Fouché en Delport (2011:70).

Die bogenoemde tabel beskryf 'n praktiese model van die navorsingsproses binne die kwalitatiewe benadering en bestaan uit bepaalde stappe wat tydens die kwalitatiewe navorsingsproses gevolg kan word (Fouche en Delport, 2011:76).

Die analisering van die navorsingsprobleem en die beplanning van die navorsing sal vervolgens bespreek word.

3.2.1 Analisering van die probleem en beplanning van die navorsing

Alvorens navorsers 'n navorsingstudie kan lei, moet 'n duidelike omskrywing van die navorsingsprobleem verkry word. Navorsers moet 'n navorsingsprobleem identifiseer en verseker dat dit navorsbaar is, voor die mees geskikste navorsingsprobleem geselekteer en geformuleer kan word (Fouché & De Vos, 2011:89). Volgens Blaikie (2010:16) beskryf die navorsingsprobleem dit wat navorsers deur die studie wil bereik. Vir die doeleindes van die studie het die navorser deur middel van die bestudering van bestaande literatuur en die navorser se eie ervaring as maatskaplike werker, die navorsingsprobleem vir die studie geselekteer. Volgens Fouché en De Vos (2011:81) kan verskeie bronne benut word om die navorsingsprobleem te identifiseer.

Navorsers kan na afloop van die identifisering van die navorsingsprobleem, assesseer of die keuse van die navorsingsbenadering vir die studie geskik is (Fouché & Delport, 2011:90). Navorsers moet besluit of die kwantitatiewe of kwalitatiewe benadering die geskikste is vir hulle studie (Bothma, *et al.*, 2010:273). Die navorser het na afloop van die assessering van die navorsingsbenadering, besluit dat die kwalitatiewe benadering die mees geskikste benadering is vir die studie, aangesien daar tydens die studie spesifiek op die belewenisse van maatskaplike werkers rakende die verwyderingsproses gefokus is. Die benadering is dus ook die mees geskikste om die navorsingsprobleem aan te spreek, aangesien dit onbekend is hoe maatskaplike werkers in Suid-Afrika die verwyderingsproses beleef en hoe hulle belewenisse die implementering van die proses beïnvloed.

'n Navorsingsvraag omskryf die spesifieke verhoudings of kwessies wat navorsers tydens die studie wil ondersoek en rig die navorsingsproses van die begin tot die einde van die studie (David & Sutton, 2011:12). Die navorser het na aanleiding van die formulering van die navorsingsprobleem, die navorsingsvraag vir die studie soos volg geformuleer:

Watter invloed het die belewenisse van maatskaplike werkers op die implementering van die statutêre verwyderingsproses?

Die navorser het na afloop van die formulering van die navorsingsvraag, die doelstelling en doelwitte vir die studie geïdentifiseer. Volgens Blaikie (2010:17) spesifiseer die doelstellings en doelwitte van die studie, dít wat navorsers deur die studie wil bereik. Die navorser het gepoog om deur middel van die volgende doelstelling en doelwitte die navorsingsvraag van die studie te beantwoord:

Doelstelling:

Om maatskaplike werkers se belewenisse van die statutêre verwyderingsproses binne die Suid-Afrikaanse konteks te verken en te beskryf ten einde te bepaal wat die invloed van hierdie belewenisse op die implementering van die statutêre verwyderingsproses is.

Doelwitte:

- Om die belewenisse van maatskaplike werkers rakende die statutêre verwyderingsproses te verken en beskryf.
- Om die invloed wat die belewenisse van maatskaplike werkers op die implementering van die statutêre verwyderingsproses het, te verken en te beskryf.

Die navorser het na afloop van die bogenoemde 'n navorsingsprotokol saamgestel. 'n Navorsingsprotokol bestaan kortliks uit 'n uitleg van die plan wat tydens die studie gevolg gaan word (Denscombe, 2012:5). 'n Navorsingsprotokol het ten doel om leiding aan navorsers te bied in die uitvoering van die navorsing en word gebruik om die navorsingsplan aan ander te kommunikeer. 'n Navorsingsprotokol moet eerstens verduidelik hoe die navorsingstudie uitgevoer gaan word en moet tweedens lesers oortuig dat die navorsing belangrik, wetenskaplik en eties is (Durrheim & Wassenaar, 2002:54-55).

Die navorser het die navorsingsprotokol onderleiding van 'n studieleier saamgestel en die volgende aspekte word daarin beskryf: die titel, die literatuurstudie, rasionaal van die studie, probleemstelling, fokus van die navorsingstudie, die navorsingsvraag, die teoretiese raamwerk, die doel en doelstellings van die studie; die navorsingsontwerp, die navorsingsmetodologie en werkwyses; impak van die studie, tydraamwerk en laastens die hoofstukindeling.

Die navorser het na afloop van die voltooiing van die navorsingsprotokol, dit aan 'n navorsingkomitee voorgelê, waarna die protokol by die etiekpaneel van Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, etiese goedkeuring ontvang het. Die etieknommer van die studie is NWU-00060-12-A 1. Hierdie studie val onder Subprojek 2 van die Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies, Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Noordwes-Universiteit, met die titel: Die ontwikkeling van volhoubare ondersteuning ten einde die kwaliteit en welsyn van kinders, families en die jeug in Suid-Afrika te verhoog. Hierdie navorsingstudie behoort tot tema 4: Ondersteuning aan professionele persone wat met kinders, families en die jeug werk wat trauma en lewensstres ervaar.

Die litratuurstudie sal vervolgens bespreek word.

3.2.2 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie help navorsers om 'n beeld te vorm van die navorsingsprobleem en stel navorsers in staat om 'n konseptuele raamwerk vir die studie te ontwikkel (Delport, *et al.* 2011:302). Die Literatuurstudie fokus spesifiek op die statutêre verwyderingsproses en dienslewering deur statutêre maatskaplike werkers. 'n Bespreking van die Veldteorie in die Gestaltterapeutiese benadering, ekologiese sisteemperspektief en ontwikkelingsgerigte benadering het voor die data-insameling plaasgevind om sodoende die navorsingstudie te fokus. 'n Literatuurstudie poog om bestaande kennis te assesseer en dit in 'n logiese volgorde te organiseer ten einde te bepaal wat al reeds bekend is rakende die antwoord op die navorsingsvraag (Yegidis & Weinbach, 2009:21).

Volgens Mouton (2001:90-91) moet die navorser die volgende kriteria in ag neem wanneer 'n literatuurstudie onderneem word:

- 'n Literatuuroorsig moet volledig wees.
  Die navorser het gepoog om die hoofaspekte van die navorsingstudie volledig te beskryf.
- 'n Goeie literatuuroorsig maak van verskeie outeurs gebruik.
  Die navorser het gepoog om literatuur uit verskillende boeke, joernale en internet bronne te benut.
- 'n Literatuurstudie behoort aktueel en nie verouderd te wees nie.
  Die navorser het gepoog om nie bronne ouer as 10 jaar te gebruik nie. Indien die navorser wel van bronne ouer as 10 jaar gebruik gemaak het, was dit noodsaaklik vir die volledigheid van die studie.
- 'n Literatuuroorsig kan nie net tot internet bronne beperk wees nie.
  Die navorser het seker gemaak dat daar nie net van internet bronne gebruik gemaak is nie, maar van verskillende bronne soos boeke en joernaal tydskrifte.

- 'n Goeie literatuuroorsig moet goed georganiseerd wees.
  Die navorser het gepoog om die inligting wat tydens die literatuuroorsig ingesamel is, logiese te organiseer sodat die lees van die navorsingsverslag daardeur vergemaklik word.

Die navorser het tydens die literatuurstudie van literatuur uit wetenskaplike boeke en joernaalartikels gebruik gemaak, asook navorsingsverhandelings wat in die biblioteke van die Noordwes-Universiteit, Universiteit Stellenbosch en die Hugenote Kollege beskikbaar is. Hierdie literatuurstudie verskaf beskrywings van maatskaplike werkers se belewenisse van die statutêre verwyderingsproses, asook die verloop van die verwyderingsproses en die taak van maatskaplike werkers tydens die proses. Die literatuurstudie is egter beperk tot maatskaplike werkers se belewenisse van die verwyderingsproses in die buiteland en daar is min studies oor maatskaplike werkers se belewenisse van die proses binne die Suid-Afrikaanse konteks bekend.

Die navorsingsontwerp wat tydens die studie benut is, sal vervolgens bespreek word aan die hand van bestaande literatuur.

3.2.3 Navorsingsontwerp

Die navorser het tydens hierdie studie van die kwalitatiewe fenomenologiese navorsingsontwerp gebruik gemaak om die belewenisse van maatskaplike werkers rakende die statutêre verwyderingsproses te ondersoek en die invloed daarvan op die implementering van die proses te bepaal. Volgens Delport, *et al.* (2011:304-305) betree navorsers tydens fenomenologiese studies die navorsingsveld met 'n raamwerk van dit wat hulle wil bestudeer tydens die studie met die nodige beplanning wat daarmee gepaard gaan.

Die benutting van die fenomenologiese navorsingsontwerp laat navorsers toe om 'n beskrywing van die fenomeen te gee, soos deelnemers dit persoonlik ervaar (Leedy & Ormrod, 2005:140). Die navorser het die fenomenologiese navorsingsontwerp gebruik, om die werklike belewenisse en dieper gevoelens en emosies van maatskaplike werkers rakende die statutêre verwyderingsproses te ondersoek, eerder as om net op hul persepsies van hierdie proses te fokus. Navorsers moet tydens die toepassing van die fenomenologiese

navorsingontwerp teen vooropgestelde idees en aannames waak en dit deur middel van die proses van fenomenologiese afbakening begrens (Miller & Brewer, 2003:227).

Volgens Merriam (2009:25) word die fenomenologiese onderhoud as die primêre metode van data-insameling van hierdie tipe navorsingsontwerp beskou. Vir die doeleindes van hierdie studie het die navorser op die fenomenologiese navorsingsontwerp besluit om sodoende die belewenisse van maatskaplike werkers ten opsigte van die statutêre verwydering van kinders, te ondersoek en beskryf. Die bevindinge wat deur middel van die fenomenologiese navorsingsontwerp ingesamel is, moet aan die hand van bestaande teorie en navorsing gekontroleer word en impliseer dus dat 'n literatuurkontrole na afloop van data-analisering moet geskied (Delport, et al., 2011:305).

3.2.4 Omskrywing van steekproefneming

Enige navorsing vereis 'n steekproefneming (Punch, 2005:101). Volgens Marlow (2010:138) behels steekproefneming die selektering van deelnemers vir deelname aan die navorsingstudie. Die doel van steekproefneming is om verteenwoordigers te selekteer wat die populasie verteenwoordig waaroor die navorsingstudie handel (Terre Blanche & Durrheim, 2002:44). Vervolgens sal die universum en populasie, metode van die steekproefneming en steekproefgrootte bespreek word.

3.2.4.1. Universum en Populasie

'n Universum verwys na al die moontlike deelnemers wat oor die eienskappe beskik waarin navorsers belangstel (Strydom, 2011:223). Die universum vir hierdie navorsingstudie bestaan uit maatskaplike werkers in die Wes-Kaap wat by die Raad vir Maatskaplike Werk in Suid-Afrika geregistreer is. Die populasie plaas grense op die eenheid van 'n studie en verwys na individue in die universum wat oor spesifieke eienskappe beskik (Strydom, 2011:223). Die populasie van die studie bestaan uit geregistreerde maatskaplike werkers binne die geografiese area van die Kaapse Skiereiland en Boland wat werksaam is by die ACVV, Badisa, Kinder- en Gesinsorgvereniging, asook die Departement

Maatskaplike Ontwikkeling. Hierdie maatskaplike werkers is vir die statutêre verwydering van kinders verantwoordelik.

Volgens Maree (2007:79) is dit uiters belangrik dat kriteria vir die selektering van deelnemers aan die studie geformuleer word, alvorens deelnemers geselekteer kan word. Die kriteria waaraan deelnemers vir insluiting by hierdie navorsingstudie moes voldoen het die volgende behels:

- Manlike en / of vroulike geregistreerde maatskaplike werkers vanuit enige kultuurgroepe;
- Afrikaans of Engels as spreektaal magtig;
- Spesifiek betrokke by die verwydering van kinders;
- Werksaam by die Departement Maatskaplike Ontwikkeling, nie-regeringsorganisasies wat kinder- en gesinsorgdienste lewer, soos die ACVV, Badisa en die Kinder- en Gesinsorgverenigings in die Kaapse Skiereiland en Boland.

3.2.4.2 Metode van steekproefneming

Doelgerigte steekproefneming behels dat deelnemers doelbewus as steekproef vir 'n studie geselekteer word, sodat die mees gepaste data vir die studie ingesamel kan word (Yin, 2011:88). In die navorsingstudie is daar van doelgerigte steekproefneming gebruik gemaak en 'n nie-waarskynlikheidseleksie is benut vir die selektering van maatskaplike werkers vir die steekproef. Maatskaplike werkers wat vir die verwydering van kinders verantwoordelik is en werksaam binne die Skiereiland en Boland (Wes-Kaap), is geselekteer om aan die navorsingstudie deel te neem.

3.2.4.3 Steekproefgrootte

Die navorser het onderhoude met maatskaplike werkers gevoer tot daar versadiging in die studie bereik is en geen verdere addisionele inligting geïdentifiseer kon word nie (Flick, 2009:119). Die navorser het altesaam 26 onderhoude met maatskaplike werkers wat verantwoordelik is vir die verwydering van kinders, gevoer.

Die biografiese data van deelnemers aan die studie sal vervolgens bespreek word.

3.2.5 Biografiese data van deelnemers aan die studie

Die navorser het onderhoude met maatskaplike werkers by nie-regeringsorganisasies en die Departement Maatskaplike Ontwikkeling gevoer wat vir die verwydering van kinders verantwoordelik is. Die biografiese beskrywing van deelnemers is nodig aangesien dit die konteks voorsien waarbinne deelnemers vir die studie geselekteer is en die studie gedoen is.

In **Tabel 3.2.** word die biografiese data van elke deelnemer aan die studie uiteengesit.

Deelnemer	Biografiese data
Deelnemer 1	'n Manlike maatskaplike werker werksaam by Badisa Trio Scottsdene en beskik oor 34 jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 2	'n Manlike maatskaplike werker werksaam by Badisa Trio Kraaifontein en beskik oor een jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 3	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by Badisa Trio Kraaifontein en beskik oor 13 jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 4	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by Badisa Trio Kraaifontein en beskik oor 20 jaar ondervinding in maatskaplike werk.

Deelnemer 5	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by Badisa Trio Kraaifontein en beskik oor 11 jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 6	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by Badisa Kuilsrivier en beskik oor vier jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 7	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by Badisa Kuilsrivier en beskik oor twee jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 8	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by Badisa Kuilsrivier en beskik oor drie jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 9	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by ACVV Paarl en beskik oor 15 jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 10	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by ACVV Paarl-Vallei en beskik oor 12 jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 11	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by ACVV Paarl-Vallei en beskik oor vyf jaar ondervinding in maatskaplike werk.

Deelnemer 12	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by Kindersorg Paarl en beskik oor 20 jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 13	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by Badisa Paarl en beskik oor drie jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 14	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by ACVV Wellington en beskik oor een jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 15	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by ACVV Kaapstad en beskik oor drie jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 16	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by ACVV Kaapstad en beskik oor ses 6 jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 17	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by Badisa Tygerberg en beskik oor 20 jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 18	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by Badisa Tygerberg en beskik oor een jaar ondervinding in maatskaplike werk.

Deelnemer 19	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by Kindersorg Stellenbosch en beskik oor 20 jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 20	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by Kindersorg Paarl en beskik oor 15 jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 21	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by ACVV Maitland en beskik oor een jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 22	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by Badisa Trio Bellville en beskik oor 23 jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 23	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by Badisa Trio Bellville en beskik oor 11 jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 24	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by ACVV Stellenbosch en beskik oor 25 jaar ondervinding in maatskaplike werk.
Deelnemer 25	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by die Departement Maatskaplike Ontwikkeling in Kraaifontein en beskik oor vyf jaar ondervinding in maatskaplike werk.

Deelnemer 26	'n Vroulike maatskaplike werker werksaam by die Departement Maatskaplike Ontwikkeling in Kraaifontein en beskik oor sewe jaar ondervinding in maatskaplike werk.

3.2.6 Etiese aspekte

Etiese aspekte in 'n navorsingstudie is gemoeid met dit wat reg en verkeerd is met die uitvoer van die navorsingstudie (Mouton, 2001:238). Die doel met etiese beplanning is om die welsyn, regte en privaatheid van deelnemers tydens die navorsingstudie te beskerm (Berg, 2009:60; Terre Blanche & Durrheim, 2002:65). Etiek behels morele beginsels wat deur individue of groepe voorgestel word en voorsien reëls ten opsigte van die mees toepaslike wyse van optrede teenoor deelnemers aan 'n navorsingstudie (Strydom, 2011:114). Die navorser bespreek vervolgens die etiese aspekte wat tydens die studie gevolg is.

3.2.6.1 Vrywillige deelname aan en ontrekking van die studie

Navorsers moet tydens die navorsingstudie verseker dat deelnemers vrywillig aan die navorsingstudie deelneem (Chambliss & Schutt, 2010:242). Die navorser het aan deelnemers die keuse gegee of hulle aan die studie wil deelneem of nie en het glad nie die deelnemers geforseer om aan die studie deel te neem nie (Neuman, 2003:124). Die navorser het aan die deelnemers verduidelik dat hulle enige tyd van die studie kan onttrek, indien hulle dit so verkies (Creswell, 2009:89).

3.2.6.2 Ingeligte toestemming

Die navorser het eerstens toestemming van die organisasies waar die deelnemers werksaam is, verkry alvorens die navorser die deelnemers genader het om aan die studie deel te neem. Die navorser het aan die begin van die navorsingstudie 'n geskrewe inligtingstuk (sien Bylaag A) aan die deelnemers versprei waarin die doel, die duur van die onderhoud, die prosedures wat tydens die studie gevolg gaan word en die potensiële voor- en nadele vir deelnemers

van deelname aan die navorsingstudie duidelik omskryf is (Henning, 2004:52-54). Etiese standaarde vereis dat deelnemers aan 'n navorsingstudie ingeligte toestemming (sien Bylaag B) tot die studie moet verleen (Chambliss & Schutt, 2010:242). Die deelnemers aan die studie het skriftelike toestemming tot deelname aan die studie voorsien.

3.2.6.3 Vertroulikheid en anonimiteit

Vertroulikheid vereis dat navorsers die inligting wat deur deelnemers verskaf word, veilig bewaar (Strydom, 2011:120). Die navorser het aan die begin van elke onderhoud aan die deelnemer verduidelik dat die onderhoud op 'n bandopnemer opgeneem word, waarvoor hulle toestemming gegee het en elektronies deur die navorser gestoor sal word. Die navorser het verder ook seker gemaak dat die ingesamelde data elektronies veilig bewaar word deur van 'n wagwoord gebruik te maak (Berg, 2009:92). 'n Harde kopie van die data, asook 'n elektroniese kopie sal by die kantore van die Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies gestoor word.

Die navorser het aan die deelnemers verduidelik dat hulle anonimiteit te alle tye beskerm sal word en dat hulle name nie in die tesis gepubliseer sal word nie (Henning, 2004:73). Die navorser word as 'n maatskaplike werker, in praktyk ook deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Werk en Diensberoepe, daartoe verbind om altyd vertroulikheid te handhaaf en het hierdie beginsel deurlopend tydens die studie toegepas. Anonimiteit beteken dat deelnemers aan die navorsingstudie naamloos bly (Berg, 2009:90). Die navorser het verseker dat anonimiteit gehandhaaf word deur na die deelnemers te verwys as deelnemer 1, 2, 3 ensovoorts, om sodoende die verskeie deelnemers en data van mekaar te skei.

3.2.6.4 Potensiële risiko's vir deelnemers

Die navorser het verder verseker dat deelnemers aan die studie nie fisies of psigologies tydens die studie benadeel word nie (Botma, *et al.*, 2010:227). Die navorser het die deelnemers aangemoedig om hul belewenisse van die statutêre verwyderingsproses tydens die studie te deel en indien dit hulle emosioneel

geraak het of emosies by hulle ontlok het, met hul supervisors of 'n terapeut te gaan gesels.

3.2.6.5 Bevoegdheid van navorser

Navorsingstudies kan slegs suksesvol wees indien navorsers bevoeg en toegerus is met die nodige vaardighede om die studie uit te voer. Die navorser is 'n gekwalifiseerde maatskaplike werker, met agt jaar werksondervinding. Die navorser is ook by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Werk en Diensberoepe geregistreer en het tydens die studie volgens die etiese kode van hierdie Raad gehandel wat die etiese beginsels omskryf waaraan maatskaplike werkers hulself moet onderwerp wanneer 'n navorsingstudie onderneem word (*South African Council for Social Service Professions*:10-12).

Die metode van data-insameling wat tydens die studie benut is, sal vervolgens bespreek word.

3.2.7 Metode van data-insameling

Navorsers benodig geldige data om te analiseer ten einde gevolgtrekkings tydens navorsingstudies te kan maak om die navorsingsvraag en doel te kan beantwoord (Terre Blanche & Durrheim, 2002:46). Die navorser het deelnemers vir die navorsingstudie geselekteer wat vir die verwydering van kinders uit die sorg van hul biologiese ouers of versorgers verantwoordelik is omdat hulle die beste of die mees gepasde data kan verskaf.

Die navorser het ongestruktureerde onderhoude met 26 maatskaplike werkers gevoer wat direk vir die verwydering van kinders verantwoordelik is. Onderhoudvoering word as 'n algemene metode van data-insameling in kwalitatiewe navorsing beskou (Greeff, 2011:342). Die navorser het van oop-vraagstellings gebruik gemaak en het die onderhoude begin deur aan die deelnemers te vra: "Kan jy my vertel hoe beleef jy die verwydering van kinders?". Volgens Whittaker (2009:34) is ongestruktureerde onderhoude baie informeel en kan 'n enkele vraag benut word om 'n verskeidenheid van onderwerpe tydens onderhoude te dek. Die navorser het daarteen gewaak om deelnemers nie tydens die onderhoude te lei nie. Leidende vraagstelling moet vermy word,

aangesien dit daarop kan dui dat navorsers bevooroordeeld is en 'n aanname maak wat nie deur deelnemers gedeel word nie (Merriam, 2009:99). Die navorser het verder van peilings gebruik gemaak om die deelnemers aan te moedig om verder uit te brei oor 'n onderwerp, byvoorbeeld: "Kan jy my meer hieroor vertel?" (Chambliss & Schutt, 2010:238). Die navorser het ook deurlopend van reflektering gebruik gemaak om seker te maak dat die navorser die deelnemers se verduidelikings korrek verstaan.

Onderhoude het ongeveer 30 tot 40 minute geneem en het by die organisasie waar die maatskaplike werkers werksaam is, plaasgevind. Alle onderhoude is op 'n digitale bandopnemer opgeneem en word elektronies op die navorser se rekenaar gestoor. Die navorser het seker gemaak dat die data te alle tye veilig is deur van 'n wagwoord op die rekenaar gebruik te maak en 'n kopie van die studie word by die Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies bewaar. Deur die onderhoude op band te neem, het die navorser verseker dat alles wat die deelnemers tydens die navorsingstudie genoem het, bewaar word vir verdere analisering en stel dit ook die navorser in staat om die data weer na te gaan, indien nodig (Merriam, 2009:108; Seidman, 2006:114).

3.2.8 Data-analise

Data-analise behels dat data wat ingesamel is, georganiseer word, sodat daar sin uit die data gemaak kan word (D'Cruz & Jones, 2004:132). Die navorser het Creswell (2003:190-195) se analitiese spiraal toegepas om die ingesamelde data te ontleed. Die navorser het begin deur die ingesamelde data te organiseer en die onderhoude wat op 'n digitale bandopnemer opgeneem is, elektronies te stoor op die navorser se rekenaar. Die navorser het hierna die ingesamelde data verder voorberei deur 'n transkribeerder te versoek om die data na 'n geskrewe teks om te skakel. Merriam (2009:110) noem dat die transkribering van onderhoude wat opgeneem is, die beste databasis vir analisering voorsien. Die transkribeerder het streng volgens die etiese beginsels gewerk en sal geen data bekend maak of vir eie gewin gebruik nie (Sien Bylaag C).

Die navorser het die geskrewe transkripsies verskeie kere deurgelees om 'n gevoel vir die onderhoude as 'n geheel te ontwikkel. Die navorser kon hierdeur

met die ingesamelde data vertroud raak. Die navorser het tydens hierdie proses notas in die kantlyn van die transkripsies gemaak.

Die navorser het hierna die data gekodeer deur die transkripsies na te gaan en kategorieë en subkategorieë geïdentifiseer wat herhaaldelik in die transkripsies voorgekom het. Die navorser het van 'n onafhanklike kodeerder gebruik gemaak om die geïdentifiseerde temas en kategorieë te verifieer om sodoende die betroubaarheid van die navorsingstudie te verhoog. Die kodeerder is 'n gekwalifiseerde maatskaplike werker, werksaam in die statutêre verwyderingsveld en beskik oor 'n magistergraad in maatskaplike werk. Die kodeerder het streng volgens die etiese beginsels gehandel en die inhoud van onderhoude vertoulik hanteer. Die navorser het die geïdentifiseerde kategorieë en subkategorieë gekontroleer aan die hand van bestaande literatuur. Verder het die navorser ook die geïdentifiseerde kategorieë en subkategorieë met die navorsingsvraag gekontroleer, deur seker te maak dat die kategorieë en navorsingvraag met mekaar ooreenstem om sodoende te verseker dat die navorsingsvraag beantwoord word.

3.3 VERTROUENSWAARDIGHEID VAN DIE STUDIE

Die navorser het tydens die studie die volgende vier aspekte wat deur Lincoln en Guba (in Schurink, *et al.*, 2011:415-419) voorgestel word, gebruik om die vertrouenswaardigheid van die studie te verseker, naamlik geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, betroubaarheid en bevestigbaarheid.

3.3.1 Geloofwaardigheid

Volgens Schurink *et al.* (2011:420) vereis geloofwaardigheid dat onderwerpe duidelik geïdentifiseer word en die populasie en teoretiese raamwerk, waarbinne die studie plaasvind, duidelik uiteengesit word. Die navorser het tydens die studie seker gemaak dat die populasie vir die studie duidelik afgebaken is, naamlik maatskaplike werkers verantwoordelik vir die statutêre verwydering van kinders in die Kaapse Skiereiland en Boland. Die navorser het verder 'n teoretiese raamwerk wat bestaan het uit die Ontwikkelingsgerigte benadering, die Ekologiese sisteemperspektief in maatskaplike werk en die Veldteorie binne die Gestaltterapeutiese benadering gebruik om die navorsingstudie uit te voer. Die

navorser het tydens die studie data deur middel van onderhoudvoering, waarneming, refleksie en veldnotas ingesamel. Volgens Brink *et al.* (2012:127) word geloofwaardigheid in studies versterk deur van verskillende metodes van data-insameling gebruik te maak.

3.3.2 Oordraagbaarheid

Die navorser het oordraagbaarheid in die studie verhoog deur van doelgerigte steekproefneming gebruik te maak vir die selektering van deelnemers aan die studie. Die navorser het ook 'n deeglike beskrywing van die navorsingsproses en metodologie wat tydens die studie benut is, weergegee (Brink, *et al.*, 2012:173). Volgens Schurink *et al.* (2011:420) verwys oordraagbaarheid na die mate waartoe die bevindinge van studies oorgedra kan word na die konteks van ander deelnemers en studies.

3.3.3 Betroubaarheid

Volgens Niewenhuis (2007:80) word betroubaarheid in studies verhoog deur van verskeie metodes van data-insameling gebruik te maak. Die navorser het tydens die studie verskillende metodes van data-insameling soos onderhoudvoering, waarneming, refleksie en veldnotas toegepas. Die navorser het verder betroubaarheid in die studie verhoog deur van 'n onafhanklike kodeerder gebruik te maak om temas wat tydens die studie geïdentifiseer is, te verifieer.

3.3.4 Bevestigbaarheid

Bevestigbaarheid verwys na die objektiwiteit of akkuraatheid van navorsingstudies (Bothma, *et al.*, 2010:292; Vogt, 2007:117). Die navorser het deurgaans objektief in die studie gebly, deur te waak teen vooropgestelde idees en gepoog om die bevestigbaarheid van die data moontlik te maak deur dit telkens met literatuur te kontroleer. Gevolgtrekkings is slegs na afloop hiervan gemaak.

3.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n deeglike oorsig van die navorsingsproses weergegee. Die navorsingsprosedures, ontwerp, metode van data-insameling, asook die metode van data-analise is deeglik deur die navorser bespreek. Die navorser het ook aan die etiese aspekte van die navorsingstudie aandag geskenk en ook aan die betroubaarheid en geldigheid van die navorsingstudie.

In die volgende hoofstuk sal 'n deeglike uiteensetting van die ingesamelde data tydens die empiriese studie, weergegee word. Die bepaalde temas wat tydens die empiriese studie geïdentifiseer is, sal aan die hand van bestaande literatuur gekontroleer word.

HOOFSTUK 4

BESPREKING VAN EMPIRIESE DATA: DIE INVLOED VAN DIE BELEWENISSE VAN MAATSKAPLIKE WERKERS OP DIE IMPLEMENTERING VAN DIE STATUTÊRE VERWYDERINGSPROSES

4.1 INLEIDING

In Hoofstuk 3 is die navorsingsmetodologie wat tydens die studie gevolg is om die empiriese data in te samel en te analiseer, breedvoerig bespreek. In Hoofstuk 4 word die bevindinge van die empiriese data uiteengesit ten einde die belewenisse van maatskaplike werkers ten opsigte van die statutêre verwyderingsproses te bepaal. Vanuit die empiriese ingesamelde data is bepaalde temas en subtemas geïdentifiseer en aan die hand van bestaande literatuur gekontroleer.

Die navorsingsvraag oor watter invloed die belewenisse van maatskaplike werkers op die implementering van die statutêre verwyderingsproses het, fokus op maatskaplike werkers se belewenisse van die verwyderingsproses in geheel en sluit hulle belewenisse van die verwydering van kinders; die Kinderwet; die kinderhofondersoek; beskikbare hulpbronne en supervisie tydens die verwyderingsproses in. Die navorser het tydens die studie gepoog om die invloed van maatskaplike werkers se belewenisse van die verwyderingsproses te verstaan. Die temas en subtemas in die studie handel dus oor verskillende aspekte van die statutêre verwyderingsproses.

Die empiriese data word in die onderstaande tabel 4.1 volgens die bepaalde temas en subtemas weergegee wat tydens die navorsingstudie geïdentifiseer is. Elke tema sal daarna bespreek word en is aan die hand van bestaande literatuur gekontroleer.

4.2 BEVINDINGE VAN DIE EMPIRIESE STUDIE

Die navorser het Creswell (2009:185-190) se stappe vir data-ontleding toegepas om die ingesamelde data te ontleed. Vyf temas is deur middel van die toepassing van hierdie stappe geïdentifiseer, waarna hierdie temas in subtemas verdeel is

en met bestaande literatuur gekontroleer is. Die temas en subtemas word in Tabel 4.1 uiteengesit.

Tabel 4.1: Beskrywing van temas en subtemas van navorsingstudie

Temas	Subtemas
Tema 1: Die maatskaplike werkers se belewenis van die statutêre verwydering van kinders.	**Subtema1:** Die emosionele belewenis van die maatskaplike werkers ten opsigte van die statutêre verwydering van kinders.
	Subtema 2: Die maatskaplike werkers se belewenis van persoonlike veiligheid tydens die statutêre verwydering van kinders.
Tema 2: Die maatskaplike werkers se belewenis van die Kinderwet	**Subtema 1:** Implementering en interpretering van die Kinderwet deur die maatskaplike werkers.
Tema 3: Die maatskaplike werkers se belewenis van kinderhofondersoeke.	**Subtema 1:** Tydperk vir voltooiing van kinderhof-ondersoeke.
	Subtema 2: Hoë werkslading tydens kinderhofondersoeke.
	Subtema 3: Intervensie met biologiese ouers tydens kinderhofondersoeke.

	Subtema 4: Skryf van kinderhofverslae.
	Subtema 5: Hantering van die maatskaplike werkers deur die Kinderhof.
Tema 4: Die maatskaplike werkers se belewenis van beskikbare hulpbronne tydens die statutêre verwyderingsproses.	**Subtema 1:** Die maatskaplike werkers se belewenis van die beskikbaarheid van veiligheidsouers; pleegouers en kinder- en jeugsorgsentrumplasings vir kinders tydens die statutêre verwyderingsproses.
Tema 5: Die maatskaplike werkers se belewenis van supervisie tydens die statutêre verwyderingsproses.	**Subtema 1:** Die maatskaplike werkers se emosionele ondersteuning tydens supervisie.

Die temas en subtemas in Tabel 4.1 sal vervolgens bespreek word. Tema 1: "maatskaplike werkers se belewenis van die statutêre verwydering van kinders." sal vervolgens bespreek word.

4.3 TEMA 1: DIE MAATSKAPLIKE WERKERS SE BELEWENIS VAN DIE STATUTÊRE VERWYDERING VAN KINDERS

Tydens data-analise is Tema 1: "Die maatskaplike werkers se belewenis van die statutêre verwydering van kinders" geïdentifiseer. Die bevindinge van die studie het twee subtemas vir die bogenoemde tema geïdentifiseer, naamlik: *Die emosionele belewenis van maatskaplike werkers ten opsigte van die statutêre verwydering van kinders* en *Maatskaplike werkers se belewenis van persoonlike veiligheid tydens die statutêre verwydering van kinders*. Die narratiewe vir Subtema 1 word in Tabel 4.3.1 weergegee.

Tabel 4.3.1: Tema 1: Die maatskaplike werkers se belewenis van die statutêre verwydering van kinders	
Subtema 1:	**Narratiewe:**
Die emosionele belewenis van die maatskaplike werkers ten opsigte van die statutêre verwydering van kinders.	"Dis vir my eerstens 'n **moeilike ding om te doen**. Ek het nooit gedink **dat ek 'actually' so sal sukkel daarmee nie**." **"Ek hou nie daarvan om kinders te verwyder nie."** "Wel een woord kan ek nou maar sê dis **stresvol**. Ek dink **die statutêre verwyderingsproses is nie baie gewild onder maatskaplike werkers nie**. Ek dink jy probeer dit, maar **sover moontlik vermy**." "Ek het al 'n paar keer verwyderings gedoen waar dit nogal vir my nie baie lekker was nie en **fisies na die tyd voel jy nie lekker nie**. Jy voel 'down' en dit is nie lekker nie, maar ek weet maatskaplike werkers, veral dié wat ma's is, vir hulle beïnvloed dit nogal baie erg. Soos ek sê na die tyd as ek by die huis kom, **is jy emosioneel, jy voel uitgeput, jy voel hartseer oor wat die dag gebeur het**." "Ek dink die statutêre verwyderingsproses is vir my altyd, ek wil amper sê 'n belewenis wat ook, **maar 'n trauma is**. 'n Mens besef jy is besig om 'n kind se lewe in 'n heeltemal ander rigting te stuur en daarom is dit vir my eintlik 'n **baie intense belewenis waarin jy altyd poog om te kyk of daar nie nog 'n kans is dat daardie kind tog by sy eie ouers kan grootword nie**."

	"Oor die **algemeen is dit traumaties**, maar dit hang ook af van die situasie, want alle situasies is nie dieselfde nie. En **veral as 'n mens self kinders het, dan is dit moeilik.** Dis nie altyd maklik om iemand anders se kind van hom af te verwyder nie." "Ek dink **dis nooit 'n maklike ding om te doen nie**, want 'n mens besef altyd jy het 'n **baie ingrypende aksie in iemand se lewe gedoen** en ek dink die feit dat mens 'n besluit moet neem oor 'n ander persoon se lewe, waarheen hy moet gaan, is dit maar altyd 'n moeilike ding om te doen, so **dis nooit 'n maklike besluit om te neem nie.**" "**Jou eerste belewenis is altyd traumaties**, want om 'n kind van sy ma af weg te neem, al is die ma ook in watter toestand, **jy beleef dit emosioneel baie intens**, maar vir my gaan dit in die beste belang van die kind." "Dis nooit 'n **maklike saak nie**."

Maatskaplike werkers wat statutêr 'n maatskaplike diens lewer, se werk is uitdagend. Hulle word daagliks met die ellendes en uitbuiting van kinders gekonfronteer wie se ouers nie daarin kon slaag om hulle te beskerm nie of nie kon verhoed dat hulle kinders seergemaak word nie (Downs, *et al.*, 2004:76; Stevenson, 1998:70; Unwin & Hogg, 2012:17). Volgens Munro (2002:144) kan 'n statutêre maatskaplike diens emosionele gevoelens by maatskaplike werkers ontlok en hulle vermoë om rasioneel te handel beïnvloed. Deelnemers aan hierdie studie beskryf dat hulle die verwydering van kinders as traumaties en stresvol beleef. Hulle skets die verwydering van kinders as 'n uitdagende taak om te verrig en dui aan dat hulle die verwydering van kinders emosioneel beleef.

Hierdie emosionele belewenisse van maatskaplike werkers ten opsigte van die verwydering van kinders, kan dus 'n invloed op hulle respons tydens die implementering van hierdie proses hê. Volgens Myers (2011:326) kan maatskaplike werkers selfs sekondêre trauma beleef en herinneringe van persoonlike vorige traumatiese ervarings tydens die proses beleef en is dit dus belangrik dat ondersteuning verkry word, indien dit gebeur. Daar word van maatskaplike werkers verwag om moeilike besluite tydens die verwyderingsproses te neem, terwyl persone betrokke by die proses dikwels hewige emosies self beleef (Hill, 2010:3). Hierdie emosionele belewenisse van persone betrokke by hierdie proses, kan 'n verdere invloed hê op die maatskaplike werkers se besluitneming.

Daar word bykomend 'n statutêre verpligting op alle maatskaplike werkers binne kinderbeskermingsorganisasies geplaas om alle vorms van kindermishandeling te probeer voorkom. Hulle het dus terselfdertyd die taak om situasies waar mishandeling voorkom, te identifiseer en toe te tree tot hierdie situasies deur die betrokke kinders van hulle ouers se sorg te verwyder. Maatskaplike werkers moet dus deurlopend 'n balans tussen hulle bekommernisse oor die veiligheid van kinders en die behoud van gesinsbande handhaaf (Downs, *et al.*, 2004:224). Dikwels wanneer aangemelde sake ontvang word van kinders wat nie beskerm word nie, gebeur dit soms dat maatskaplike werkers die risiko verbonde aan hierdie gevare waaraan kinders blootgestel word kan verklein, aangesien hulle daartoe verbind is om kinders binne hulle gesinne te hou en dit kan daartoe lei dat hulle probleme in die families onderskat of 'n laer standaard van kinderversorging as die norm aanvaar (Dale, *et al.*, 2005:59; Davies, 2008:100).

Volgens Munro (2002:144) kan maatskaplike werkers tydens die verwyderingsproses identifiseer met die kinders of ouers en kan as gevolg hiervan hulself van die situasie verwyder as 'n verdedigingsmeganisme teen die emosionele impak van die werk, wat gevolglik negatief op die implementering van die intervensieproses kan inwerk. Dit is dus belangrik dat maatskaplike werkers moet verstaan hoe hulle eie emosies hul affekteer wanneer hulle met kliënte werk (Howe, 2008:1). Maatskaplike werkers moet bewus wees van watter aspekte van hulle werk emosionele reaksies by hulle ontlok, of wat hulle

ongemaklik of bang laat voel en wat hulle siening of benadering van 'n saak kan beïnvloed, aangesien hierdie emosionele belewenisse wat die verwydering van kinders ontlok, die implementering van die verwyderingsproses kan beïnvloed. Dit is normaal vir mense om dinge wat hulle emosioneel laat voel, te wil vermy. Hierdie tipe reaksie kan egter baie gevaarlik binne statutêre maatskaplike werk wees, aangesien dit daartoe kan lei dat maatskaplike werkers sekere aspekte van 'n saak kan vermy wat belangrik is of dinge vermy om te doen ten opsigte van 'n saak wat nodig is om afgehandel te word (Beckett, 2003:44). Hierdie vermyding vind dikwels plaas as gevolg van maatskaplike werkers se persoonlike emosionele belewenisse van die verwydering van kinders en kan dus 'n invloed hê op die wyse waarop die maatskaplike werkers die verwyderingsproses benader en gevolglik implementeer.

Die tweede subtema wat tydens Tema 1 geïdentifiseer is, sal vervolgens bespreek word. Die narratiewe vir Subtema 2 word in Tabel 4.3.2 weergegee.

Tabel 4.3.2: Subtema 2: Die maatskaplike werkers se belewenis van persoonlike veiligheid tydens die statutêre verwydering van kinders

Tema 1: Die maatskaplike werkers se belewenis van die statutêre verwydering van kinders	
Subtema 2:	**Narratiewe:**
Die maatskaplike werkers se belewenis van persoonlike veiligheid tydens die statutêre verwydering van kinders.	"Laat ons mekaar nie 'fool' nie. **Dit is 'n baie gevaarlike werk. Ek het al skriftelike doodsdreigemente gekry. Ek het al telefoniese doodsdreigemente by die kantoor gekry**. Bendes wat direk my lewe bedreig en dit is die gemeenskap, waarbinne ek kinders moet gaan verwyder. **Is daar enigiets wat in plek gesit word deur die staat of polisie of enige staatsisteem, om dit minder bedreigend te maak vir die maatskaplike werker?**

	Daar is net mooi niks in plek nie." "As ek 'n kind verwyder **verkies ek dat iemand saamgaan, want 'n mens weet nooit hoe 'n ouer gaan reageer**, as jy hulle kind gaan verwyder nie." "Dit hang mos nou, maar van geval tot geval af. Soos toe ek hier begin het was daar byvoorbeeld een of twee gevalle wat jare lank gedraai het, so ek dink **dit was baie keer vrees vir die veiligheid van die maatskaplike werkers, want dis bendeleiers**. Ek is nou al baie lank in die veld en 'n eks-kollega van my, **is doodgeskiet in sy kantoor, ook deur iemand wat ek dink aan dwelms verslaaf was**. Hy het ingestaan vir sy kollega, want sy het bedreig gevoel, so hy is doodgeskiet." "Persoonlik dink ek maatskaplike werkers het eintlik **'n helse gevaarlike werk**."

Maatskaplike werkers wat binne kinderbeskermingsorganisasies funksioneer, werk dikwels binne vyandige omgewings, word konstant deur die media onder druk geplaas en word aan verbale en fisiese mishandeling deur manlike en vroulike kliënte blootgestel (Crosson-Tower, 1999:356; Hill, 2010:3; Unwin & Hogg, 2012:8). Deelnemers aan die studie dui aan dat hulle hul werk as gevaarlik beleef en dat daar niks werklik in plek gestel is om hulle veiligheid in die werksplek aan te spreek nie. Volgens Smedley (2007:113) ontvang maatskaplike werkers dikwels doodsdreigemente en word hulle aan bekruipery of die vandalisme van hulle motors en wonings blootgestel. Maatskaplike werkers betree in praktyk dikwels situasies waar daar gesinsgeweld, middelmisbruik,

werkloosheid en gevoelens van magteloosheid deur kliënte beleef word. Hierdie tipe van situasies wat statutêre maatskaplike werkers moet betree, verhoog verder die risiko van gevaar waaraan maatskaplike werkers blootgestel word (Zastrow, 2013:56).

Daar word verder van maatskaplike werkers verwag om tuisbesoeke te doen by gesinne om die aard van hulle daaglikse funksionering te bepaal wat bykomende risiko's ten opsigte van maatskaplike werkers se persoonlike veiligheid tot gevolg het (Newhill, 2003:199). Die gevolg van hierdie tipe werk is dat dit emosionele, psigologiese en fisiese stres by maatskaplike werkers kan veroorsaak, wat weer daartoe kan lei dat hulle weerstand opbou om kinders wat in nood verkeer en hulp benodig, van hulp te wees (Smedley, 2007:113). Insidente van aggressie en vyandigheid van kliënte teenoor maatskaplike werkers kan daartoe lei dat maatskaplike werkers se vertroue in hulleself en hul oordeel ten opsigte van sekere situasies of mense ondermyn word en dat hulle genot in hul werk en alledaagse lewe verminder (Koprowska; 2008:140-141).

Die rol van maatskaplike werkers wat kinderbeskermingsdienste lewer, stel hulle verder bloot aan nog groter risiko's vanweë die konflik teenwoordig in hulle rol as maatskaplike werkers, daar word byvoorbeeld van maatskaplike werkers verwag om beweerde mishandeling te ondersoek, wat hulle in 'n belangrike en potensiële beherende rol plaas. Terselfdertyd moet hulle 'n ondersteuningsrol ook vertolk sodat hulle in vennootskap met ouers kan werk (Humphreys & Stanley, 2006:97-99). Alhoewel geweld teenoor maatskaplike werkers nie 'n vreemde verskynsel in praktyk is nie (Dominelli, 2009:26), behoort organisasies aandag te gee aan hoé geweld van kliënte teenoor maatskaplike werkers moontlik die assessering van kinders en intervensies aan die gesin mag affekteer (Dale, *et al.*, 2005:39-40; Humphreys & Stanley, 2006:97-99).

Deur op die maatskaplike werkers se belewenisse van hulle persoonlike veiligheid tydens hierdie proses te fokus, kon die navorser bepaal in watter mate hierdie belewenisse die wyse waarop maatskaplike werkers die verwyderingsproses implementeer, beïnvloed het. Indien persone 'n lewensbedreigende situasie beleef of baie vrees in hulle werksituasie ervaar, soos voorheen deur deelnemers genoem, kan daar aan die hand van literatuur

gesien word dat die belewenisse van maatskaplike werkers om kinders te verwyder, negatief beïnvloed kan word en dus die implementering van hierdie proses en die implementering van die Kinderwet kan beïnvloed, omdat hulle bang is en dan eerder onttrek as om uitvoering aan die Wet te gee.

4.4 TEMA 2: DIE MAATSKAPLIKE WERKERS SE BELEWENIS VAN DIE KINDERWET

Die tweede tema wat geïdentifiseer is, handel oor "Die *maatskaplike werkers se belewenis van die implementering van die Kinderwet* (Kinderwet nr. 38 van 2005)". Een subtema is vir hierdie tema geïdentifiseer naamlik, "*Implementering en interpretering van die Kinderwet*". Die narratiewe vir die bogenoemde Subtema 1 word in tabel 4.4.1 weergegee.

Tabel 4.4.1 Implementering en interpretering van die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005).

Tema 2: Die maatskaplike werkers se belewenis van die Kinderwet	
Subtema 1:	**Narratiewe:**
Implementering en interpretering van die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005).	"Ons het nou 'n nuwe Kinderwet wat baie **geskoei is op die beginsels van jou Kinderwet wat jy byvoorbeeld kry in Nieu-Zeeland, Australië en Engeland.** Baie goeie Kinderwet. Die probleem vir my met die statutêre proses is dat **ons leef in 'n derde wêreld land omstandighede** en ons het 'n nuwe Kinderwet gekry en **daar word van maatskaplike werkers verwag en eise aan hulle gestel om eerste wêreld standaarde te handhaaf.**" "Hier word van ons in Suid-Afrika verwag **om daardie selfde standaarde te**

	handhaaf, ongeag die magdom **oorlaai van verantwoordelikheid** wat maatskaplike werkers moet verduur. En dit stel my as **maatskaplike werker baie bloot in die statutêre proses, want ek wil graag daardie eerste wêreld standaarde handhaaf en ek het die kennis om dit te doen**. Maar die realiteit op die grond is, **hoe kom ek by dit alles uit om werklik daardie standaarde te handhaaf.**" "In 'n eerste wêreld land werk dit miskien perfek, maar net **die verskil is ons het 200 gevalle per mens. Hulle het 20 gevalle per mens.**" "Ek het regtig nog nie vreeslik probleme gehad daarmee nie, behalwe soos ek sê, die feit dat die kere wat ek nou al daar was, **interpreteer die voorsittende beamptes dit op een manier en ons kantoor dit op 'n ander manier.**" "Ek dink party howe verskil en ek dink **almal het een Kinderwet en almal interpreteer dit verskillend.**" "Wonderlike programme en wonderlike goed, **maar die uitvoerbaarheid daarvan bly, maar 'n probleem.**" "Weet jy ek het al baie gesê, **ek dink ons wet is regtig 'n eerste wêreld wet in 'n derde wêreld land.**"

Die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005) bepaal die wyse waarop maatskaplike werkers kinders moet verwyder en hoe die verwyderingsproses geimplementeer moet word. Die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005) bevat ook die regulasies en bepalings vir dienslewering deur maatskaplike werkers aan kinders en gesinne. Vanuit die inligting wat van deelnemers ontvang is, is dit waarneembaar dat hulle voel dat hulle nie oor die kapasiteit beskik om die Kinderwet te implementeer nie en ook voel dat kinderhowe nie eenvormig is in die manier waarop hulle die Wet interpreteer nie. Dit is dus nodig vir die studie om maatskaplike werkers se belewenisse van die Kinderwet te bepaal ten einde vas te stel hoe hulle belewenisse van die implementering van die Kinderwet en die wyse waarop die kinderhof die Kinderwet interpreteer, die implementering van die verwyderingsproses beïnvloed.

Die huidige Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005) in Suid-Afrika het meer as 10 jaar geneem om geskryf en geïmplementeer te word. Sommige van die dienste wat in die Wet omskryf word is nuut, wat nog nooit vantevore in die Wet omvat is nie en is dit dus nie vreemd dat maatskaplike werkers vind dat daar aspekte van die Wet is wat volgens hulle nie in praktyk werk nie. Dit kan met enige nuwe Wet verwag word wat vir die eerste keer geïmplementeer word (Berry, *et al.*, 2011:16).

Die Kinderwet bevat deurslaggewende wetgewing om 'n diens te voorsien wat beide die ontwikkeling en beskerming van kinders bevorder. Die uitdaging met hierdie Wet, soos met baie ander wette en beleide in Suid-Afrika, is dat daar nie oor die kapasiteit beskik word om hierdie diens op grondvlak te implementeer nie (Dawes, 2009:4). Bekommernis bestaan ook dat daar nie voldoende fondse beskikbaar is vir die implementering van die Wet nie (Budlender, *et al.*, 2011:12).

Maatskaplike dienste in Suid-Afrika word deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en nie-regeringsorganisasies gelewer. Nie-regeringsorganisasies word slegs gedeeltelik vir die lewering van 'n diens deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gesubsidieer en hierdie organisasies is self vir bykomende fondsinsamelings verantwoordelik (Proudlock & Budlender, 2011:9). Hierdie uitdaging met befondsing wat nie-regeringsorganisasies in die gesig staar, beïnvloed verder die implementering van 'n diens soos in die Kinderwet

omskryf (Budlender & Proudlock, 2011:13), aangesien nie-regeringsorganisasies meer tyd en hulpbronne aan fondsinsamelings moet spandeer.

4.5 TEMA 3: DIE MAATSKAPLIKE WERKERS SE BELEWENIS VAN KINDERHOFONDERSOEKE

Die derde tema wat tydens die empiriese studie identifiseer is, handel oor "Die *maatskaplike werkers se belewenis van kinderhofondersoeke*". Vyf subtemas is vir hierdie tema geïdentifiseer, naamlik "*Tydperk vir voltooiing van kinderhofondersoeke*"; "*Hoë werkslading tydens kinderhofondersoeke*"; "*Intervensie met biologiese ouers tydens kinderhofondersoeke*"; "*Skryf van kinderhofverslae*" en "Die *maatskaplike werkers se belewenis van kinderhofverrigtinge*". Die narratiewe vir hierdie Subtema word in Tabel 4.5.1 weergegee.

Tabel 4.5.1 Tydperk vir voltooiing van kinderhofondersoeke

Tema 3: Die maatskaplike werkers se belewenis van kinderhofondersoeke	
Subtema 1:	**Narratiewe:**
Tydperk vir voltooiing van kinderhof ondersoeke.	"Dit is 'n **tydsame proses**. Jy sal byvoorbeeld psigiatriese verslae moet aanvra, sielkundige verslae van kliniese sielkundiges en dit is nie altyd moontlik om daardie verslae **binne die 90 dae periode betyds in te kry nie**. En dan **sluit die Kommissaris** net eenvoudig die saak ongeag die feit dat jy wel skriftelik feite kan voorlê, dat daar geldige redes is waarom die verslag nie gefinaliseer kan word binne die 90 dae nie." "Dit veroorsaak **geweldige stres** by maatskaplike werkers en dit kan maklik

	maatskaplike werkers dryf tot 'n punt wat hulle **afgewaterde verslae vir die Hof ingee**, bloot net om die 90 dae **sperdatum te haal**." **"Drie maande is onrealisties."** "Ek voel nie dat daar **genoeg tyd was om al hierdie inligting in te samel,** om werklik 'n verhouding op te gebou het met hierdie ouers nie." "Ek vind dat ons **nie tyd het om regtig 'n deeglike ondersoek te doen nie**." "**Hopeloos te kort**. Dit plaas jou onder **geweldige druk**." "As jy **meer as een kinderhof het**, jy weet dan is jou **aandag en tyd redelik verdeeld** en jy kan nie so **baie tyd daaraan spandeer nie**. So, jy moet dit amper wil ek sê **afjaag** om eerlik te wees en vinnig spring om dit **betyds by die hof te kry**." "Dit is **te kort vir jou gesin om rêrig te verander**." "Ek dink **die 90 dae** wat ons nou huidiglik het om die ondersoek te doen, **is belaglik**. Die **tyd is te min om al die nodige inligting in te samel**. So jy doen die ondersoek **baie vinnig en jy wil dit gou klaarkry, want daar is 'n datum en jy kan nie**

	weer 'n ander datum kry nie."

'n Kinderhofondersoek behels dat maatskaplike werkers inligting versamel om te bevestig of kindermishandeling of verwaarlosing wel plaasgevind het of nie en kan beskou word as die proses waartydens inligting ingesamel word om feite ter stawing van 'n saak saam te stel (Myers, 2011:325).

Artikel 155(2) van die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005) verplig maatskaplike werkers in Suid-Afrika om binne 90 dae 'n kinderhofondersoek te voltooi en die saak aan die Kinderhof te rapporteer. Dit is beslis in die beste belang van kinders om so gou as moontlik permanensie en stabiliteit in hulle lewens te bring. Die realiteit is egter dat sommige maatskaplike werkers in Suid-Afrika dikwels meer as 200 hangende kinderhofondersoeke op enige gegewe tydperk het om te hanteer. Daar bestaan ook duisende vakatures vir maatskaplike werkers in Suid-Afrika en werkgewers van maatskaplike werkers behoort dit in ag te neem wanneer hulle sake aan maatskaplike werkers toewys (Bosman-Sadie & Corrie, 2010:177).

Vanuit die inligting wat die deelnemers verskaf het, blyk dit dat hulle 'n gevoel van magteloosheid ervaar ten opsigte van die tydperk waarvoor die Kinderwet voorsiening maak vir die voltooiing van die kinderhofondersoek. Die deelnemers het aangevoer dat die tydperk te kort is om 'n deeglike ondersoek te doen en 'n aanbeveling te maak oor die plasing van kinders. Deelnemers spreek ook hulle bekommernis uit oor die feit dat kinderhofsake na die 90-dae periode summier gesluit word, al het die maatskaplike werkers die hof skriftelik in kennis gestel van die redes waarom sake nie gefinaliseer kon word nie. Die deelnemers se belewenisse van die tydperk vir die voltooiing van kinderhofondersoeke soos genoem, beïnvloed dus die wyse waarop die verwyderingsproses geïmplementeer word, aangesien dit die maatskaplike werkers onder baie druk plaas om kinderhofsake binne 90 dae te voltooi en boonop daartoe kan lei dat hulle die ondersoeke nie deeglik kan afhandel ten einde klaar te kry binne die 90 dae nie.

Tabel 4.5.2 Hoë werkslading tydens kinderhofondersoeke

Tema 3: Die maatskaplike werkers se belewenis van kinderhofondersoeke	
Subtema 2:	**Narratiewe:**
Hoë werkslading tydens kinderhofondersoeke.	"Met al die **verantwoordelikhede wat maatskaplike werkers mee sit**, want hulle spesialiseer nie net in statutêre werk nie." "Meer **maatskaplike werkers** en ek dink nie dit is debatteerbaar nie. Dit is lankal reeds uitgedien dat maatskaplike werkers man **alleen al hierdie verantwoordelikhede** moet dra." "Hier sit ons en **ons is oorval met werk**. En dan **moet ons nog fondse ook insamel**, wat dit vir ons onmoontlik maak om **so te fokus op statutêre werk**." "Ek is nou hier **besig om 'n hofverslag te skryf,** dan **kom daar weer drie klagtes in oor ander goed wat ek nie doen nie**." "Jy wil soveel meer doen in jou ondersoek, nie net in jou ondersoek nie, maar ook om nog tot hulp te kan wees vir die gesin en jy kan dit nie regtig doen nie, want **jou gevallelading is so hoog en jy het so baie om aan aandag te gee terselfdertyd, so jy kan nie regtig fokus op jou ondersoek nie**. Jy is te **verdeeld**." "Ek voel **statutêre werk behoort gespesialiseerde werk te wees**. 'n Persoon wat alles moet doen in 'n kantoor, dit is baie swaar om statutêre werk, veral vir

	'n kantoor wat 'n hoë aanmeldingsyfer het, **statutêre werk regtig goed te doen.**" "Ek voel daar moet nog **meer werkers wees, ons is te min.**"

Deelnemers se belewenisse van hulle hoë werksladings tydens kinderhofondersoeke dui daarop dat hulle frustrasies beleef en soms magteloos en oorweldig voel, omdat hulle graag 'n diens aan die gesinne wil lewer, maar bloot net nie oor die kapasiteit beskik om dit te doen nie. Volgens die deelnemers word daar dikwels nie net van hulle verwag om kinderhofondersoeke te voltooi nie, maar is hulle ook gemoeid met ander take soos byvoorbeeld fondsinsamelings wat verdere druk op hulle plaas.

Volgens Proudlock en Budlender (2011:3) was daar gedurende 2011, 13 773 geregistreerde maatskaplike werkers in Suid-Afrika wat deur beide die regering en nie-regeringsorganisasies in diens geneem was. Tussen 16 000 en 66 000 maatskaplike werkers word egter vir die lewering van 'n maatskaplike diens benodig, soos in die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005) omskryf. 'n Studie oor hoë werksladings onder maatskaplike werkers in Engeland, het aangedui dat indien daar vir maatskaplike werkers elk 20 sake geallokeer word, die maatskaplike werkers, minder as twee uur per week het om aan elke saak te spandeer (Beckett, 2007:210). Maatskaplike werkers in Suid-Afrika het dikwels meer as 'n tweehonderd sake wat op 'n slag hanteer moet word, wat die lewering van kinderbeskermingsdienste verder bemoeilik.

Die groot toename in die aantal kinderbeskermingsake word nie deur die vermeerdering van personeel ondersteun nie. Baie organisasies rapporteer dat hulle probleme met die werwing van personeel ervaar as gevolg van onvoldoende salarisse en hoë gevalleladings (Downs, *et al.*, 2004:276; Streak & Poggenpoel, 2005:45). Personeel tekorte kan daartoe lei dat sekere sake vir lang periodes voortsleep sonder om enige aandag te ontvang of dit kan daartoe lei dat sake herhaaldelik van een personeellid na 'n ander oorgeplaas word wat die prioritisering van sake negatief kan beïnvloed (Beckett, 2003:219; Human

Sciences Research Council, 2008:71). Hoë werkladings kan opsigself stres by maatskaplike werkers veroorsaak, terwyl sake waarby hulle nie uitkom nie, bykomende stres veroorsaak (Van Wyk, 2011:70) en daarby veroorsaak die vereistes van die Kinderwet om kinderhofondersoeke binne 90 dae te voltooi, verdere spanning by maatskaplike werkers.

Beckett (2003:59) beveel aan dat maatskaplike werkers assertief moet wees deur op 'n redelike werkslading aan te dring. Stres en oorlading wat deur maatskaplike werkers ervaar word, kan tot swak besluitneming lei. Sake waar daar 'n onmiddellike risiko van kindermishandeling bestaan, kan daartoe lei dat maatskaplike werkers van die een krisis na die ander jaag, sonder om aandag aan die onderliggende probleme van sake te gee en gevolglik nié die nodige langtermyn planne maak ten opsigte van die hantering van sake nie (Beckett, 2003:219). Werksituasies wat kronies oorweldigende eise aan maatskaplike werkers stel, laat hulle uitgeput en sinies voel en lei daartoe dat maatskaplike werkers se sin van effektiwiteit verlore gaan. Om aanhoudend uitgeput te voel en sinies te wees kan daartoe lei dat maatskaplike werkers minder effektief hulle werk verrig (Munro, 2002:144). Maatskaplike werkers kan as gevolg van spanning oor die tipe werk wat hulle verrig, gouer aan uitbranding lei invergelyking met ander professionele persone (Botha, 2000:215). Menslike hulpbronne-kwessies is veral 'n groot bekommernis. Vergoeding en werkstoestande vir maatskaplike werkers binne die sisteem is dikwels uiters swak en stres en uitbranding is deurlopend teenwoordig. Opleiding is ook dikwels onvoldoende of nie beskikbaar nie (Loffell in Richter, *et al.*, 2004). Vanweë die groot verskil in salarisse wat tans tussen die publieke en privaat sektor in Suid-Afrika voorkom, bestaan daar 'n groter risiko vir die ontstaan van vakante poste binne die publieke sektor (Du Preez, 2012:20; Human Sciences Research Council, 2008:50).

Kinderbeskermingswerk behels dikwels onsekerheid en twyfelagtigheid, aangesien die kennisbasis oor sake dikwels beperk is en voorspellings oor kinders se toekomstige welsyn dikwels gebrekkig is en daar geen definitiewe manier bestaan om 'n balans tussen die botsende regte van ouers en kinders te handhaaf nie. Die publiek stel hoë standaarde aan maatskaplike werkers wat 'n

kinderbeskermingsdiens lewer. Dit is egter problematies vir maatskaplike werkers om aan hierdie hoë standaarde te voldoen (Adams, Dominelli & Payne, 2009:49; Munro, 2002:1).

Die tweede subtema wat geidentifiseer is, handel oor "*Intervensie met biologiese ouers tydens kinderhofondersoeke*". Die narratiewe vir die bogenoemde subtema word in Tabel 4.5.2 weergegee.

Tabel 4.5.3: Intervensie met biologiese ouers tydens kinderhofondersoeke

Tema 3: Die maatskaplike werkers se belewenis van kinderhof ondersoeke	
Subtema 2:	**Narratiewe:**
Intervensie met biologiese ouers tydens kinderhofondersoeke.	"Om daardie **weerstand eers te breek vat noodwendig drie maande.**" "Dit is 'n **moeilike proses**, want jy werk met **weerstand baie keer**. Geen ouer wil hê hulle kinders moet uit hulle sorg verwyder word nie." "Dis partykeer baie moeilik, want ek het nou weer **ouers wie glad nie wil saamwerk nie, want hulle is kwaad vir jou en nou kan jy ook glad nie die inligting van hulle af kry nie, want hulle wil nie met jou saamwerk nie**. So, nou het jy **net daardie drie maande en moet jy nou eers weer 'n verhouding bou met hulle**, omdat hulle nou so kwaad is vir jou en jy moet inligting insamel vir die fisiese verslag, maar in daardie tyd moet jy nog dienste lewer ook om hulle te help om hulle omstandighede te verander. So, dis vir my baie **moeilik om**

	dit in drie maande tydperk te doen."

Die Wet ten opsigte van kinderbeskerming is kompleks, die beleid is spesifiek en daar is verskeie riglyne ten opsigte van dienslewering wat deur maatskaplike werkers gevolg moet word (Milner & O'Byrne, 2010:206). Maatskaplike werkers moet die wantroue, vyandigheid en aggressiwiteit van familielede hanteer wat moontlik bedreig mag voel deur 'n ondersoekproses wat impliseer dat hulle as ouers gefaal het (Cleaver, *et al.*, 2007:92; Downs, *et al.*, 2004:276). Dit kan baie moeilik vir ouers of voogde wees om te aanvaar dat maatskaplike werkers regverdige assesserings onderneem en terselfdertyd bewyse vir die hangende hofverrigtinge oor ouerlike tekortkominge insamel (Dale, *et al.*, 2005:164). Maatskaplike werkers mag huiwerig wees om moeilike besluite te neem, soos om kinders te verwyder of kan die teenoorgestelde doen deur toe te laat dat kinders in situasies bly waar daar moontlike risiko's ten opsigte van kindermishandeling of verwaarlosing is (Beckett, 2003:219).

Dit blyk dat deelnemers aan die studie dit moeilik vind om rolverdeling tydens kinderhofondersoeke toe te pas aangesien daar van hulle verwag word om 'n verhouding met biologiese ouers op te bou, inligting en bewysstukke vir kinderhofondersoeke in te samel en terselfdertyd ook in hierdie 90-dae tydperk gesinne te ondersteun, sodat die kinders moontlik teruggeplaas kan word in hulle sorg. Deelnemers voel dat 90 dae nie voldoende is om die weerstand van ouers af te breek en 'n sinvolle verhouding met ouers op te bou vir verdere dienslewering nie, aangesien ouers dikwels kwaad en vyandig is teenoor maatskaplike werkers oor die verwydering van hulle kinders. Die maatskaplike werkers se belewenisse van intervensie met die biologiese ouers tydens kinderhofondersoeke blyk dus die implementering van die verwyderingsproses te beïnvloed deur dat maatskaplike werkers soos genoem drie rolle tydens die proses moet vertolk, alles binne die 90-dae tydperk.

Die derde subtema wat geïdentifiseer is, handel oor die "*Skryf van kinderhofverslae*".Die narratiewe vir die bogenoemde subtema word in Tabel 4.5.3 weergegee.

Tabel 4.5.4: Skryf van kinderhofverslae

Tema 3: Die maatskaplike werkers se belewenis van kinderhofondersoeke	
Subtema 3:	**Narratiewe:**
Skryf van kinderhofverslae.	"Hy is **te kompleks**. Hy is in 'n **taal ontwerp wat die kliënt nie verstaan nie** en ek dink dit bring onnodige risiko's vir die kliënt mee, dat hy in 'n Hof gaan staan." "Ek vind dit 'n bietjie **omslagtig.** Ek vind dit **baie herhalend** en ek is nie altyd seker of die persoon wie dit lees in kort, **regtig 'n goeie beeld kry van die omstandighede** waaronder die gesin verkeer het ten tye van jou aanmelding." "**Dis veeleisend**." "Dit vat verbasend **meer tyd** van 'n mens." "Baie keer is daar vir my **duplikasie in die verslag**." "Sommige kere sal **'n voorsittende beampte vir my die indruk gee dat hulle partykeer baie min aandag gee aan die feite wat in die verslag staan** en mens sal dalk 'n bietjie meer daarvan in die Hof wil hoor." "Jy **spandeer eintlik meer tyd en energie aan jou kinderhof verslae en as dit by die Kinderhof kom, dan lees hulle dit voor die tyd en dan is dit net so goed daar word 'n stempel opgesit** en dan dink jy, jissie jy het nou so baie tyd en energie hier

	ingesit en hier is alles nou weer oor en verby." "Die ergste is dat **die Landdros dit dan nie eers lees nie**. Dis hierdie lang verslag en hy **lees ons inleiding en aanbeveling en dit is dit**."

Kinderhofverslae saamgestel deur maatskaplike werkers, word as 'n integrale deel van kinderhofondersoeke beskou (Human Sciences Research Council, 2008:67). Kinderhofondersoeke is indringend en daar word van maatskaplike werkers verwag om ondersoek in te stel na die persoonlike omstandighede van gesinne en dan volledig verslag daaroor te doen aan die Hof (Downs, *et al.*, 2004:236). Maatskaplike werkers voel dikwels gefrustreerd oor die lang hofverslae wat hulle moet skryf (Kleijn, 2004:73). Die skryf van verslae het ten doel om uitvoering aan die ondersoekproses te gee deur inligting in die vorm van 'n verslag te dokumenteer (Ludwig, 2007:34). Maatskaplike werkers moet binne hierdie verslae kan onderskeid tref tussen feite, observasies, bewerings, opinies en professionele opinies en moet deur toepaslike bewyse en navorsing ondersteun word (Barker & Hodes, 2004:73).

'n Studie wat deur die *Human Sciences Research Council* (2008:89) onderneem is, het bevind dat voorsittende beamptes binne kinderhowe in Suid-Afrika dikwels die kwaliteit van kinderhofverslae as swak beleef. Volgens die studie ontbreek kinderhofverslae dikwels belangrike inligting oor kinders, versorgers en families. Laasgenoemde probleem word aan onvoldoende supervisie ten opsigte van maatskaplike werkers se verslae toegeskryf.

Deelnemers aan die studie ervaar die skryf van kinderhofverslae as veeleisend en is van mening dat daar baie herhaling in dié verslae voorkom. Verder beleef die deelnemers die verslae as te ingewikkeld vir die kliënt-sisteem om te verstaan. Maatskaplike werkers se belewenis van die skryf van kinderhofverslae, soos hierbo genoem, kan daartoe lei dat hulle 'n weerstand teen die verwyderingsproses ontwikkel, aangesien hulle die skryf van kinderhofverslae as

veeleisend en tydrowend beskou. Maatskaplike werkers is bewus daarvan dat indien hulle kinders uit die sorg van hulle ouers verwyder, dit 'n kinderhofondersoek behels en gevolglik hulle bevindinge in 'n kinderhofverslag bekend moet maak. Indien hulle 'n weersin in die skryf van kinderhofverslae ervaar, kan dit daartoe bydra dat hulle huiwerig mag wees om die verwyderingsproses te implementeer.

Die vierde subtema wat geïdentifiseer is handel oor "*Die maatskaplike werkers se belewenis van kinderhofverrigtinge*".

Tabel 4.6.1: Die maatskaplike werkers se belewenis van kinderhofverrigtinge

Tema 5: Die maatskaplike werkers se belewenis van die Kinderhof	
Subtema 1:	**Narratiewe:**
Die maatskaplike werkers se belewenis van kinderhofverrigtinge.	"Ek het gedink dit sou meer **kindervriendelik wees.**" "Ek voel dat dit baie **klinies en koud is.**" "Die **aanspreek van die ouers rondom gebeure wat aanleiding gegee het tot die Kinderhof, is vir my ook nogal 'n saak wat meer aandag kan geniet in 'n Hof,** omdat baie keer grens dit aan krimineel. Ek het nog nooit 'n saak beleef waar 'n ouer regtig krimineel aangekla is nie en dit is ook vir my 'n leemte, omdat die boodskap, maar uitgaan als is okay, **ons kan maar doen wat ons wil met ons kinders en dit is maar okay.**" "Ek voel ons werkers doen al hierdie moeite en by die Hof, **voel ek die Hof moet meer na vore kom, want die ouers word maar**

	net liggies aangespreek." "En hulle **laat jou soms baie lank staan.** Hulle het **geen respek half vir ons nie.** En ons **verslae word amper nie eers partykeer gelees nie.**" "Mens is nie altyd seker **watter ondersteuning jy van die Hof gaan kry nie.**" "Ek voel ons **ondersteuning van die Kinderhof self is baie swak.**"

Die uitvoering van die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005) plaas 'n groot las op die hofstelsel in Suid-Afrika. Die Wet se sukses hang van die Kinderhof se vermoë en verbintenis om die Wet tot uitvoering te bring, af (Van der Zalm, 2008:923). Die huidige kinderhofstelsel wat in Suid-Afrika gebruik word, moet dus krities vanuit 'n personeel- en vaardigheidsperspektief hersien word en moet moontlik binne 'n spesialis gesinshofstelsel geïnkorporeer word (Boezaart, 2009:168). Howe is nie 'n natuurlike terrein vir die meeste terapeutiese professionele persone nie en hierdie omgewing kan hulle ongemaklik laat voel en gevoelens van ondermyning en intimidasie laat beleef (Dale, *et al.*, 200547), soos die deelnemers in die narratiewe in Tabel 4.7.1 aandui. Maatskaplike werkers wend hulle tot die Kinderhof ten einde hofbevele te bekom om kinders te beskerm teen mishandeling of verwaarlosing. Vir baie maatskaplike werkers kan dit 'n verskriklike vooruitsig wees om kinderhowe te besoek (Butler & Roberts, 1997:305). Volgens die deelnemers aan die studie beleef hulle dikwels dat kinderhowe nie kindervriendelik is nie en dat hulle nie voldoende ondersteuning van kinderhowe ontvang tydens die implementering van die verwyderingsproses nie. Die deelnemers dui verder aan dat hulle dikwels ervaar dat kinderhowe nie altyd reg laat geskied in terme van ouers se aanspreeklikheid en verantwoordelikheid nie. Die deelnemers voel dat kinderhowe nie die betrokke ouers oor die mishandeling en verwaarlosing van hulle kinders aanspreek nie en

dikwels net 'n bevel oor die plasing van die kinders uitreik, sonder om ouers oor hulle gedrag aan te spreek.

Dit is belangrik om te bepaal hoe maatskaplike werkers kinderhofverrigtinge beleef, aangesien hulle deur middel van hierdie verrigtinge uitvoering aan die implementering van die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005) gee. Indien maatskaplike werkers vertroue in kinderhowe se vermoë om ouers aan te spreek tydens kinderhofverrigtinge verloor en aandui dat hulle nie voldoende ondersteuning van die kinderhowe tydens die verwyderingsproses ontvang nie, kan dit daartoe lei dat hulle 'n weerstand ten opsigte van die implementering van die verwyderingsproses ontwikkel, aangesien hulle mag beleef dat daar geen doel is met die verwyderingsproses nie.

4.6 TEMA 4: DIE MAATSKAPLIKE WERKERS SE BELEWENIS VAN BESKIKBARE HULPBRONNE TYDENS DIE STATUTÊRE VERWYDERINGSPROSES

Die vierde tema wat geïdentifiseer is, handel oor "*Die maatskaplike werkers se belewenis van beskikbare hulpbronne tydens die statutêre verwyderingsproses*". Die narratiewe vir die bogenoemde tema word in Tabel 4.6.1 weergegee.

Tabel 4.6.1: Die maatskaplike werkers se belewenis van beskikbare hulpbronne tydens die statutêre verwyderingsproses

Tema 4: Die maatskaplike werkers se belewenis van beskikbare hulpbronne tydens die statutêre verwyderingsproses	
Subtema 1:	**Narratiewe:**
Die maatskaplike werkers se belewenis van die beskikbaarheid van veiligheidsouers; pleegouers en kinder- en jeugsorgsentrum plasings vir kinders tydens die statutere verwyderingsproses.	"Daar is **nie genoeg veiligheidsouers nie.**" "Ons het **nie genoeg hulpbronne** om hierdie kinders **te akkommodeer nie.**" "Daar is **nie genoegsame veiligheidsplekke wat die staat voorsien nie.**"

	"Die **staat het daardie verantwoordelikheid om veiligheidsplekke op die been te bring, wat nie gebeur nie.**" "Dit gee **slapelose nagte** vir 'n maatskaplike werker." "Met die **beperktheid van hulpbronne** jy weet, moet ons somtyds mense **plaas by plekke wat ons nie altyd sou wou nie.**" "Dit is nie net van 'n plek kry vir 'n kind nie, maar ook **wat is die mees geskikte plek vir die kind.**" "Ek dink dit is die **grootste struikelblok in die implementering van die proses**, want as jy nie 'n plek het om 'n kind te neem nie of daar is plek, maar dit is nie geskik nie, dan jy weet worstel jy met die vraag, maar **hoekom los ek dan nie die kind ten minste waar daar bande is nie.**" "Ek dink aan die einde van die dag **affekteer dit jou as werker, want jy weet jy moet die kind plaas, maar jy kan nie. So, dan los jy dit.**" "Jy **gaan sit die kind weer daar waar jy hom gekry het, so dit het geen doel gedien nie.**" "Daar is 'n **tekort aan geskikte pleegouers en geskikte plekke van veiligheid.** Dit is 'n geweldige **frustrasie en 'n bekommernis.**"

	"**Daar is niks nie.** Ek kry soos 'n **koue sweet as ek kinders moet verwyder.**" "Ek wil amper sê dit **grens aan 'n ramp.** Dit is vir my **katastrofies.** Ons **het nie hulpbronne nie.**" "Die Departement **verwag ons moet die kind terug in die gemeenskap plaas.** In menige gevalle het ons **geen hulpbronne in daardie gemeenskap nie** en is die **hulpbronne so swak** dat jy ag ek wil amper sê, dis met vrees en bewing dat jy partykeer mense probeer keur as pleegouers of as veiligheidsouers." "Vir my is die slegte deel dat **daar is nie hulpbronne beskikbaar nie.**" "Hulle is **oorvol**, jy moet **aansoek doen.**" **"Van my gevallelading is daar nou kinders wat ek lankal moes verwyder het, maar as ek hulle verwyder het, waarnatoe vat ek hulle.**" "Ek **vermy dit** om met die kind op daardie punt te kom, **om die kind te verwyder, want ek weet nie waarheen ek met hulle moet gaan nie.**" "Ons **sukkel verskriklik om onmiddellik plek te kry vir so 'n kind** en as die kinderhuis hoor die **kind gee gedragsprobleme, kan ons maar vergeet.**"

	"Sommige kere **moes jy al verwyder het, maar daar is bloot nie plek nie.**"

Vir 'n maatskaplike diens om effektief te wees, moet personeel van alle relevante sektore in die gemeenskap in 'n hegte vennootskap met mekaar saamwerk, in hul taak om mishandeling te voorkom en kinders wat reeds binne die sisteem is te hanteer (Loffell in Richter, *et al.*, 2004:252). Kinderbeskermingsorganisasies het dikwels té min hulpbronne beskikbaar om families te help of om die tipe ondersteuning wat maatskaplike werkers benodig op 'n professionele vlak van werkverrigtinge binne hulle werk te handhaaf (Downs, *et al.*, 2004:76). Erkenning moet verleen word aan die vlakke van hulpbronne wat benodig word om 'n volgehoue effektiewe voorkomings-, beskermings- en ondersteuningsdiens aan families en kinders te lewer (Dale, *et al.*, 2006:24-25).

Beckett (2003:233) is van mening dat die vermoë van maatskaplike werkers beperk word en dat dit nie sal verander nie vanweë die hulpbronne wat aan hulle voorsien word om take te verrig. In sommige sake blyk dit dat die druk weens 'n gebrek aan hulpbronne binne maatskaplike dienslewering aan kinders, die maatskaplike werkers se reaksie en besluitneming in sake kan beïnvloed (Cleaver, et al., 2007:103; Kemshall & Wilkinson, 2011:13). Befondsing blyk ook 'n ernstige probleem te wees ten opsigte van beskikbare hulpbronne. 'n Tekort aan fondse bemoeilik dit nog verder vir die maatskaplike werkers om 'n diens aan kliënte te voorsien. Wanneer kliënte byvoorbeeld terapie benodig, is dit finansieel moeilik om kliënte vir terapie te verwys, aangesien die terapeute betaal moet word en die kliënte self of die organisasies nie noodwendig oor die fondse beskik om daarvoor te betaal nie (Kleijn, 2004:76; Richter, *et al.*, 2004:270).

In maatskaplike werk blyk daar altyd 'n tekort aan hulpbronne te wees (Barnard, *et al.*, 2008:86). Die wyse waarop die maatskaplike werkers toegang tot beskikbare hulpbronne beleef tydens die statutêre verwyderingsproses, beïnvloed die wyse waarop die proses geïmplementeer word. Volgens die deelnemers aan die studie blyk daar nie hulpbronne beskikbaar te wees vir die plasing van kinders in plekke van veilige bewaring nie en beïnvloed dit dus die

intervensiestrategie wat hulle moet volg. Die Kinderwet bepaal dat kinders deur middel van die verwyderingsproses teen mishandeling en verwaarlosing beskerm moet word. Volgens die deelnemers aan die studie vermy hulle dikwels die verwydering van kinders, omdat daar nie voldoende plekke vir die plasing van die kinders beskikbaar is nie en moet hulle dikwels kinders weer terugplaas by hulle ouers, aangesien hulle nie geskikte alternatiewe plasings kon opspoor nie en voel hulle dus dat daar geen doel is om die verwyderingsproses te implementeer nie. Die deelnemers blyk frustrasie te beleef en voel dat hulle die kinders faal, omdat daar nie beskikbare hulpbronne vir die plasing van die kinders beskikbaar is nie. Dit beïnvloed gevolglik hulle oorweging om kinders te verwyder en dus die verwyderingsproses te implementeer.

4.7 TEMA 5: DIE MAATSKAPLIKE WERKERS SE BELEWENIS VAN SUPERVISIE TYDENS DIE STATUTÊRE VERWYDERINGSPROSES

Die vyfde tema wat tydens die empiriese studie geïdentifiseer is, handel oor "*Die maatskaplike werkers se belewenis van supervisie tydens die statutêre verwyderingsproses*". Die subtema wat tydens hierdie tema geïdentifiseer is, handel oor "*Emosionele ondersteuning tydens supervisie*". Die narratiewe vir die subtema word in Tabel 4.7.1 weergegee.

Tabel 4.7.1: Die maatskaplike werkers se belewenis van supervisie tydens die statutêre verwyderingsproses

Tema 5: Die maatskaplike werkers se belewenis van supervisie tydens die statutêre verwyderingsproses	
Subtema 1:	**Narratiewe:**
Emosionele ondersteuning tydens supervisie.	"Nee **daar is nie genoegsame ondersteuning nie. Jy staan basies alleen in die veld.**" "Ons ondersteuning in die statutêre proses ek dink **daar kan baie meer gedoen word**, want dit is nie 'n maklike taak nie. Dit is 'n **emosioneel**

	veeleisende geestelik uitputtende pad wat 'n maatskaplike werker moet stap." "Ek dink **nie daar is regtig formele emosionele ondersteuning** by ons dat dit is nou waar jy kan gaan om hierdie spesifieke saak te bespreek en hoe dit vir **jou as persoon raak**." "Ek dink nie hulle besef altyd, **omdat hulle ook nie meer in die praktyk is, besef hulle nie altyd waardeur ons emosioneel gaan as ons hierdie gevalle hanteer nie**." "Ek het **al hulp gaan vra** en **ek kry nie die hulp en ondersteuning nie**." "Aan die einde van die dag weet jy die goed moet klaar wees, maar **jy kom nie daarby uit nie, jy het nie ondersteuning nie**." "**Mens raak siek, want jy stres oor jou werk**. Dan is **daar nie ondersteuning nie**." "Ons moet **meer ondersteuning kry as baie, baie ander mense** en **ons kry dit nie**." "Ek dink baie van ons bestuurders is **baie lank uit die bedryf en hulle weet nie altyd wat aangaan nie**. Ek dink supervisie en ondersteuning **kan baie meer wees**."

	"Daar **bestaan nie emosionele ondersteuning nie**." "Ons wat die werk doen, **word soms nagelaat**. Dit is jou werk en daar word van jou verwag om dit te doen, maar nie agterna daai **ondersteuning van is jy okay of hoe het jy dit beleef, so ek dink dit is 'n leemte**." "**Ek kry nie die leiding wat ek nodig het nie**. So vir my as jong werker is dit vir my **'n groot bron van stres**." "Hulle het **baie gefokus op die lêers en min eintlik gefokus op jou persoonlike ontwikkeling** en dit was net **altyd negatiewe goed wat voorgelê was**."

Alle maatskaplike werkers in Suid-Afrika word verplig om supervisie deur supervisors te ontvang wat ook as maatskaplike werkers, by die organisasie geregistreer is waar hulle werk (*South African Council for Social Service Professions*, 38). Die doel met supervisie is om maatskaplike werkers se professionele vaardighede en kennis te verhoog om hulle sodoende in staat te stel om 'n kwaliteit diens aan kliënte en gemeenskappe te lewer (Earl, 2008:190).

Maatskaplike werk is 'n veeleisende beroep wat baie kennis en vaardighede vereis. Dit is dikwels fisies en emosioneel uitputtend en maatskaplike werkers het 'n behoefte aan ondersteuning en supervisie om hierdie uitdagings te kan hanteer (Ferguson, 2011:198; Thompson, 2009:171). Supervisie is nodig om maatskaplike werkers te help om die gevolge van die emosies wat deur die families beleef word, te herken. Supervisors moet maatskaplike werkers help om hulleself te verwyder van hul assesserings en om die betroubaarheid van hulle inligting en oordeel te hersien en te evalueer (Munro, 2002:144).

Supervisie en konsultasie is noodsaaklik indien maatskaplike werkers emosioneel in voeling met hulleself wil bly. Ondersteuning en supervisie aan maatskaplike werkers help om 'n spasie te skep vir emosionele denke en bevat elemente soos insluiting, gevallelading-bestuur, die deel van inligting en professionele opvoeding. Een van supervisie se sinvolle elemente behels selfrefleksie en analisering, waar maatskaplike werkers kan nadink tot in watter mate kliënte hulle emosioneel beïnvloed en hoe hulle kliënte emosioneel beïnvloed. Indien organisasies nie daarin slaag om hulle maatskaplike werkers te ondersteun nie, loop hulle die risiko om hulle mees belangrikste hulpbron, naamlik emosioneel intelligente en beskikbare maatskaplike werkers te verloor (Earle, 2008:190; Howe, 2008:186-187). Organisasies het 'n fundamentele verantwoordelikheid om werksomgewings te voorsien, wat goeie, kritiese redenering bevorder. Organisasies moet toesien dat maatskaplike werkers oor die regte kennis en vaardighede vir die werk beskik wat van hulle verwag word, dat daar voldoende hulpbronne en tyd beskikbaar is om die werk volgens 'n goeie standaard te verrig en laastens moet organisasies ook toesien dat hierdie maatskaplike werkers toegang het tot supervisie om hulle te help om meer objektief te wees oor hulle redenering (Ferguson, 2011:204; Munro, 2002:158-159).

Soms mag dit voorkom asof supervisors maatskaplike werkers se assessering van kliënte ondermyn. Hulle sal byvoorbeeld aan maatskaplike werkers noem dat dit hoë risiko sake is en aanbeveel dat die maatskaplike werkers op 'n sekere manier moet reageer, wat teenstrydig is met die maatskaplike werkers se eie assesserings. Maatskaplike werkers word dikwels nie toegelaat om hulle gevoelens oor sake en hulle werk uit te spreek nie, aangesien dit onmiddellik supervisors se beskouing van hulle werksprestasie kan beïnvloed. Hierdie tipe situasies beïnvloed gevolglik die maatskaplike werkers se eie persepsies oor hulle werk (Trotter, 2004:168).

Die deelnemers aan die studie ontvang wel supervisie by die organisasies waar hulle werk, maar beleef dat hulle nie voldoende emosionele ondersteuning van hulle supervisors tydens die verwyderingsproses ontvang nie. Die ondersteuning wat die deelnemers wel ontvang van supervisors voldoen nie noodwendig aan

die spesifieke behoeftes van die individuele maatskaplike werkers nie. Die deelnemers het aangedui dat hulle dikwels alleen staan tydens die verwyderingsproses en baie meer emosionele ondersteuning van supervisors tydens supervisie behoort te ontvang. Die deelnemers voel ook dat hulle nie voldoende leiding en hulp kry tydens die verwyderingsproses nie, selfs al vra hulle daarvoor. Maatskaplike werkers se belewenis van supervisie en emosionele ondersteuning tydens die verwyderingsproses kan dus die implementering van hierdie proses beïnvloed omdat dit hulle huiwerig mag maak om die proses te implementeer, aangesien hulle nie die emosionele eise wat hierdie proses aan hulle stel, kan hanteer nie. Maatskaplike werkers se gemoedstoestand, asook die kwaliteit van aandag wat hulle aan kinders tydens kinderhofondersoeke gee, hou direk verband met die mate van ondersteuning en aandag wat hulleself van hul supervisors en kollegas ontvang (Ferguson, 2011:205).

4.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die data wat tydens die studie ingesamel is, weergegee in terme van temas en subtemas wat geïdentifiseer is. Die bepaalde temas en subtemas is aan die hand van bestaande literatuur gekontroleer en bespreek ten einde te bepaal hoe maatskaplike werkers verskillende aspekte van die statutêre verwyderingsproses in geheel beleef en hoe hierdie belewenisse moontlik die implementering van die statutêre verwyderingsproses kan beïnvloed.

In Hoofstuk 5 sal die gevolgtrekkings en aanbevelings van die navorsingstudie deeglik bespreek word.

HOOFSTUK 5

GEVOLGTEKKINGS EN AANBEVELINGS VAN DIE NAVORSINGSTUDIE

5.1 INLEIDING

In Hoofstuk 4 is die data wat tydens die studie ingesamel is, geanaliseer en is die bepaalde temas en subtemas wat geïdentifiseer is aan die hand van bestaande literatuur gekontroleer. In Hoofstuk 5 word die navorsingsvraag geevalueer om seker te maak die vraag is wel tydens die studie beantwoord en of die doelstelling en doelwitte van die studie bereik is. 'n Oorsig van die navorsingsproses wat tydens die studie gevolg is, sal ook weergegee word. In hierdie hoofstuk gaan daar ook bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word op grond van die data wat ingesamel en geanaliseer is. Die beperkinge van die studie sal ook in hierdie hoofstuk bespreek word.

5.2 BEREIKING VAN DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die doel van die navorsingstudie was om die navorsingsvraag, naamlik "*Watter invloed het die belewenisse van maatskaplike werkers op die implementering van die statutêre verwyderingsproses?*" te beantwoord. Om die navorsingsvraag te beantwoord, is die volgende doelstelling en doelwitte vir die studie geformuleer:

Die doelstelling vir die studie was soos volg:

Om maatskaplike werkers se belewenisse van die statutêre verwyderingsproses binne die Suid-Afrikaanse konteks te verken en beskryf ten einde te bepaal wat die invloed van hierdie belewenisse op die implementering van die statutêre verwyderingsproses is. Die doelstelling van die studie is bereik deur uitvoering te gee aan die doelwitte van die studie.

Die doelwitte vir die studie was soos volg:

- Om die belewenisse van maatskaplike werkers wat verantwoordelik is vir statutêre werk in die Kaapse Skiereiland en Boland rakende die statutêre verwyderingsproses te verken en beskryf. Die navorser het hierdie doelwit bereik deur ongestruktureerde onderhoude te voer met maatskaplike

werkers, wat verantwoordelik is vir die statutêre verwydering van kinders. Die navorser het deur middel van oop vraagstelling aan deelnemers die geleentheid gegee, om hul belewenisse rakende die statutêre verwyderingsproses te beskryf. Deur middel van hierdie tipe van onderhoudvoering kon die navorser daarin slaag om maatskaplike werkers se belewenisse rakende die statutere verwyderingsproses te verken en te beskryf.

- Om die invloed wat die belewenisse van maatskaplike werkers, verantwoordelik vir statutêre werk in die Kaapse Skiereiland, op die implementering van die statutêre verwyderingsproses te verken en beskryf. Die navorser het hierdie doelwit bereik deur die benutting van die fenomenologiese navorsingsontwerp om die belewenisse van maatskaplike werkers. te bepaal. Die navorser het deur die benutting van omgestruktureerde onderhoudvoering, as data insamelingsmetode, voldoende data ingesamel, om die doelstellings te kon bereik en die navorsingsvraag te kon beantwoord. Deur gebruik te maak van ongestruktureerde onderhoude en oop vraagstelling kon, deelnemers hulle geleefde ervaringe en belewennisse deel.

Beide doelwitte is verder bereik deur die benutting van Creswell se analitiese spriraal vir data ontleding. Die navorser kon deur die benutting van Creswell se analitiese spiraal, bepaalde temas en subtemas vir die studie identifiseer. Hierdie temas kon aan die hand van bestaande litratuur gekontroleer word. Die ingesamelde data het die navorser in staat gestel om die navorsingsvraag vir die studie te beantwoord.

5.3 OORSIG VAN DIE NAVORSINGSPROSES

Die navorsingsprosedures en werkwyse wat tydens die studie gevolg is, is bespreek en aandag is gegee aan die etiese aspekte wat tydens die studie gevolg is en 'n begripsverheldering van hoofkonsepte is voorsien. Die navorser het verder 'n teoretiese raamwerk verskaf wat bestaan het uit die Ontwikkelingsgerigte benadering, die Ekologiese sisteemperspektief in maatskaplike werk, asook die Veldteorie binne die Gestaltterapeutiese

benadering. Die teoretiese raamwerk het die uitganspunt vir hierdie studie gevorm en dra sodoende by tot die bereiking van die doelstelling van die studie.

Tydens hierdie studie is 'n kwalitatiewe fenomenologiese navorsingsontwerp gebruik om ondersoek na die invloed van die belewenisse van die maatskaplike werkers op die implementering van die statutêre verwyderingsproses in te stel. Die navorser het 'n doelgerigte, nie-waarskynlikheidsteekproef gebruik om die populasie vir die studie te selekteer. Die steekproef het uit 26 geregistreerde maatskaplike werkers bestaan, werksaam by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, die ACVV, Badisa en Kinder- en Gesinsorgverenigings. Die maatskaplike werkers wat die populasie vir die studie gevorm het, is almal vir die statutêre verwydering van kinders verantwoordelik. Data is ingesamel deur middel van ongestruktureerde onderhoudvoering en het by die organisasies waar die maatskaplike werkers werksaam is, plaasgevind. Alle onderhoude is opgeneem en is na afloop van die onderhoude getranskribeer. Die navorser het ook van veldnotas en waarneming as verdere metodes van data-insameling gebruik gemaak. Die data is geanaliseer deur Creswell se vyf stappe vir data-analise toe te pas, waarna bepaalde temas en subtemas vir die studie geïdentifiseer is. Die navorser het 'n eksterne kodeerder gebruik om die geloofwaardigheid van die studie te versterk en het hierna die geïdentifiseerde temas en subtemas aan die hand van bestaande literatuur gekontroleer.

5.4 GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

Die volgende gevolgtrekkings en aanbevelings is op die bevindinge van die empiriese studie gebaseer en word volgens die volgende hooftemas aangebied met subtemas wat tydens die studie geïdentifiseer is:

Tema 1: Die maatskaplike werkers se belewenis van die statutêre verwydering van kinders.

Subtema 1: Die emosionele belewenis van die maatskaplike werkers ten opsigte van die statutêre verwydering van kinders.
Subtema 2: Die maatskaplike werkers se belewenis van persoonlike veiligheid tydens die statutêre verwydering van kinders.

Tema 2: Die maatskaplike werkers se belewenis van die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005).

Subtema 1: Implementering en interpretering van die Kinderwet deur maatskaplike werkers.

Tema 3: Die maatskaplike werkers se belewenis van kinderhofondersoeke.

Subtema 1: Tydperk vir voltooiing van kinderhofondersoeke.

Subtema 2: Hoë werkslading tydens kinderhofondersoeke.

Subtema 3: Intervensie met biologiese ouers tydens kinderhofondersoeke.

Subtema 4: Skryf van kinderhofverslae.

Subtema 5: Hantering van die maatskaplike werkers deur die Kinderhof.

Tema 4: Die maatskaplike werkers se belewenis van beskikbare hulpbronne tydens die statutêre verwyderingsproses.

Subtema 1: Die maatskaplike werkers se belewenis van die beskikbaarheid van veiligheidsouers; pleegouers en kinder- en jeugsorgsentrumplasings vir kinders tydens die statutêre verwyderingsproses.

Tema 5: Die maatskaplike werkers se belewenis van supervisie tydens die statutêre verwyderingsproses.

Subtema 1: Die maatskaplike werkers se emosionele ondersteuning tydens supervisie.

5.4.1 Die maatskaplike werkers se belewenis van die statutêre verwydering van kinders

Die studie het bevind dat maatskaplike werkers se belewenis van die statutêre verwydering van kinders wél 'n invloed het op die wyse waarop hulle die statutêre verwyderingsproses implementeer.

Uit die empiriese data blyk dit dat die maatskaplike werkers die verwydering van kinders uit die sorg van hulle ouers as 'n moeilike taak beskou. Die maatskaplike werkers beleef dikwels die verwydering van kinders as emosioneel, traumaties

en stresvol en voel meermale fisies uitgeput ná afloop van die verwydering van kinders. Hulle vind dit telkemale moeilik om besluite te neem ten opsigte van die verwydering van kinders uit die sorg van hulle ouers al dan nie. Daar word van maatskaplike werkers verwag om kinders te beskerm teen mishandeling en verwaarlosing, deur hulle uit hierdie tipe omstandighede te verwyder. Daar word egter terselfdertyd ook van maatskaplike werkers verwag om voorkomend op te tree deur gesinne bymekaar te hou (Downs, *et al.*, 2004:224).

Die maatskaplike werkers word dikwels aan potensieel gevaarlike situasies blootgestel wanneer hulle omgewings betree waar kinders verwyder moet word. Die maatskaplike werkers word soms met doodsdreigemente deur bendeleiers gekonfronteer en beleef maatskaplike werk in die algemeen as 'n gevaarlike beroep. Hierdie tipe van werksomstandighede kan tot fisiese en psigologiese stres by maatskaplike werkers lei.

Dit blyk duidelik uit die studie dat die maatskaplike werkers die verwydering van kinders as 'n stresvolle, ingewikkelde en gevaarlike taak beskou. Hierdie emosionele belewenis van die maatskaplike werkers ten opsigte van die verwydering van kinders, kan daartoe lei dat hulle 'n weerstand teenoor die verwydering van kinders ontwikkel en dit gevolglik vermy om tot die verwyderingsproses toe te tree.

5.4.1.1 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings oor die hantering van die maatskaplike werkers se emosionele belewenis ten opsigte van die verwydering van kinders word gemaak:

- Dat maatskaplike werkers deur hulle bestuur die geleentheid gebied word om hulle emosionele belewenis ten opsigte van die verwydering van kinders binne 'n beskermende omgewing te deel.
- Dat supervisors oorweging gee aan die stig van ondersteuningsgroepe, waar maatskaplike werkers hulle emosionele belewenis ten opsigte van die verwydering van kinders kan deel en dat maatskaplike werkers voldoende ondersteuning ontvang tydens die besluitnemingsproses of kinders wel

verwyder moet word en dat hierdie besluitneming binne 'n multidissiplinêre span geskied.

- Dat supervisors erkenning verleen aan die potensieel gevaarlike situasies waarmee maatskaplike werkers gekonfronteer word wanneer kinders verwyder moet word en dat 'n protokol saamgestel word waarin 'n veiligheidsplan vir maatskaplike werkers omskryf word.
- Dat die bestuur van organisasies maatskaplike werkers aanmoedig om nie alleen situasies te betree waar kinders verwyder moet word nie en dat 'n werkooreenkoms met die plaaslike polisie aangegaan word, waarin hulle onderneem om maatskaplike werkers te vergesel, waar nodig.

5.4.2 Die maatskaplike werkers se belewenis van die Kinderwet (Kinderwet, nr. 38 van 2005)

Die studie het bevind dat die maatskaplike werkers se belewenis van die Kinderwet wel 'n invloed het op die wyse waarop hulle die statutêre verwyderingsproses implementeer.

Die Kinderwet omskryf die statutêre verwyderingsproses asook die aksies wat maatskaplike werkers moet volg wanneer kinders uit die sorg van hulle ouers verwyder moet word. Dit is duidelik vanuit die data dat dit die deelnemers se belewenis is dat die Kinderwet nie vir 'n derde wêreldland soos Suid-Afrika ontwikkel is nie, maar eerder vir 'n eerste wêreldland. Alhoewel die maatskaplike werkers die Kinderwet as goeie wetgewing beskou, ervaar hulle ernstige probleme met die implementering van die Wet, vanweë die eise wat die implementering van hierdie Wet verg.

Frustrasies word ook ten opsigte van die Wet en die Kinderhof se interpretering van die Wet beleef. Dit blyk vanuit die empiriese data dat die deelnemers aan die studie ervaar dat daar nie eenvormigheid by kinderhowe oor die implementering van die Kinderwet bestaan nie en dat die Wet verskillend deur kinderhowe geinterpreteer word. Die implementering van die Kinderwet word hierdeur bemoeilik. Die eise wat die implementering van die Kinderwet aan maatskaplike werkers stel, beïnvloed verder die wyse waarop hulle die verwyderingsproses

implementeer, aangesien hulle nie oor die kapasiteit beskik om aan die eise te voldoen nie.

5.4.2.1 Aanbevelings

- Dat 'n diepgaande evaluerende studie van die Kinderwet gedoen word ten opsigte van die interpretering en implementering van die Wet deur kinderhowe.
- Dat verdere navorsing gedoen word rakende die leemtes en behoeftes wat maatskaplike werkers ten opsigte van die uitvoerbaarheid en implementering van die Kinderwet ervaar.

5.4.3 Die maatskaplike werkers se belewenis van kinderhofondersoeke

Die studie het bevind dat die maatskaplike werkers se belewenis van kinderhofondersoeke, wel 'n invloed het op die wyse waarop hulle die statutêre verwyderingsproses implementeer.

Vanuit die deelnemers se respons tydens die studie blyk dit dat hulle dit uitdagend vind om kinderhofondersoeke binne 90 dae te voltooi. Hulle beleef telkemale dat drie maande nie 'n voldoende tydperk is om 'n deeglike ondersoek na die omstandighede van ouers te doen nie. Die maatskaplike werkers het hoë werkladings en moet dikwels meer as een kinderhofondersoek gelyktydig hanteer. Dit lei daartoe dat die maatskaplike werkers onder baie druk geplaas word en nie voldoende tyd gegun word om deeglike kinderhofondersoeke te doen nie. Vanuit die empiriese data beleef die deelnemers ook dikwels dat kinderhowe dikwels hofverrigtinge sluit, indien die maatskaplike werkers nie kinderhofondersoeke binne die 90-dae tydperk voltooi nie. Laasgenoemde kan daartoe lei dat kinders wat verwyder is, moet terugkeer na dieselfde omstandighede waaruit hulle verwyder is.

Die deelnemers aan die studie beleef ook dat hulle rol tydens kinderhofondersoeke tweeledig is. Daar word van hulle verwag om inligting in te samel vir kinderhowe tydens ondersoeke en om terselfdertyd met die ouers ook

te werk om 'n behandelingsplan saam te stel. Die maatskaplike werkers beleef gevolglik groot frustrasie om ondersoeke binne 90 dae te voltooi.

Vanuit die empiriese data blyk dit dat die deelnemers dikwels die skryf van kinderhofverslae as veeleisend beleef. Hulle ondervind die verslae as omslagtig en voel dat daar baie herhaling in die verslae voorkom en dit lei gevolglik daartoe dat maatskaplike werkers 'n weersin in die skryf van kinderhofverslae ontwikkel. Hierdie weersin kan dus verder bydra tot maatskaplike werkers se weerstand teen die implementering van die verwyderingsproses.

Die deelnemers aan die studie ervaar menigmaal dat die Kinderhof nie altyd na die beste belang van die kinders omsien nie. Hulle beleef dat hulle nie met die nodige respek hanteer word deur die Voorsittende beampte en administratiewe personeel by kinderhowe nie. Dikwels beleef hulle ook dat Voorsittende beamptes nie hulle verslae lees nie.

Volgens die deelnemers ondervind hulle dat biologiese ouers dikwels ook nie deur kinderhowe aangespreek word oor hulle gedrag en optrede teenoor hulle kinders nie, alhoewel hulle gedrag die welstand van hulle kinders ernstig benadeel. Die deelnemers dui vanuit die empiriese data aan dat hulle graag sou wou sien dat kinderhowe sterker standpunt teenoor ouers inneem wat hulle skuldig maak aan die mishandeling en verwaarlosing van hulle kinders.

5.4.3.1 Aanbevelings

- Dat die moontlikheid van verdere opleiding van maatskaplike werkers om kinderhofondersoeke meer effektief uit te voer, oorweeg word.
- Dat die werkslading en aantal kinderhofsake wat deur maatskaplike werkers hanteer moet word, hersien word.
- Dat meer maatskaplike werkers aangestel word om suksesvolle uitvoerbaarheid aan die Kinderwet te waarborg.
- Dat die raamwerk van kinderhofverslae hersien word ten einde moontlike duplikasie wat in die verslae voorkom, te verminder.
- Dat die Departement van Justisie ondersoek instel om seker te maak dat kinderhowe wel na die belange van kinders omsien en toeganklik vir kinders en hulle families is.

- Dat kinderhowe se rol in die aanspreek van biologiese ouers se gedrag wat kinderhofondersoeke noodsaak, verder ondersoek en geevalueer word sodat kinders se belange ook hier voorrang geniet.

5.4.4 Die maatskaplike werkers se belewenis van beskikbare hulpbronne tydens die statutêre verwyderingsproses

Die studie het bevind dat die maatskaplike werkers se belewenis van beskikbare hulpbronne tydens die verwyderingsproses wel 'n invloed het op die wyse waarop hierdie proses geïmplementeer word.

Die deelnemers aan die studie beleef dat daar nie voldoende hulpbronne vir die plasing van kinders beskikbaar is nie. Die tekort aan geskikte veiligheidsouers en pleegouers maak dit moeilik vir die deelnemers om kinders te verwyder. Dit gee aanleiding tot veiligheidsouers en pleegouers wat dikwels nie voldoende gekeur word nie. Vanuit die empiriese data blyk dit dat die deelnemers ook probleme ervaar met die plasing van kinders in kinder- en jeugsorgsentrums. Plek in kinder- en jeugsorgsentrums is baie beperk. Die plasings word verder bemoeilik deur kinders wat gedragsprobleme openbaar ten tyde van die plasingsproses. Indien daar nie beskikbare hulpbronne vir die plasing van kinders is nie, kan die maatskaplike werkers nie 'n effektiewe diens lewer nie en bestaan die risiko dat kinders nie uit die omstandighede waar hulle aan mishandeling en verwaarlosing blootgestel word, kan verwyder word nie.

5.4.4.1 Aanbevelings

- Dat verder navorsing gedoen word rakende die beperkte beskikbare hulpbronne vir dienslewering deur maatskaplike werkers en dat 'n daadwerklike plan van aksie deur die Departement Maatskaplike Ontwikkeling saamgestel word om gebrekkige hulpbronne aan te spreek.

5.4.5 Die maatskaplike werkers se belewenis van supervisie tydens die statutêre verwyderingsproses

Vanuit die deelnemers se respons tydens die studie beleef hulle dikwels dat hulle nie voldoende emosionele ondersteuning tydens supervisie ontvang nie. Hulle voel dikwels dat hulle alleen in die verwyderingsproses staan en dat daar meer

gedoen kan word deur supervisors om hulle emosioneel te ondersteun. Maatskaplike werkers kan tydens die verwyderingsproses sekondêre trauma opdoen en hierdie toestand behoort ná afloop van die verwyderingsproses ontlont te word. Indien maatskaplike werkers voel dat hulle nie voldoende emosioneel ondersteun word tydens die statutêre verwydering van kinders nie, kan dit tot uitbranding lei en gevolglik nie fisies of emosioneel daartoe in staat wees om die statutêre verwyderingsproses suksesvol te implementeer nie.

5.4.5.1 Aanbevelings

- Dat die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling as mandaat ondersoek instel na maniere waarop maatskaplike werkers emosioneel meer tydens supervisie ondersteun kan word.
- Dat die styl van supervisors tydens supervisie aangepas word ten einde meer emosionele ondersteuning aan maatskaplike werkers te bied.
- Dat organisasies dit oorweeg om 'n terapeutiese diens beskikbaar te stel vir maatskaplike werkers waarheen hulle kan gaan vir trauma ontlonting ná afloop van die statutêre verwydering van kinders.

5.5 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

Die volgende beperkinge ten opsigte van die studie is geïdentifiseer:

- Die studie was slegs tot die Wes-Kaap beperk.
- Die navorser kon slegs daarin slaag om onderhoude met twee deelnemers van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling te voer, aangesien dit baie lank geneem het om toestemming vir die studie by die Departement te verkry.

5.6 BYDRAES VAN DIE STUDIE

Die navorser het deur middel van die studie bepaal wat die invloed van maatskaplike werkers se belewenisse op die implementering van die statutêre verwyderingsproses is. Gevolglik kon aanbevelings gemaak word oor die wyse waarop maatskaplike werkers ondersteun kan word om sodoende die invloed van hulle belewenisse op die implementering van die proses te beperk. Deur

middel van die studie het die navorser 'n belangrike bydrae tot die veld van statutêre maatskaplike werk in Suid-Afrika gemaak en tot wetenskaplike navorsing binne Suid-Afrika.

5.7 SAMEVATTING

Vanuit die bevindinge van die studie is dit duidelik dat die belewenisse van maatskaplike werkers ten opsigte van die verwyderingsproses, wel 'n invloed het op die wyse waarop maatskaplike werkers hierdie proses implementeer. Die wyse waarop maatskaplike werkers die verwyderingsproses beleef, kan dikwels daartoe lei dat hulle 'n weerstand teen die implementering van die proses toon. Aandag sal daaraan geskenk moet word om meer emosionele ondersteuning, leiding ten opsigte van besluitneming en beskikbare hulpbronne aan maatskaplike werkers tydens die verwyderingsproses te voorsien ten einde hulle in staat te stel om die statutêre verwyderingsproses suksesvol te implementeer.

BRONNELYS

Adams, R., Dominelli, L. & Payne, M. 2009. Social work: Themes, issues and critcal debates. 2de uitg. Groot-Brittanje: Palgrave.

Adler, E. & Clark, R. 2011. An introduction to social research: How it's done. Belmont: Wadsworth & Cengage Learning.

Alston, M. & Bowles, W. 2003. Research for social workers: An introduction to methods. 2de uitg. Londen: Routledge.

Babbie, E. 2007. The practice of social research. 11de uitg. Belmont: Thomson & Wadsworth Publishers.

Babbie, E. 2010. The practice of social research. 12de uitg. Amerika: Wadsworth.

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. The practice of social research. Kaapstad: Oxford University Press Southern Africa (Edms) Bpk.

Baker, J. & Hodes, D. 2004. The child in mind: A child protection handbook. Londen: Routledge Publishers.

Barnard, A., Horner, N. & Wild, J. 2008. The value base of social work and social care. Berkshire: Open University Press.

Beckett, C. 2003. Child protection: An introduction. Londen: Sage Publications.

Beckett, C. 2007. Child protection: An introduction. 2de uitg. Londen: Sage Publications.

Berg, B.L. 2007. Qualitative research methods for the social sciences. 6de uitg. Boston: Pearson Education.

Berg, B.L. 2009. Qualitative research methods for the social sciences. 7de uitg. Boston: Allyn & Bacon Publishers.

Berry, L., Jamieson, L. & James, M. 2011. Children's Act guide for early childhood development practitioners. Kaapstad: Children's Institute.

Blaikie, N. 2010. Designing social research. 2de uitg. Cambridge: Polity Press.

Bless, C., Higson-Smith, C. & Kagee, A. 2006. Fundamentals of social research methods. 4de uitgawe. Kaapstad: Juta & Co Bpk.

Boezaart, T. 2009. Child law in South Africa. Claremont: Juta Uitgewers.

Bosman-Sadie, H. & Corrie, L. 2010. A practical approach to the Children's act. Pietermaritzburg: Interpak Boeke.

Botha, M. 2000. Supervisie en konsultasie in maatskaplike werk. Bloemfontein: Druforma.

Bothma, Y., Greeff, M., Mulaudzi, F., M. & Wright, S.C.D. 2010. Research in health science. Kaapstad: Pearson Education South Africa (Edms) Bpk.

Brink, H., Van der Walt, C. & Van Rensburg, G. 2012. Fundamentals of research methodology for health care professions. 3de uitg. Kaapstad: Juta & Company Bpk.

Bronfenbrenner, U. 1979. The ecology of human development: Experiments by nature and design. Cambridge: Harvard University Press.

Bronfenbrenner, U. 2007. The ecology of problems. (In McWhiter, J. 2007. *At risk Youth: A Comprehensive response for counsellors, teachers, psychologists and human services professionals.* 4de uitgawe. Belmont: Thomson, Brooks & Cole Publishers, 17.)

Bronwell, P. 2008. Handbook for theory, research and practice in Gestalt therapy. New Castle: Cambridge Scholars Publishers.

Budlender, D & Proudlock, P. 2011. Funding the children's act: Assessing the adequacy of the 2011/2012 budgets of the provincial department of social development. Children's Institute: Universiteit Kaapstad.

Budlender, D., Proudlock, P. & Giese, S. 2011. Funding of services required by the Children's act. Children's institute: Universiteit Kaapstad.

Bui, Y. 2009. How to write a master's thesis. California: Sage Publications.

Butler, I. & Roberts, G. 1997. Social work with children and families: Getting into practice. Londen: Jessica Kingsley Publishers.

Cargan, L. 2007. Doing social research. Maryland: Rowman & Littlefield Publishers Inc.

Chahal, C.M. & Coleman, S. 2003. Safeguarding children and young people. Londen: Routledge Publishing.

Chambliss, D. & Schutt, R. 2010. Making sense of the social world: Methods of social investigation. 3de uitg. California: Sage Publications.

Clarkson, P. 1989. Gestalt counselling in action. Londen: Sage Publishers.

Cleaver, H., Nicholson, D., Tarr, S. & Cleaver, D. 2007. Child protection, domestic violence and parental substance misuse: Family experiences and effective practice. Londen: Jessica Kingsley Publishers.

Corbin, J. & Strauss, A. 2008. Basics of qualitative research. 3de uitg. Londen: Sage Publications.

Creswell, J.W. 2003. Research design: Qualitative, quantitative and mixed methods approaches. 2de uitg. California: Sage Publishers.

Creswell, J.W. 2007. Qualitative inquiry and research design: choosing among five approaches. Londen: Sage Publishers.

Creswell, J.W. 2009. Research design: Qualitative, quantitative and mixed methods approaches. 3de uitg. Londen: Sage Publications Inc.

Crosson-Tower, C. 1999. Understanding child abuse and neglect. Amerika: Allyn & Bacon Publishers.

Dale, P., Green, R. & Fellows, R. 2005. Child protection assessment following serious injuries to infants: Fine judgements. Chichester: John Wiley & Sons.

David, M. & Sutton, C. 2011. Social research: An introduction. 2de uitg. Londen: Sage Publications.

Davies, L. 2008. Proactive child protection and social work. Kent: Learning Matters Publishers.

Dawes, A. 2009. The South African children's act. Journal of child & adolescent mental health. Suid-Afrika: NISC publischers.

Dawes, A., Bray, R. & Van der Merwe, A. 2007. Monitoring child well-being: A South African rights-based approach. Suid-Afrika: HSRC Uitgewers.

D'Cruz, H. & Jones, M. 2004. Social work research: Ethical and political contexts. Londen: Sage Publications.

Delport, C., Fouché, C. & Schurink, W. 2011. Theory and literature in qualitative research. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots: For the social sciences and human services professionals. 4de uitg. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 297-306).

Denscombe, M. 2012. Research proposals: A practical guide. Berkshire: Open University Press.

De Villiers, A. 2008. The role of the social worker in the reunification of foster children with their biological parents. Suid-Afrika: Universiteit Stellenbosch.

Dominelli, L. 2009. Introducing social work. Cambridge: Polity Press.

Downs, S., Moore, E., McFadden, E., Michaud, S. & Costin, L. 2004. Child welfare and family services: Policies and practice. 7de uitg. Boston: Pearson Education.

Du Preez, J. 2012. Solidariteit helpende hand vier internasionale maatskaplike werkdag op 20 Maart: Waarskuwing oor uitdagings in nie-regeringsorganisasiesektor. Solidariteit Helpende Hand.

Durrheim, K. 2002. Research design. (*In* Terreblanche, M. & Durrheim, K., *eds.* Research in practice. 2de uitg. Kaapstad: University of Cape Town Press (Edms) Bpk. p. 29-53).

Durrheim, K. & Wassenaar, D. 2002. Putting design into practice: writing and evaluating research proposals. (*In* Terreblanche, M. & Durrheim, K., *eds.*

Research in practice. 2de uitg. Kaapstad: University of Cape Town Press (Edms) Bpk. p. 54-71).

Dutschke, M. 2007. Developmental social welfare policies and children's right to social services. Suid-Afrika: South African Child Gauge.

Earl, N. 2008. Social work in social change: The profession and education of social workers in South Africa. Kaapstad: HSCR Uitgewers.

Ferguson, H. 2011. Child protection practice. Groot-Brittanje: Palgrave Macmillian.

Flick, U. 2009. An introduction to Qualitative research. 4de uitg. Londen: Sage Publications.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. Writing the research proposal. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professionals*. 4de uitgawe Pretoria: Van Schaik Publishers, 101-112).

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Formal formulations. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L., *eds*. Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professionals. 4de uitg. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 89-99).

Gorsini, R.J. & Wedding, D. 2005. Current psychotherapies. New York: Thomson, Brooks & Cole.

Gray, M. 1996. Towards an understanding of developmental social work. *Social work Practice*, 1(96):9-13.

Gray, M. 1997. A pragmatic approach to social development (Deel 1). *Social work/Maatskaplike werk*, 33(2):210-222.

Gray, M. 1998. Developmental social work in South Africa. Kaapstad: David Philip Uitgewers.

Gray, M. 2002. Developmental social work: A strengths praxis for social development. *Social Development Issues*, 24(1), 4-14.

Greeff, M. 2011. Information collection: Interviewing. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots: For the social sciences and human services professionals. 4de uitg. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 341-375).

Healy, K. 2005. Social work theories in context: Creating frameworks for practice. New York: Palgrave-Macmillan Publishers.

Henning, E. 2004. Finding your way in qualitative research. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Hill, A. 2010. Working in statutory contexts: Skills in contemporary social work. Cambridge: Polity Press.

Howe, D. 2008. The emotionally intelligent social worker. Londen: Palgrave Macmillan.

Human Research Council. 2008. Social work in social change. Suid-Afrika: HSRC Uitgewers.

Humphreys, C. & Stanley, N. 2006. Domestic violence and child protection: Directions for good practice. Londen: Jessica Kingsley Publishers.

Joyce, P. & Sills, C. 2001. Skills in gestalt counselling and psychotherapy. Londen: Sage Publishers.

Joyce, P. & Sills, C. 2010. Skills in gestalt counselling and psychotherapy. Londen: Sage Publishers.

Kemshall, H. & Wilkinson, B. 2011. Good practice on assessing risk: Current knowledge, issues and approaches. Londen: Jessica Kingsley Publishers.

Kleijn, W.C. 2004. A developmental approach to statutory social work services. Suid-Afrika: Universiteit Pretoria.

Knott, C. & Scragg, T. 2007. Reflective practice in social work. Exeter: Learning Matters Ltd.

Koprowska, J. 2008. Communication and interpersonal skills in social work. 2de uitg. Exeter: Learning Matters Publishers

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2005. Practical research: Planning and design. Boston: Pearson Educational International.

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2010. Practical research: Planning and design. 9de uitg. Boston: Pearson Educational International.

Loffell, J. 2007. Monitoring the situation of children in statutory care. (*In* Dawes, A., Bray, R. & Van der Merwe. 2007. Monitoring child well-being: A South African rights-based approach. Suid Afrika: HSRC Press, 293-327).

Ludwig, C. 2009. 'n Ondersoek na opleidingsgeleenthede vir spesialisasie in forensiese maatskaplike werk. Suid-Afrika: Noord-Wes universiteit.

Luther, J. 2009. HAT Afrikaanse Skoolwoordeboek. Pinelands: Pearson Education South Africa.

Mackewn, J. 1997. Developing gestalt counselling. Londen: Sage Publishers.

Maree, K. 2007. First steps in research. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Maree, K. & Van der Westhuizen, C. 2009. Head start in designing research proposals in the social sciences. Kaapstad: Juta and Company Ltd.

Marlow, C. 2010. Research for generalist social work. 5de uitg. Belmont: Brooks & Cole Publishers.

Marlow, C. & Boone, S. 2011. Research for generalist social work. Belmont: Brooks & Cole Publishers.

Mattaini, M., Lowery, C. & Meyer, C. 2002. Foundations of social work: A graduate text. 3de uitg. Washington: NASW Press.

McWhiter, J. 2007. At risk Youth: A Comprehensive response for counsellors, teachers, psychologists and human services professionals. 4de uitgawe. Belmont: Thomson, Brooks & Cole Publishers

Merriam, S. 2009. Qualitative research: A guide to design and implementation. San Francisco: Wiley & Sons.

Midgley, J. 1995. Social Development: The developmental perspective in social welfare. Londen: Sage Publishers.

Midgley, J. & Conley, A. 2010. Social work and social development: Theories and skills for developmental social work. Amerika: Oxford University Press.

Miley, K.; O'Melia, M. & Du Bois, B. 2001. Generalist social work practice: An empowering approach. Boston: Allyn & Bacon Publishers.

Miley, K.; O'Melia, M. & Du Bois, B. 2007. Generalist social work practice: An empowering approach. Boston: Pearson Education.

Miller, R. & Brewer, J. 2003. The A-Z of social research. Londen: Sage Publications.

Milner, J. & O'Byrne, 2010. Assessment in social work. Great Britain: Palgrave & Macmillan.

Mouton, J. 2001. How to succeed in your master's and doctoral studies: A South African guide and resource book. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Myers, J. 2011. The APSAC handbook on child maltreatment. 3de uitg. Washington: Sage Publications.

Munro, E. 2002. Effective child protection. Londen: Sage Publications.

Neuman, W. 2003. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. 5de uitg. Boston: Pearson Education.

New Dictionary of Social Work. 1995. Pretoria: Terminologie Komitee vir Maatskaplike Werk.

Newhill, C. 2003. Client violence in social work practice: Prevention, intervention and research. New York: The Guilford Press.

Niewenhuis, J. 2007. Analysing qualitative data. (*In* Maree, K., *ed.* Research. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 47-66).

Parlett, M. 1991. Contemporary gestalt therapy: Field theory. (*In* Woldt, A. & Toman, S., *eds.* Gestalt therapy: History, theory and practice. California: Sage Publishers. p. 41-63).

Patel, L. 2003. Social development in a society in transition. Washington: Centre for Social Development, Washington University.

Patton, M. 2002. Qualitative data analysis and interpretation. 3de uitg. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professionals. 4de uitg. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 397-423).

Payne, M. 2005. Modern social work theory. Londen: Macmillan Press.

Pitney, W. & Parker, J. 2009. Qualitative research in physical activity and the health professions. Champaign: Human Kinetics Publishers.

Proudlock, P. & Budlender, D. 2011. Implementing the Children's Act: Analysis of human resource capacity and constraints. Kaapstad: Children's Institute.

Proudlock, P. & Jamieson, L. 2007. The Children's Act: Providing a strong legislative foundation for a developmental approach to child care and protection. Suid-Afrika: South African Child Gauge.

Punch, K. 2005. Introduction to social research: Quantitative and Qualitative approaches. 2de uitgawe. Londen: Sage Publications.

Richter, L., Dawes, A. & Higson-Smith, C. 2004. Sexual abuse of young children in South Africa. Kaapstad: HSRC Uitgewers.

Robine, J.M. 2008. From field to situation. *International Gestalt Journal*, 31(1):115-144.

Royse, D. 2008. Research methods in social work. 5de uitg. California: Thomson, Brooks & Cole.

Schurink, W., Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L.,

eds. Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professionals. 4de uitg. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 397-423).

Segal, E., Gerdes, K. & Steiner, S. 2007. An introduction to the profession of social work: Becoming a change agent. Kanada: Thomson, Brooks & Cole Publishers.

Seidman, I. 2006. Interviewing as qualitative research: A guide for researchers in education and social sciences. 3de uitg. New York: Teachers College Press.

Sharf, R. 2004. Theories of psychotherapy and counselling: Concepts and cases. Londen: Thomson, Brooks & Cole Publishers.

Sheafor, B. & Horejsi, C. 2010. Techniques and guidelines for social work practice. 8ste uitg. Boston: Pearson Publishers.

Smedley, B. 2007. The child protection handbook: The practitioner's guide to safeguarding children. China: Baillière & Tindall Publishers.

Smith, E. 1997. The growing edge of gestalt therapy. New York: The Gestalt Journal Press.

South African Council for Social Service Professions. 1998. The Social Service Professions Act, no. 110 of 1978, soos gewysig. Pretoria: SACSSP.

Stevenson, O. 1998. Neglected children: Issues and dilemmas. Oxford: Blackwell Publishers.

Streak, J. & Poggenpoel, S. 2005. Towards social welfare services for all vulnerable children in South Africa: A review of policy development, budgeting and service delivery. Pretoria: Institute for Democracy in South Africa.

Strydom, H. 2011. Sampling in the quantitative paradigm. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professionals.* 4de uitgawe Pretoria: Van Schaik Publishers, 222-247).

Strydom, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human services professions. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport,

C.S.L., *eds.* Research at Grass Roots: For the social sciences and human services professionals. 4de uitg. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 113-130).

Suid-Afrika. Department of Social Development. 1997. White Paper for Social Welfare Goverment Gazette.

Suid-Afrika. 1978. Wet op maatskaplike en geassosieerde werkers 110 van 1978.

Suid-Afrika. 1996. Grondwet 108 van 1996.

Suid Afrika. 1999. Financing policy for Developmental Social Services. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. 2005. Kinderwet 38 van 2005.

Talley, P. 2005. Handbook for the treatment of abuse and neglected children. New York: The Haworth Press.

Terre Blanche, M. & Durrheim, K. 2002. Research in practice. 2de uitg. Kaapstad: University of Cape Town Press (Edms) Bpk.

Thompson, N. 2009. Understanding social work. 3de uitg. Hampshire: Palgrave Macmillian.

Trotter, C. 2004. Helping abused children and their families. London: Sage Publications.

Yanca, S. & Johnson, L. 2009. Generalist social work practice with groups. Boston: Pearson, Allyn & Bacon.

Yegidis, B.L. & Weinbach, R.W. 2009. Research methods for social workers. 6de uitg. Amerika: Pearson.

Yin, K. 2011. Qualitative research from start to finish. New York: The Guilford Press.

Yontef, G. M. 1993. Awareness, dialogue and process. New York: The gestalt journal press.

Unwin, P. & Hogg, R. 2012. Effective social work with children and families: A skills handbook. Londen: Sage Publications.

Van der Zalm, C. 2008. Protecting the innocent: Children's Act 38 of 2005 and customary law in South Africa – conflicts, consequences and possible solutions. Vol. 22: Emory International Law Review.

Van Wyk, C. 2011. Beroepstres en streshantering by maatskaplike werkers wat betrokke is by intervensie met seksueel misbruikte kinders. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. (PhD-proefskrif).

Vogt, W. 2007. *Quantitative research methods for professionals.* Pearson, Allyn & Bacon Publishers.

Waters, J.G. 1992. The supervision of child protection work. Aldershot: Ashgate Publishing.

Whittaker, A. 2009. Research skills for social work. Exter: Learning Matters.

Woldt, A. & Toman, S. Gestalt therapy: History, theory and practice. California: Sage Publishers.

Zastrow, C. 2005. Introduction to social work and social welfare: empowering people. 9de uitg. USA: Thomson, Brooks & Cole.

Zastrow, C. 2013. *Introduction to social work and social welfare: empowering people.* 11uitgawe. USA: Thomson, Brooks & Cole.

LYS VAN BYLAES:

Bylae A: Voorbeeld van inwilliging om deel te neem aan navorsing

INWILLIGING OM DEEL TE NEEM AAN NAVORSING

'n Ondersoek na die invloed van die belewenisse van maatskaplike werkers op die implementering van die statutêre verwyderingsproses.

U word gevra om deel te neem aan 'n navorsingstudie wat gelei word deur my, Elzanne Basson, van die Instituut vir Kinder- Jeug en Familiestudies aan die Noord-Wes Universiteit. U is as moontlike deelnemer aan die studie gekies omdat u as maatskaplike werker direk betrokke is by die statutêre verwydering van kinders uit die sorg van hul biologiese ouers.

1. DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die navorsingstudie is om maatskaplike werkers se belewenis van die statutêre verwyderingsproses te eksploreer en te beskryf ten einde te bepaal tot watter mate hierdie belewenis die implementering van die statutêre verwyderingsproses kan beïnvloed.

2. PROSEDURES

Indien u inwillig om aan die studie deel te neem, vra ons dat u die volgende moet doen:

- Deelneem aan 'n eenmalige ongestruktureerde onderhoud. Die onderhoud sal ongeveer 30 minute duur en sal plaasvind by die organisasie waar u werksaam is.

3. MOONTLIKE RISIKO'S EN ONGEMAKLIKHEID

Geen risiko's word voorsien nie.

4. MOONTLIKE VOORDELE VIR PROEFPERSONE EN/OF VIR DIE SAMELEWING

Die navorser wil deur hierdie navorsingstudie 'n bydra maak tot die veld van statutêre maatskaplike werk in Suid Afrika. Deur die bestudering van die maatskaplike werker se belewenisse van die statutêre verwyderingsproses en die wyse waarop dit moontlik die implementering van hierdie proses kan beïnvloed, kan waardevolle inligting ingesamel word om die moontlike invloed wat hulle belewenis van die proses, inhou vir die beskerming van die kind wat deur hierdie proses beskerm moet word.

5. VERGOEDING VIR DEELNAME

Deelnemers sal geen geldelike of ander vergoeding vir deelname aan die navorsingstudie ontvang nie

6. VERTROULIKHEID

Enige inligting wat deur middel van die navorsing verkry word en wat met u in verband gebring kan word, sal vertroulik bly en slegs met u toestemming bekend gemaak word of soos deur die wet vereis. Vertroulikheid sal gehandhaaf word deur middel van anonimiteit. Data sal elektronies en in 'n liaserings kabinet bewaar word. Die navorser en haar studie leier sal toegang tot die data hê.

Data wat op digitale band geneem word sal veilig bewaar word. Die navorser sal toegang tot hierdie bande hê en sal hierdie bande vernietig na 'n periode van 5 jaar.

Gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie sal gepubliseer word in die vorm van 'n tesis. Vertroulikheid gaan in hierdie tesis gehandhaaf word deur anonimiteit en geen persoonlike besonderhede van deelnemers aan die studie sal gepubliseer word nie.

7. DEELNAME EN ONTTREKKING

U kan self besluit of u aan die studie wil deelneem of nie. Indien u inwillig om aan die studie deel te neem, kan u te eniger tyd u daaraan onttrek sonder enige nadelige gevolge. U kan ook weier om op bepaalde vrae te antwoord, maar steeds aan die studie deelneem. Die ondersoeker kan u aan die studie onttrek indien omstandighede dit noodsaaklik maak.

8. IDENTIFIKASIE VAN ONDERSOEKERS

Indien u enige vrae of besorgdheid omtrent die navorsing het, staan dit u vry om in verbinding te tree met die navorser se studieleier, Mev. Avanant by die Instituut Kinder-; Jeug en Familiestudies.

9. REGTE VAN PROEFPERSONE

U kan te eniger tyd u inwilliging terugtrek en u deelname beëindig, sonder enige nadelige gevolge vir u. Deur deel te neem aan die navorsing doen u geensins afstand van enige wetlike regte, eise of regsmiddel nie.

Bylae B: Voorbeeld vam verklaring van deelnemer of regsverteenwoordiger

VERKLARING VAN DEELNEMER OF REGSVERTEENWOORDIGER

Die bostaande inligting is aan my, _____, gegee en verduidelik deur Me. Elzanne Basson in *Afrikaans/Engels* en ek is dié taal magtig of dit is bevredigend vir my vertaal. *Ek* _____ is die geleentheid gebied om vrae te stel en my vrae is bevrediging beantwoord.

Ek willig hiermee vrywillig in om deel te neem aan die studie. 'n Afskrif van hierdie vorm is aan my gegee.

_____

Naam van deelnemer

_____

Naam van regsverteenwoordiger (indien van toepassing)

_____

Handtekening van deelnemer of regsverteenwoordiger

_____

Datum:_____

Bylae C: Voorbeeld van verklaring deur onafhanklike kodeerder

VERKLARING DEUR ONAFHANKLIKE KODEERDER

Ek, _____, verklaar dat ek

- Toegang tot transkripsies van die data wat ingesamel is deur hierdie studie gehad het;
- Ek het nie toegang gehad tot enige inligting wat my in staat stel om deelnemers te kan identifiseer nie; en
- Ek sal gehoor gee aan die ooreenkoms rakende die vertroulikheid van ingesamelde data.

Geteken by _____op_____ 20_____

(plek) (datum)

_____

Handtekening van onafhanklike kodeerder

_____

Handtekening van getuie